

Pretoriana



05 (68)
P '60/3

Jeesuitgawe = **J**estival **E**dition

1860—1910—1960

PRYS : 2/6 : PRICE




INHOUD — CONTENTS

- Dr. G. W. Eybers: „Ons Vier!” — “We Rejoice!”
- Dr. J. C. Otto, Burgemeester: ’n Leemte in die geskiedskrywer se benadering van ons geskiedenis.
- Dr. J. C. Otto, Mayor: A defect in the historian’s approach to our history.
- Dr. W. Punt: Woord van waardering aan dr. Spies.
- Mr. J. D. Bodel: How Pretoria became Seat of Government of the South African Republic in 1860 and Administrative Capital of the Union of South Africa in 1910.
- Mnr. H. M. Rex: Die stigting van Pretoria en die voorsiening van gewone en godsdiensonderwys tot 1 November 1859.
- Dr. J. Ploeger: Pretoria’s first Government School.
- Prof. dr. W. J. de Kock: When the wild cat was hunted on Church Square.
- Dr. J. J. N. Cloete: Die munisipale bestuursreëlings van Pretoria voor 1877.
- Mnr. S. G. Roos: Die aandeel van William Skinner in die ontwikkeling van Pretoria.
- Mrs. R. E. Kuiper: Charles John Beanes.
- Mr. C. J. Beanes: Church Square.
- Mnr. J. P. Engelbrecht: Burgerspark.
- Mnr. H. M. Rex: John Hunter McLea—Pretoria se eerste „Direkteur van Parke”.
- Mnr. S. J. („Oom Fanie”) Bezuidenhout: „Meester” Wessel Louis se Skool in Pretoria.
- Mnr. Steph. J. Schoeman: Die Staatsbiblioteek, 1883–1900.
- Mnr. F. C. Calitz: Die „Staatsmodelskool” is ’n sieraad van die 19de Eeuse Argitektuur.
- Die „Staatsmodelskool” as Historiese Gedenkwaardigheid geproklameer.
- Mnr. C. H. B. Naude: Die „Staatsmodelskool”.
- Mr. A. M. Davey: Sir Winston Churchill and Pretoria: Sixty Years Ago.
- Dr. J. Ploeger: Die glasblasery op Eerste Fabrieken.
- Dr. F. J. du T. Spies: Uit die briewe van Arnold Theiler, V.
- Mnr. P. J. („Oom Piet”) Nell: ’n Historiese skildery in die Ou Museum.
- Mnr. J. C. D. Lamprecht: Voortrekkerhoogte — ’n Geskiedkundige Oorsig.
- Dr. F. J. du T. Spies: Pretoria se Eerste Uniedag.
- Prof. A. L. Meiring: Die Uniegebou.
- Mnr. W. J. Erasmus: Die Pretoriase Stadsaal.
- Prof. dr. W. J. de Kock: Bekende Helde-akker van Suid-Afrika.
- Prof. dr. T. H. le Roux: ’n Voorstel vir die uitleg van ’n Wandelterrein in Pretoria.
- Mnr. Franz J. Wepener: ’n Wandelterrein vir die Stad Pretoria.
- Mr. A. M. Davey: John or Jahn Street in Muckleneuk?
- Gelukwensings/Congratulations.
- ’n Woord van dank.



Op hierdie terrein (geboue op die voorgrond) het die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut op Onderstepoort begin. Die terrein word vandag ingesluit deur Border- en Von Wiellighstraat en die spoorlyn tussen Gholfen Bantulehaltes. Die Pretoriase Mark sal binnekort na hierdie terrein verskuif word. Vanaf 1896 was hier ’n ontsmettingstasie vir beesvelle (tydens die Runderpes), wat in 1898 ingerig is as ’n laboratorium vir dr. Theiler, die Staatsveearts van die Z.A.R. Sy imposante woonhuis en boomryke tuin kan op die suidwestelike hoek van Border- en Von Wiellighstraat gesien word. Die huis is onlangs gesloop.



„*Ons Vier!*” — “*We Rejoice!*”

DIT is ’n mooi tradisie van ons blad om met die volk van Suid-Afrika saam te leef en iedere belevens wat die bevolking aangryp, in sy bladsye te vermeld en te huldig.

Ons vier tans die vyftigjarige bestaan van die Unie van Suid-Afrika en die honderdjarige bestaan van ons stad as regeringsetel van die Zuid-Afrikaansche Republiek en latere administratiewe hoofstad van die Unie.

Ons kom soms na Pretoria van die oop veld en die rante. Ons stap waarnemend en nadenkend deur die strate. Ons kyk op na die geboue. En ons slaan ons hande saam oor alles wat hier versit is in ’n 100 jaar. Ons gaan sit stil op ’n bank op Kerkplein en probeer onthou wat ons stad vir Transvaal en vir Suid-Afrika alles beteken het. Ons word ’n bietjie duiselig en daarom praat ons nie veel nie. Maar ons besluit dat ons Pretoria liefhet en graag meer wil doen om sy inwoners te dien.

* * *

For we rejoice at the desire of our elders to join hands across the

Orange, the Vaal, and the Drakensberg which led to the Act of Union in 1910. We know that the desire of the nation to stand closely together has grown stronger and stronger since Union in spite of our different points of view and in spite of efforts from outside to divide us — perhaps largely *because of* those efforts. And it is in this cause of unity and friendship cemented by a common tradition, common ideals and a common devotion to duty that our Association Old Pretoria offers this special edition of “Pretoriana” to all Pretorians and to our fellow South Africans in general.

After 50 years we gird our loins for further achievement and for better service, always remembering that the future is rooted in the past and and is growing from it day by day.

G. W. EYBERS,
*Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria/
Chairman, Association Old Pretoria.*

Die Burgemeester van Pretoria Beklemtoon 'n Leemte in die Geskiedskrywer se Benadering van Ons Geskiedenis

GRAAG wil ek die Genootskap Oud-Pretoria gelukwens met sy voorname om 'n spesiale uitgawe van „Pretoriana” te wy aan die herdenking van die honderdjarige bestaan van Pretoria as setelplaas van die Regering.

Dit is 'n gepaste geleentheid om die tydperk sedert 1 Mei 1860 toe die Republikeinse Regering sy kantore van Potchefstroom na Pretoria verplaas het, in oënskou te neem.

Die uitgawe bevat dan ook 'n aantal artikels met besonderhede oor verskeie gebeurtenisse in die onderhawige tydperk.

Hierdie en ander dergelike pogings om belangstelling in ons geskiedenis aan te wakker moet allesins verwelkom word. Tog bestaan daar vir my nog altyd 'n leemte in die geskiedskrywer se benadering tot ons geskiedenis. Daar is byvoorbeeld 'n hele aantal tesisse, sommige waarvan uitstekend is, oor verskeie fasette van Pretoria se wordingsjare en die tydperk wat daarop gevolg het. Ek is egter onbewus van enige publikasie wat 'n samevattende beeld van die geskiedenis van die stad en sy inwoners gee. Met enkele uitsonderings word daar ook getrag om die aangename aspekte van die lewe te skets terwyl die skadukante of verdoesels of geheelenal verswyg word.

Dit wil my voorkom asof ons beide as stadsinwoners en Suid-Afrikaners nog nie volwasse genoeg is om die verlede nugter te betrag nie sodat ons met inagneming van alle aspekte daarvan die grootste nut vir



DR. J. C. OTTO.
Burgemeester van Pretoria/Mayor of Pretoria.

die toekoms daaruit kan trek. Graag skaar ek my by diegene wat vir 'n realistiese benadering van die verlede pleit ten einde te verhoed dat ons met 'n selfvoldane meerderwaardigheidskompleks ons bors uitstoot en ons oë sluit vir hedendaagse ontwikkelings wat in baie opsigte 'n natuurlike uitvloeiing van die verlede is. As ons ons verlede in die regte perspektief sien, kan ons oneindig baie daaruit leer. Die regte toepassing van sulke kennis sou op baie gebiede 'n herhaling van die foute voorkom wat ons voorvaders gemaak het.

J. C. OTTO, Burgemeester van Pretoria.

The Mayor of Pretoria Stresses a Defect in the Historian's Approach to Our History

I WISH to congratulate the Society Old-Pretoria on its intention to devote a special issue of "Pretoriana" to the commemoration of the centenary of Pretoria as seat of the Government.

It is a suitable occasion on which to review the period since the 1st May, 1860, when the Republican Government transferred its offices from Potchefstroom to Pretoria.

The publication contains a number of articles giving particulars of various events during the said period.

This and other similar efforts to stimulate interest in our history must be welcomed in every respect. To me there has, however, always been a defect in the historian's approach to our history. For example, we have quite a number of theses, some of which are excellent, on various aspects of Pretoria's early years and the period following thereon. I am, however, not aware of any publication giving a comprehensive picture of the history of the city and its citizens. With a few exceptions the pleasant aspects of life are sketched, while the darker sides are either glossed over or completely suppressed.


It would appear to me that we as citizens and South Africans are not yet mature enough to consider the past soberly in order that we can derive the most advantage therefrom, taking all aspects into consideration. I wish to side with those who plead for a realistic approach to the past in order to prevent us from developing a smug superiority complex and closing our eyes to present developments which are in many respects a natural result of the past. If we see our past in the right perspective, we can learn a tremendous lot from it. The right application of such knowledge would in many spheres prevent a repetition of the mistakes our forefathers made.

J. C. OTTO, *Mayor of Pretoria.*

Woord van Waardering aan Dr. Spies

DIÉ Genootskap Oud-Pretoria is in 1948 gestig. Mnr. H. P. H. Behrens was die eerste sekretaris en nadat hy bedank het, is hy deur dr. Spies opgevolg wat tot verlede jaar as sekretaris van ons Genootskap gedien het.

Hy het dus 'n skof van ruimskoots 10 jaar as sekretaris agter die rug. Gedurende die termyn het hy hom gekenmerk deur sy kalme optrede,



DR. F. J. DU T. SPIES.

*Vir ruim 10 jaar het dr. Spies met groot nougesetheit en deeglikheid as
Sekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria gedien.*

deeglikheid en betroubaarheid in alle sake wat die Genootskap geraak het. Dit was vir die bestuur en lede altoos aangenaam om na sy besonder volledige notule-aantekeninge te luister. Ongetwyfeld sal hierdie notule in die loop van jare 'n bron vir die geskiedenis van die Genootskap asook ons stad Pretoria word. Diegene van ons wat met hom saamgewerk het, het sy besondere verdienste as sekretaris baie hoog waardeer. Sy artikels in ons blad het steeds groot belangstelling geniet.

Ons Genootskap wil hom dan ook besonder bedank vir die aantal jare wat hy so getrou as Ere-sekretaris van ons Genootskap gedien het. Ons wens hom alle sukses en voorspoed toe en vertrou dat ons hom nog dikwels by die vergaderings van die Genootskap Oud-Pretoria sal sien.

By hierdie geleentheid wil ons ook graag mevrou Spies bedank dat sy haar man by die sosiale funksies van ons Genootskap so getrou bygestaan het. Ons het haar bydrae baie waardeer.

W. PUNT.

How Pretoria Became Seat of Government of the South African Republic in 1860 and Administrative Capital of the Union of South Africa in 1910

PRETORIA has already celebrated its centenary as a city; this year it completes its centenary as administrative centre of, first, the South African Republic, then the Transvaal Colony and now the Union of South Africa. It did not become the centre of administration as a matter of prescriptive right but rather as a result of conditions prevailing in the South African Republic in the middle of the 19th century, and as a result of the bulldog determination of the Pretorians of the 1850's to make their town capital, unlikely though it appeared at that stage.

From 1849 onwards the Volksraad was rather unevenly balanced. Lydenburg, with one-eighth of the population, had a majority of representatives. There was no fixed capital, the Volksraad meeting at Lydenburg, Potchefstroom, Rustenburg and on a number of well-known farms, though Lydenburg was considered by its inhabitants as the capital. In 1851 the Volksraad received a petition requesting a capital in the middle of the country.

In June 1852 the government farm Bronkhorstfontein, near Bapsfontein on the road to Delmas, was reserved for a new town.

In 1853 the Volksraad, meeting at Rustenburg, deputed Commandant-General M. W. Pretorius to view certain farms in the vicinity of Bronkhorstfontein and decide whether they were suited to a town site. Portions of those two farms had then already passed into private ownership, a portion of Elandspoort into that of Andries van der Walt and a portion of Daspoort into that of Joggem Prinsloo. Pretorius bought portions of Elandspoort and Daspoort and at the same time also acquired the adjacent farm Nooitgedacht. These purchases were made by Pretorius out of his own pocket. When he brought the matter of the founding of a town before the Volksraad meeting at Lydenburg, the Lydenburgers unanimously turned it down. Two petitions dated the 29th August and 1st September requesting a capital "in het midden van onze bevolking" and which would have affected the privileged position of Lydenburg, had they been adopted, were just as promptly rejected by the Volksraad. In November 1853 another attempt by Pretorius to raise the project in the Volksraad, then in session at Potchefstroom, shared the same fate. Pretoria, it will be remembered, did not yet exist.

On the 7th of June 1854 the Rev. Dirk van der Hoff appeared at a "Algemene Kerkvergadering" to support petitions requesting that a

separate church community be founded on the farms Pretorius had bought. To this the Volksraad consented, two Lydenburgers only opposing, and so the "Elandspoort Kerkplaas" came into being as an organised and recognised parish of the Dutch Reformed Church.

More petitions requesting the establishment of a centrally situated seat of government, of which there were destined to be a good many, were received in the beginning of 1855. They requested that the Volksraad should meet yearly "op het middenpunt van het Republiek". To this the Volksraad replied temporisingly that a final answer would be given at the next session.

By now political conditions in the Republic had deteriorated, and a "Kommissieraad" was appointed to draw up "een ontwerp van wetten" as a result of an agreement between Stephanus Schoeman and M. W. Pretorius. The draft was to be ready by November, which it was. Article 18 of the draft constitution provided for a central seat of government. It has always been representatives of Lydenburg who had thwarted any attempt to found a new centrally situated town. During the November session of the Volksraad the Lydenburgers were absent, having seceded from the South African Republic in 1854.

Pretorius seized his opportunity. For the fourth time he attempted to induce the Volksraad to found a new town on the farms which he had bought. This time Pretorius succeeded and the new town was named "Pretoria" in honour of Commandant-General Andries Pretorius.

During March 1856 political conditions in the South African Republic deteriorated rapidly, and in April the two Commandants-General Stephanus Schoeman and M. W. Pretorius, met at Potchefstroom to review the situation. They recommended a new constitution replacing the 33 Articles then in force, and convened an assembly of the Kommissieraad on the 26th May 1856 "at the new town Pretoria" to review this draft constitution. The Raad duly met in Hendrik Vermeulen's house which stood on the erf where the South African Reserve Bank Building now stands. The "Algemene Besluiten en Bepalingen" of the constitution presented before this Raad provided that Pretoria would be the seat of government. While Lydenburg had seceded in 1854 Elandspoort and (in 1856) Pretoria was no longer centrally situated and therefore the whole Pretoria-for-capital scheme was thrown into the melting-pot. It was therefore not surprising that the "Gecommitteerde Raad" meeting on the 16th December 1856 declared Potchefstroom to be and to remain "unalterably" ("onverbrekbaar") the capital of the South African Republic. It went on to stipulate that until a national bank could be founded the exchequer was to be kept in the President's house under the supervision of the members of the Executive Council. As the members of the Executive Council were Potchefstroomers, M. W. Pretorius, the Acting President and his Secretary for State, J. H. Visagie, was forced to leave Pretorius' residence at Kalkheuvel near Pretoria and move to Potchef-

stroom. This arrangement and circumstance was later nearly to end Pretoria's chances for good.

At this time Pretoria was an unimpressive little village. Its first Landdrost, Andries Francois du Toit, appointed in 1857, described it as being "in de woesteny". Potchefstroom had many more buildings than Pretoria, thus strengthening for practical reasons its claim to be capital of the South African Republic. This state of affairs Landdrost du Toit set out to remedy as soon as he was appointed. He immediately commenced trying to provide Pretoria with buildings and amenities in order to rival Potchefstroom. In the political field he opened the campaign with a "memorie" dated the 23rd June 1857 and signed by 244 persons protesting against the article stipulating Potchefstroom for capital. It recommended that Pretoria be capital for its central position; this was required by justice as well as by the impartial citizens, for the Republic was an "inlandsche staat". This petition could not have carried much weight, for the new constitution published in the "Staats Courant" of the 16th October 1857 stipulated that Potchefstroom was to be the capital.

Matters now took a favourable turn for Pretoria. A serious rift had opened between Pretorius and Schoeman, and a Committee Raad met at Rustenburg to draw up a new constitution and reconcile the two leaders. Inter alia, it appointed an Executive Council not consisting exclusively of Potchefstroemers, thus improving Pretoria's chances vis-à-vis Potchefstroom.

Meanwhile Du Toit was again engaged in sending memorials to the Volksraad. A petition dated the 6th February 1858 once more protested against Potchefstroom as capital, since it was situated so far away on the extreme boundary of the state, and an inland state to boot. Pretoria, the petition reminded, had been founded in honour and memory of Andries Pretorius and Pretoria was centrally situated "zynde de naaste middenpunt van onze staat". In the beginning of 1858 the Republic of Lydenburg began to seek a rapprochement. Under pressure of various factors the Volksraad changed its mind and stipulated in Article 17 of the Constitution that "Potchefstroom, gelegen aan de Mooirivier, zal de Hoofplaats der Republiek en Pretoria de Zetel van het Gouvernement zyn." At that stage the West-Transvalers started sending in counter-memorials in favour of Potchefstroom. As Acting-Commandant D. C. Bezuidenhout put it to Pretorius: "Hou Potchefstroom aan de achterbeen vast en laat niet los dezelfde terwyl het is onze Hoofstad". And there the matter rested for the year 1858 as far as the Volksraad was concerned.

In May 1858 a commission met to reconsider the constitution. On the same day the Landdrost of Pretoria and five members of the Volksraad met in die Landdrost's Office and decided that in terms of Article 34 of the constitution they had the right to call a meeting of the Volksraad in Pretoria "zynde deze plaats de Zetel van het Gouvernement". In the notice subsequently issued, this point was stressed. As a quorum failed

to put in an appearance, the proposed session never took place. Undaunted by this failure to gain Pretoria its due, Du Toit took to addressing his correspondence for the period 17th May to 9th July from the "Gouvernements Zetel, Pretoria" and the "Zetelplaats". This move did not pass unobserved by the government officials at Potchefstroom. Wrote the Landdrost of Potchefstroom to the Government Secretary: ". . . verder hoe vindt U het adres op de brieven No. 1 en 2, ik voor my, weet niet wat daarvan te maken, geloof my dat ik aan het dwalen ben, ik geloof dat er op Pretoria Baskeliskies uitgebroeid worden". This remark notwithstanding, the Volksraad met in Pretoria in September 1858, the first full Volksraad session ever held there.

Towards the end of the 1850's Lydenburg was anxious to rejoin the South African Republic and the Republic for its part was attempting to attract Lydenburg back into the fold. Negotiations with Lydenburg for reunion were therefore undertaken, and the Lydenburgers made it a condition that the seat of government should be situated at Pretoria. These negotiations were concluded on the 23rd November 1859 and an agreement was signed the following day. In Article 14 Pretoria was stipulated as seat of government and a "vereenigde Volksraad" was to be held at Pretoria in April 1860.

On the 4th April 1860 this was ratified. On the 3rd the Acting President, J. H. Grobler, had been directed to make arrangements for the erection of a "Lands-kantoor" at Pretoria. On the 9th the Volksraad instructed him to move the seat of government to Pretoria within two months. The following notice appeared in the Staats Courant of 30th April 1860: "De Zetel van het Gouvernement zal van 1 Mei 1860, te Pretoria gevestigd zyn en dus alle geschriften als anderzints aan den Hoog Ed. Fung. President gerigt van den 1 sten Mei aanstaande te Pretoria moeten bezorgd worden". May the first is consequently the anniversary of Pretoria as administrative capital. Pretoria, it seemed, had fought the good fight and won.

There were to be rough waters ahead, however. On the 1st May 1860 there were no offices in Pretoria, with the exception of M. W. Pretorius' house which was being used as such since 1857. The Executive Council had put the responsibility for their erection on the Landdrost; he, on his side, had left the onus to the Executive Council. The house had therefore to serve as an assembly for the Executive Council, the Volksraad, the Council of War (Krygsraad), the Supreme Court, and the Court of Landdrost and Heemraden. It was on the 8th November 1860 that a contract was signed with Frederik Botes for the delivery of 100 loads of stone for the foundations of the Government Building. In 1864 a contract was concluded with William Skinner and L. E. Devereux, and in 1866 the main part of the Government Building was built. This part of the building included the "Volksraadzaal" and it faced Church Square. The rest of the Government Building, facing Market Street, was erected

a few years later. During 1863 the Government Printing Works had been moved to Pretoria, and in September 1863 the Executive Council decided to move the General Post Office to Pretoria.

Yet Pretoria's status was still in jeopardy. M. W. Pretorius had been forced by the Volksraad's decision concerning the exchequer to move to Potchefstroom, and there he had settled towards the end of 1856. At the time of the change of the seat of government in 1860 he was no longer President of the South African Republic, but in 1864 he was re-elected. But Pretorius still continued to reside in Potchefstroom, having built for himself a fine residence there. In 1869 he was re-elected once more. This was too much for Pretorius, who was not a rich man, and he protested: living in Potchefstroom as he did, he could no longer make ends meet; he proposed that the seat of government be therefore shifted to Potchefstroom. The proposal was taken to the Volksraad and put to the vote; deadlock ensued, and, had the casting vote of the Chairman of the Volksraad not been for Pretoria, the seat of government would have reverted to Potchefstroom. The vote was cast in favour of Pretoria, however, and the battle was now temporarily won, no matter how narrow the margin. Pretoria remained the "Zetel" (seat of government) and Potchefstroom the "Hoofdplaats" (capital) for forty years, until the Anglo-Boer War in fact.

Then a fresh claimant arrived on the scene: Johannesburg. Leading "Uitlanders" had been included in the Witwatersrand Military Administration, and three of them, W. F. Monypenny, E. Evans and W. Wybergh, respectively Director of Civil Supplies, Civil Commissioner and Commissioner of Mines, began a campaign to make Johannesburg capital. Pretoria, wrote Wybergh to Lord Roberts, had a "tradition of intrigue and corruption", it had a "tainted atmosphere" and a "parasitical population", it was an Afrikaner stronghold, and, with a guerilla war dragging on, Johannesburg would be easier to defend should a Boer uprising occur later. Roberts was sufficiently impressed to discuss the matter with a banker, Leigh Wood. Wood, however, favoured the status quo, for in his opinion Pretoria was well situated, there was ground available and the government had its assets there, and, as a quid to Wybergh's quo, he mentioned Johannesburg's "low grade of society". Surprisingly enough, Abe Bailey supported his stand, because the transition in régime would take place more smoothly if Pretoria remained the centre of administration; two million pounds' worth of public buildings would be needed in Johannesburg; Pretoria had a better water supply and was healthy and tranquil.

As the newspapers had been suppressed during the war there was no public outcry, but Pretorians got to hear of Monypenny's intentions. H. W. Struben on their behalf contacted sir George Fiddes, Milner's lieutenant and Imperial Secretary. Fiddes came out strongly against any change. Milner, to whom the 'Uitlanders' appealed, reserved judgment,

considering the agitation premature. As it happened Milner had already been given *carte blanche* in the matter of a future capital by Joseph Chamberlain, but the High Commissioner was, to quote his own words to Roberts, "rather against Johannesburg". So he fell back on the time-honoured method of procrastination, and in the meanwhile opinion began to turn against the "uitlanders".

Milner then proceeded to reside in Johannesburg. This was hardly calculated to reassure Pretorians and they presented Milner with a memorial in 1901, to which he replied that the time was hardly ripe for a decision.

Not until 1902 did Pretoria's status cease to be in the balance. In that year a Lieutenant-Governor, Sir Arthur Lawley, was appointed, and Lawley took up residence in Pretoria, thereby making it the future capital of the Transvaal. For the first time Pretoria was the official and unrestricted capital.

During the National Convention of 1908-'09 a major obstacle to Union was encountered. Both the Cape and the Transvaal were determined that their particular colony would house the capital. Both put up strong cases: Cape Town was regarded as the Mother City, it had all the machinery of administration, it was a beautiful city, it was well away from the "corruptive influences" of the Rand(!), cost of living there was less, and it had always been Cecil Rhodes' dream that Cape Town would be capital of a Union of South Africa; on the other hand, the Transvaal was the only colony in a thriving financial state and would therefore have to do the most of the paying. Furthermore, the Transvaal delegates would be disowned if they allowed the capital to go to Cape Town. It all boiled down to the fact that neither the Cape nor the Transvaal would join if the other's capital was to become the Union capital. Bloemfontein now entered the running. It had a good central position. But, more important than that, the Orange Free State held the balance of votes. The Cape could muster twelve, the Transvaal, supported by Natal, thirteen. Talks seesawed and recriminations flew back and forth. On the 8th December 1908 General Botha moved that the matter be dealt with immediately. Once more a fight between the Cape and Transvaal delegates developed. Resort was had to that traditional stand-by of perplexed conventions: a committee to go into the matter. At the end of a week the committee, consisting of Lord de Villiers and Messrs. Sauer, Hyslop, Botha and Hertzog, could only report that the matter had best be shelved. By the 18th January 1909 the only understanding reached was that agreement seemed out of the question. The advantages of such centres as Fourteen Streams, Kroonstad, Mafeking, Queenstown, Parys and Potchefstroom being mentioned, Parys being rather ahead of the others in popularity. It was obvious that the discussion was getting nowhere. There was, however, the precedent of Pretoria's shared status in the old Republic to point the way to a compromise. On this basis Cape Town would have

Parliament and Pretoria the administration, or vice versa. It was not ideal, but half a capital was better than no Union, and as the Transvaal delegates did not object to Cape Town's having Parliament and the Cape delegates to Pretoria's receiving the administration, the matter was thus settled on the 30th January 1909, H. C. Hull's attempt to establish the capital on the Vaal River being treated as light relief.

So Pretoria became the Administrative Capital once again and Administrative Capital it has remained for fifty years despite Cape Town's frequent though unavailing attempts to dislodge it.

J. D. BODEL.

DIE STIGTING VAN PRETORIA EN DIE VOORSIENING VAN GEWONE EN GODSDIENSONDERWYS TOT 1 NOVEMBER 1859

NET soos in die geval van Rustenburg, en later in die geval van Nylstroom en ander Transvaalse dorpe, is Pretoria in 1854 as 'n kerkplaas van die Nederduitsch Hervormde Kerk aangelê, nadat kommandant-generaal M. W. Pretorius vir die derde keer, in November 1853, hewige teenstand ondervind het in sy pogings om die Volksraad te oorreed om toestemming te verleen dat 'n nuwe dorp gestig kon word op gedeeltes van die sentraal-geleë plase Elandsport, Daspoort en Nooitgedacht, wat hy juis vir die doel in 1853 aangekoop het.

Die stigting van 'n aparte gemeente met die plaas Elandsport as middelpunt daarvan, het 'n beslissende rol gespeel om die koms van 'n dorp in hierdie omgewing te verhaas. Tydens die derde Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat op die 5de Junie 1854, twee dae voor die gelyktydige sitting van die Volksraad, op Rustenburg 'n aanvang geneem het, is daar 'n aantal memories van die veldkornetskappe van J. J. Fourie (die omgewing ten ooste van die huidige dorp Brits), J. G. Meyer (Suikerboschrand), J. D. van Aswegen (die omgewing van Hartebeespoorddam), A. P. van der Walt (Elandsport), J. H. Botha (Doornkloof — die huidige Irene) en J. J. Kotze (Brits-omgewing) indien, waarin gevra is vir die stigting van 'n kerklike gemeente op die plase van Van der Walt en Prinsloo (Daspoort en Elandsport).

Met algemene stemme het die Algemene Kerkvergadering besluit om 'n nuwe gemeente te stig, wat die bg. veldkornetskappe sou insluit en met die plaas Elandsport as die kerklike middelpunt. Dit is opmerklik, dat

sels die stigting van 'n gemeente op Elandspoort, waar die lidmate-tal intussen baie toegeneem het, sterk teenkanting ondervind het.

Op 8 Junie 1854, onmiddellik nadat bg. besluit in antwoord op die memories geneem is, het die Kerkraad aan die Volksraad kennis gegee „om een afzonderlijke gemeente stichten op de aangekochte plaats Elandspoort.” Met die teenstemme van twee Lydenburgers het die Volksraad die stigting van 'n aparte gemeente goedgekeur.

Die oprigting van 'n kerkgebou op Elandspoort sou inderdaad die aanvang en stigting van 'n dorp aldaar wees, want hier het ook gebeur soos J. Stuart dit so treffend stel: „het eerste gebouw dat de Hollandsche Afrikanen bij het aanleggen hunner steden of dorpen daarstellen, is de Kerk. Daaraan werkt een ieder en brengt het zijne toe, even instinctmatig en onvermoeid als de bijen hunne korf van het noodige voorzien.” Eers daarna, „als de noodzakelijkheid het vordert”, word aan die bou van 'n raadhuis gedink. Hy wys verder ook daarop dat as gepraat word dat die land verdeel is in soveel distrikte, eintlik bedoel word dat daar soveel kerkgeboue is.

Godsdiensonderwys in die omgewing van die nuwe dorp, voor en na sy stigting.

DIE eerste intrekkers in die omgewing van die teenswoordige stad was die familie Bronkhorst, vermoedelik in 1842, maar dit is ook bekend dat die Erasmus-familie hulle reeds teen die einde van die 1830-er jare, of so nie, dan vroeg in die 1840-er jare, op die plaas Doornkloof (naby die huidige Irene) gevestig het.

Die gesin van J. G. S. Bronkhorst het in 1845 na Ohrigstad verhuis, maar na die dood van die vader het die moeder en haar dogter Maria, getroud met Minaar, weer teruggetrek na Elandspoort en hulle weer gevestig in die onmiddellike omgewing van die huidige Mainstraat-busterminus (naby Normaalkollege). In die loop van 1848, na die slag van Boomplaas, het die Fourie-trek uit Natal en die Vrystaat hier aangekom, en sodoende het die inwoners van hierdie geweste opeens aansienlik vermeerder. Dit is uit hierdie groep nuwe intrekkers, en ook die wat daarna ingetrek het, dat die Kerkplaas Elandspoort gevorm is. Die enkele boereplaas het dus in 1854 uitgegroeï tot 'n Kerkplaas, waar ds. Van der Hoff vanaf 1854 af en toe konsulentsdienste gehou, kinders gedoop en die Heilige Awendmaal bedien het. Volgens 'n mededeling van Maria Minnaar (gebore Bronkhorst) aan dr. Gustav Preller is hierdie dienste van ds. Van der Hoff meesal onder boksele gehou, maar ook onder die skaduryke bome as die weer mooi was. „Oral vandaan uit die omgewing het die mense dan in waens hierheen gekom en hulle tente onder die doringbome opgeslaan” vertel Maria Minnaar.

Ons mag aanneem dat ds. Van der Hoff met sulke kerklike besoeke aandag aan die jongmense bestee het en dat hulle godsdienstige opvoeding tydens sulke geleenthede verruim en verinnig is. Die jongmense is, soos

die gewoonte destyds was, lank en deeglik gekatkiseer voordat hulle toegelaat is om belydenis van die geloof af te lê. Die katkisasietyd was 'n gulde geleentheid waar die jongmense in die geleentheid gestel is om hulle kennis van die inhoud van die Bybel, van die geloofsartikels en van al die geloofswaarhede, sowel as van gewyde sang, te verruim. Voordat hulle hulself vir die aanneming aangemeld het, is hulle tuis en deur hulle ouderlinge afgerig en onderrig vir die uiters belangrike gebeurtenis in hulle lewe. Dit is in hierdie verband dat die ouerhuis, in daardie jare toe daar nog nie enige voorsiening vir skole gemaak kon word nie, so'n belangrike rol gespeel het om die kinders tuis 'n elementêre onderrig te gee in lees en skrywe, waardeur hulle in staat gestel is om hulle voor te berei vir die aflegging van die geloofsbelydenis. Op dié wyse is die godsdiensonderwys deur die huis en kerk bevorder en kon daar later op daardie fundamente voortgebou word.

Oor die hele Transvaal was daar teen 1853 verskillende kerkplase waar besoekende predikante uit die Kaap en uit Bloemfontein vanaf 1848 kerkdienste gehou het. Tydens die besoeke van di. Faure en Robertson, daarna van ds. A. Murray, die eerste twee kere alleen, en daarna, die derde keer saam met ds. John Murray, en met die vierde geleentheid saam met ds. J. H. Neethling, het hulle nie kerkdienste op Elandspoor gehou nie, maar wel op betreklik nabygeleë kerkplase soos Het Bad (Warmbad), Hekpoort, Magaliesberg (Rustenburg), Buffelsfontein (die plaas van Paul Kruger se vader) en op Doornkloof, die plaas van D. E. Erasmus, 'n paar myl ten suide van Elandspoor. Na hierdie verskillende byeenkomste waarna reikhalsend uitgesien is, het die kerkgangers gereis om hulle kinders te laat doop, die jongmense te laat aanneem as lidmate van die kerk, en om van die genademiddels gebruik te maak.

In verband met die kerklike en godsdiensstige opvoeding van die jongmense in die omgewing van Elandspoor voor 1854, is dit belangrik om die aandag te vestig op die bestaan van die Kerkplaas Doornkloof. Voor die totstandkoming van die Kerkplaas Elandspoor was die Kerkplaas op die plaas van D. Erasmus, die naaste vir die inwoners van Elandspoor en omgewing en was dit blykbaar die kerklike middelpunt vir 'n aantal jare.

Tot tyd en wyl skole in Pretoria self en in die omgewing, voorsien kon word, het die kerk en die huis voortgegaan om aan die jongmense die nodige godsdiensonderwys of godsdiensstige opvoeding te verskaf. Met die inwyding van Pretoria se eerste kerkgebou in Februarie 1857, het 'n groot menigte mense op die kerkplein versamel om dié heuglike gebeurtenis mee te maak. Daar was ongeveer twee honderde ossewaens en ook talle mense te perd. Ds. van der Hoff het aan pres. Pretorius o.a. as volg geskrywe: „Het kerkgebou was te klein. Een partij zat boven op de balken. Er zijn 114 kinderen gedoopt en 70 aangenomen; ruim dertig meldden zich ter voorstelling aan, die vroeger waren aangenomen, zodat over de honderd lidmaten zijn voorgesteld; de collecte bedroeg ruim £12.”

Hy meld o.a. ook dat daar gedurende Mei weer 'n kerklike byeenkoms op Pretoria sou plaasvind. Van toe af is die Gemeente van Pretoria gereeld deur ds. Van der Hoff as Konsulent bearbei totdat ds. Begeman in 1861 Pretoria se eerste vaste predikant geword het, nadat intussen tevergeefse pogings aangewend is om 'n ander predikant in ds. Van der Hoff se plek te beroep.

Pogings om in die onderwysbehoefes van Pretoria te voorsien.

ANDRIES DU TOIT, wat in 1857 die eerste landdros van Pretoria geword het, en vanaf 1857 die nuwe dorp op 'n wetenskaplike wyse heropgemeet en daarvan 'n tweede kaart gemaak het, het hom vanaf sy koms na Pretoria, aan die begin van 1857, besonder beywer vir die voorsiening van onderwys aan die jeug van Pretoria.

Voor sy koms was daar vir 'n tydlank deur J. H. M. Struben skoolgehou in 'n buitekamer op die nabygeleë plasie, Prinshof, wat aan J. J. P. Prinsloo, een van die oorspronklike eienaars van Daspoort, behoort het. Hierdie huis was geleë ten ooste van die huidige Nasionale Dieretuin. Toe die buitekamer van Prinsloo gedurende Oktober, 1856, nie meer beskikbaar was nie, en die kerkgebou op daardie tydstip nog nie ver genoeg voltooi was om daarin skool te hou nie, het Struben — in werklikheid die eerste onderwyser van die eerste privaat-skool van Pretoria — met ouderling J. F. Schutte raadgehou, waarop (volgens 'n brief van Struben aan kommandant-generaal Pretorius) „Zijn Ed. op zich nam om ons in de endkamer van uw huis alhier school te doen houden, tot tijd en wijle dat de Kerk ver genoeg voltooid is.”

Hieruit blyk dit duidelik dat dit die plan was om mettertyd die kerkgebou vir 'n skool te gebruik. In die loop van die tyd het dit werklik gebeur dat die dorpskool vir geruime tyd in die kerkgebou voortgesit is. Dit toon ons dus die noue verband wat daar in daardie jare tussen kerk en skool bestaan het.

Struben se skool kon dus toe vanaf 25 Oktober 1856 in 'n ander tydelike lokaal voortgesit word. Hierdie tweede skoolgebou van Pretoria was gehuisves in een van die vertrekke van kommandant-generaal Pretorius se woonhuis wat kort van te vore vir hom voltooi is en wat bedoel was as die woonhuis van die Kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hierdie huis was geleë op die perseel van die huidige Paleis van Justitie, op die hoek van Paul Krugerstraat (destyds Markstraat) en die Kerkplein.

As gevolg van die swak ondersteuning het Struben sy skool aan die begin van 1857 gesluit. Gedurende Februarie 1857 het die pas-aangekome A. F. du Toit, wat aanvanklik vir predikant wou studeer, op pres. Pretorius 'n beroep gedoen dat hy moes hulp verleen tot die stigting van 'n skool.

Daarna het Du Toit, voor en na sy aanvaarding van die landdrosskap van Pretoria, aanhoudend probeer om 'n skool vir Pretoria tot stand te

bring, en ook voorsiening te maak vir onderwysers. „Want”, het hy gepleit, „de jeugd lijdt droevig schade aan opvoeding voor God nooit te verantwoorden.” Daarna het hy weer geskrywe: „de arme jeugd groeit voort in diepe onkunde.” Intussen het die regering belowe om hulle bes te doen om ’n onderwyser vir Pretoria te kry, maar was ongelukkig onsuksesvol en gedurende April 1858 klae landdros du Toit dat „van kerk en school weten wij hier niets meer en alles wordt woest gelaten.”

Ten einde raad het landdros Du Toit op een stadium vir ’n tydlank self vir ’n aantal kinders, waaronder sy eie, skoolgehou. Pretoria het egter tot die einde van 1859 sonder ’n skool klaargekom. Eers gedurende Oktober 1859 is H. Stiemens as goewermentsonderwyser vir Pretoria aangestel.

Nadat Stiemens as goewermentsonderwyser vir Pretoria aangestel is, het die ernstige probleem van ’n geskikte skoollokaal opgeduik. Op ’n byeenkoms van die inwoners van Pretoria, wat op 25 Oktober 1859 deur veldkornet Andries van der Walt byeengeroep is, om ’n voorstel van landdros Du Toit te bespreek, nl. of daar in die kerkgebou skoolgehou sou word, is die voorstel eenparig afgekeur en verder „werd verzocht om een bijdrage om een School te bouwen, ook eenparig afgeslagen.” Op daardie stadium was die lidmate van die gemeente blykbaar nie bereid — vir een of ander onbekende rede — om die kerkgebou as skool te laat gebruik nie.

As gevolg van die weiering van die gemeentedele om die kerkgebou vir skoolgebruik af te staan en om hydraes te gee vir die bou van ’n skool, het landdros Du Toit onmiddellik ’n ander plan beraam en hy het — op daardie tydstip was hy ernstig ongesteld — „zoover aangesukkeld dat wij morgen de school met 26 kinderen zullen doen beginnen in het oude huisje van oude Zagarias Pretorius”. Om hulle voorlopig uit die moeilike situasie te verlos, het hy die huisie haastig laat regmaak. Waarskynlik het hierdie tydelike skoolhuisie op daardie stadium aan Wessel Schutte behoort en was dit geleë op ’n perseel wat vandag beslaan word deur die oostelike gedeelte van die Nasionale Dieretuin (reg noord van die Museum).

Op die gedenkwaardige dag van 1 November 1859 het die eerste Goewermentskool op Pretoria, in die hartbeeshuis van Zagarias Pretorius, onder leiding van H. Stiemens ’n aanvang geneem en het landdros Du Toit, aan die einde van sy loopbaan as landdros die bekroning van sy jarelange volgehoue pogings om ’n skool vir Pretoria te verkry, aanskou. Van toe af kon die onderwys in Pretoria tot sy reg kom.

H. M. REX.

(In 1955 geskrywe op versoek van dr. J. H. Bekker as deel van sy artikel vir: ’n Eeu van Onderwys in Pretoria, 1855–1955, Onderwyskollege, Pretoria, 1955.)

N.S.: Dit is vermeldenswaardig dat Nettie du Toit, wat so’n belangrike aandeel gehad het in die totstandkoming van die ontwerp van die wapen vir die Pretoriaanse Normaalkollege, ’n kleindogter was van landdros Andries du Toit.

Pretoria's First Government School

PRETORIA was first given organised schooling with the appointment by the South African Republic on October 12, 1859, of Mr. Hendrik Stiemens, a Hollander, as the first teacher on the Republican payroll.

Mr. Stiemens, however, was not the first teacher in Pretoria. Shortly after Pretoria was founded his countryman, J. H. M. Struben, held classes in an outbuilding of the home of Mr. J. J. P. Prinsloo and later in the home of President M. W. Pretorius. But Struben went broke and had to give up work. He earned only 40 riskdaalers a year.

Mr. Stiemens who was at that time teaching in Natal was promised better reward and earned about £80 a year plus fees paid by the children he taught. His first schoolroom where he started teaching on November 1, 1859, was a rude shack belonging to Mr. Zacharias Pretorius. Twenty-six pupils sat on that first day at tables and benches provided by Landdros A. F. du Toit who had pressed for the appointment of a permanent teacher for Pretoria.

Stiemens desired a proper school building and enlisted the aid of Landdros Du Toit who spurred the citizens of Pretoria to bake bricks and gather other materials for the important building.

The first school in Pretoria was built on ground now covered by that portion of the Palace of Justice which stands on the corner where Palace Street joins Church Square.

This ground, along with other land round Church Square belonged to President Pretorius and in January 1860 he sold the ground for the school to the Republic. The school was then built by Devereux & Skinner where, at that time, a small church, a landdros-office, two shops and three houses formed the nucleus of the small town.

Stiemens who came to work each day from the farm on which he lived on the edge of the town later moved closer to his work and went to live in a house where the German Club now stands in Paul Kruger Street. There was consequently less wear and tear on his shoes which he repaired himself!

He was a busy man. Soon he had sixty pupils to whom he taught reading and writing and it was then decided by the President that they should be taught sums and geography as well. But not only did Stiemens have to teach, he was also brought watches to mend and Bibles to bind. And as the nearest church ministers were at Potchefstroom and Rusten-



Die pyltjie wys na die „Gouvernements Schoolgebou”, wat in 1860 opgerig is en waarin Stiemens skoolgehou het. In die sestiger jare het dit ook as goewermentsgebou gedien en later het dit ook vir ’n tydlang die Staatsbiblioteek gehuisves. Die gebou regs was een van die eerste huise wat aan Kerkplein opgerig is; in 1856 gebou as kommandantgeneraals-woning vir komdt.-genl. M. W. Pretorius; vanaf Oktober 1856 was Struben se privaatskool hierin gevestig; vanaf 1857 tot 1862 landdroskantoor en goewermentsgebou en daarna pastorie vir ds. Begeman en na hom vir ds. Bosman; regeringskantore en die Staatsgymnasium vir ’n tydlang in die negentiger jare daarin gehuisves. In 1896 is die Paleis van Justisie op hierdie twee erwe opgerig.

burg, he was required of a Sunday to prepare and preach sermons in the little church.

This worthy and respected citizen soon landed up in the stocks, however, when he fell from favour for slinging himself with the wrong side when civil war broke out. What must his pupils have thought? And then he suffered the further indignity of being imprisoned for a time in his own school building.

A trial resulted in him being deported. He was taken by oxwagon to the middle of the Vaal River — border between the Transvaal and the Orange Free State — and to get out and swim to the Free State.

After some hard times in the Free State he pitched up again in Pretoria when things had blown over somewhat and started teaching again in 1864. In that year he organised the first school examinations ever written in Pretoria and gave prizes to deserving pupils.

Shortly afterwards it was decided by some parents to open an English school and Stiemens lost pupils. The English teacher, a Mr. Jackson, was put on the Republican payroll and the two teachers used the same classroom.

In 1870 Stiemens became State Secretary and in later years was Acting Director of Education for the South African Republic.

J. PLOEGER.

(By courtesy of "The Pretoria News", 31/10/1959.)

IN OLD PRETORIA.

An old manuscript discovered during re-arrangement of papers in the municipal offices contains the recollection of Gert du Toit, son of the first landdrost of Pretoria. This article outlines the colourful career, as revealed by the manuscript, of the man who remembered

WHEN THE WILD CAT WAS HUNTED ON CHURCH SQUARE

WHERE the Governor-General's Residence now stands, there was a clump of trees just before you enter the little poort. The dogs chased the leopard into the tree and then we shot it dead” The narrator is Gert du Toit, who, as a lad, a century ago, followed his father, Pretoria's first landdrost, with metal pegs and chain to measure the first erven of the newly-established town.

About the year 1934, Gert J. W. du Toit's manuscript containing his reminiscences of an eventful life came into the possession of the Pretoria City Council.

Sometime after 1918 this man who had become member of the Transvaal Parliament and of the first Union Parliament for Middelburg, filled a hard-covered book of 60 foolscap pages with his sprawling, but

and Carl Preller had eight sons and three daughters. His shop was at the corner of Church Square and Church Street (on the eastern side).

THE ORIGIN OF STREET NAMES.

COMING to the origin of street names, Gert du Toit gives the accepted version in most cases, but strangely enough writes down Zent Andries Str. for Andries Street and maintains that it is called after Andries du Toit and Andries van der Walt, adding rather naively: "saint means holy"! When queried, he admitted that it could be just Andries Street — and that it was named after his father.

MEASURING OF THE ERVEN.

THE story of the actual first survey of Pretoria has often been told. But here are Du Toit's own recollections of the measuring of the erven, written in the third person: "Gert Johan Wilhelm du Toit, being a child, helped with the surveying of the town. (There was) always a Kaffir with flags and a crow-bar with him.

"Then (his) old father signalled with a white flag: left, right, straight down, and the Kaffir struck a hole with the crow-bar, fixing the flag-pole. The chain (had) long links each of one foot: 50 feet "Dutch" and 51 English; and a tape measure of 100 ft. Everywhere on the corners of the erven an iron spike 1 in. thick and 9 in. in length was driven in.

"The spikes were made by Dolf Jansen; it took about a year to measure the old town of Pretoria before it was all finished."

AS A SCHOOLBOY IN PRETORIA.

AND in this hamlet on the Apies River Gert was a schoolboy, one of A old Stiemens' flock of 70 to 80 boys, whose pastime was hunting where Pretoria's tallest buildings now arise. They killed a wildcat where the Raadsaal stands, he says, "just opposite the Grand Hotel."

There were cat-thorn trees there — a blikblaar-wag-'n-bietjie and a kaffer-wag-'n-bietjie, and high ground all around. So they surrounded the bush and stoned the wild cat to death.

On Saturdays the schoolchildren made for Quaggaspoort — to hunt quagga and bles-buck. Sometimes a leopard was encountered like the one killed in a tree in the neighbourhood of our Colbyn, and when Gert himself shot a quagga near the present Rissik Station he was only twelve, he proudly states.

Before he had grown to manhood, he was once more on the wagon-trail with his father, bartering with the tribes of the Rooiberg . . .

W. J. DE KOCK.

(By courtesy of *The Pretoria News*, August 21, 1956.)

DIE MUNISIPALE BESTUURSREËLINGS VAN PRETORIA VOOR 1877

1. INLEIDING.

DIE munisipale regerings — en administratiewe reëlings van 'n besondere dorp of stad is op enige gegewe tydstip tot op groot hoogte die produk van die stadium van ontwikkeling waarin daardie verstedelike gebied op daardie tydstip verkeer. Daar is dan ook gevind dat die bestuursreëlings vir enige nuwe dorp hoofsaaklik empiries ontstaan en ontwikkel om aan te pas by die steeds veranderende omstandighede waarin die gemeenskapslewe van daardie dorpsgebied van tyd tot tyd verkeer.

Wanneer die voorgenoemde stellings op Pretoria vir die tydperk voor 1877 toegepas word, moet daar benewens die heersende plaaslike omstandighede, ook aandag bestee word aan die toestande wat gedurende daardie tydperk in die algemeen in Transvaal geheers het. In hierdie verband kan slegs daarna verwys word dat die sentrale regering van die jong republiek eers in die sestiger jare so 'n mate van bestendigheid bereik het dat aan munisipale bestuursreëlings oorweging geskenk sou kon word indien die noodsaaklikheid daarvoor bestaan het. In die tydperk waarin die dorpstigting plaasgevind het en vir 'n geruime tydperk daarna, was die Pretorianers dus hoofsaaklik aan hulleself oorgelaat om vir die munisipale aangeleenthede te sorg.

Miskien is dit wenslik om hier ook te beklemtoon dat wette en regulasies uitgereik word en tot owerheidsoptrede in die reël oorgegaan word eers nadat in die praktyk duidelike behoeftes ontstaan het. Om 'n realistiese begrip van die munisipale bestuurs — en administratiewe reëlings van 'n gemeenskap te verkry, kan daar dus nie slegs op 'n vertolking van statutêre voorskrifte vertrou word nie. Daardie voorskrifte verkry wesenlike betekenis en kan na waarde geskat word slegs indien hulle oorweeg word na aanleiding van die omstandighede waaruit hulle ontstaan het en waarop hulle betrekking het. Om die vroegste plaaslike bestuursreëlings van Pretoria na behore te begryp moet daar dus deurgaans gelet word op die toestand waarin die gemeenskapslewe destyds verkeer het.

2. PRIVATE DORPSGEBIED.

NADAT M. W. Pretorius die twee plase Elandspoort en Daspoort in 1853 van Prinsloo en Van der Walt vir die aanleg van 'n sentrale hoofstad vir Transvaal aangekoop het, moes hy tot 16 November 1855 vir amptelike goedkeuring van die dorpstigting wag. Pretorius moes egter redelik seker van sy saak gewees het, want hy het, niteenstaande die

and Carl Preller had eight sons and three daughters. His shop was at the corner of Church Square and Church Street (on the eastern side).

THE ORIGIN OF STREET NAMES.

COMING to the origin of street names, Gert du Toit gives the accepted version in most cases, but strangely enough writes down Zent Andries Str. for Andries Street and maintains that it is called after Andries du Toit and Andries van der Walt, adding rather naively: "saint means holy"! When queried, he admitted that it could be just Andries Street — and that it was named after his father.

MEASURING OF THE ERVEN.

THE story of the actual first survey of Pretoria has often been told. But here are Du Toit's own recollections of the measuring of the erven, written in the third person: "Gert Johan Wilhelm du Toit, being a child, helped with the surveying of the town. (There was) always a Kaffir with flags and a crow-bar with him.

"Then (his) old father signalled with a white flag: left, right, straight down, and the Kaffir struck a hole with the crow-bar, fixing the flag-pole. The chain (had) long links each of one foot: 50 feet "Dutch" and 51 English; and a tape measure of 100 ft. Everywhere on the corners of the erven an iron spike 1 in. thick and 9 in. in length was driven in.

"The spikes were made by Dolf Jansen; it took about a year to measure the old town of Pretoria before it was all finished."

AS A SCHOOLBOY IN PRETORIA.

AND in this hamlet on the Apies River Gert was a schoolboy, one of old Stiemens' flock of 70 to 80 boys, whose pastime was hunting where Pretoria's tallest buildings now arise. They killed a wildcat where the Raadsaal stands, he says, "just opposite the Grand Hotel."

There were cat-thorn trees there — a blikblaar-wag-'n-bietjie and a kaffer-wag-'n-bietjie, and high ground all around. So they surrounded the bush and stoned the wild cat to death.

On Saturdays the schooldchildren made for Quaggaspoort — to hunt quagga and bies-buck. Sometimes a leopard was encountered like the one killed in a tree in the neighbourhood of our Colbyn, and when Gert himself shot a quagga near the present Rissik Station he was only twelve, he proudly states.

Before he had grown to manhood, he was once more on the wagon-trail with his father, bartering with the tribes of the Rooiberg . . .

W. J. DE KOCK.

(By courtesy of *The Pretoria News*, August 21, 1956.)

DIE MUNISIPALE BESTUURSREËLINGS VAN PRETORIA VOOR 1877

1. INLEIDING.

DIE munisipale regerings — en administratiewe reëlings van 'n besondere dorp of stad is op enige gegewe tydstip tot op groot hoogte die produk van die stadium van ontwikkeling waarin daardie verstedelike gebied op daardie tydstip verkeer. Daar is dan ook gevind dat die bestuursreëlings vir enige nuwe dorp hoofsaaklik empiries ontstaan en ontwikkel om aan te pas by die steeds veranderende omstandighede waarin die gemeenskapslewe van daardie dorpsgebied van tyd tot tyd verkeer.

Wanneer die voorgenoemde stellings op Pretoria vir die tydperk voor 1877 toegepas word, moet daar benewens die heersende plaaslike omstandighede, ook aandag bestee word aan die toestande wat gedurende daardie tydperk in die algemeen in Transvaal geheers het. In hierdie verband kan slegs daarna verwys word dat die sentrale regering van die jong republiek eers in die sestiger jare so 'n mate van bestendigheid bereik het dat aan munisipale bestuursreëlings oorweging geskenk sou kon word indien die noodsaaklikheid daarvoor bestaan het. In die tydperk waarin die dorpstigting plaasgevind het en vir 'n geruime tydperk daarna, was die Pretorianers dus hoofsaaklik aan hulleself oorgelaat om vir die munisipale aangeleenthede te sorg.

Miskien is dit wenslik om hier ook te beklemtoon dat wette en regulasies uitgereik word en tot owerheidsoptrede in die reël oorgegaan word eers nadat in die praktyk duidelike behoeftes ontstaan het. Om 'n realistiese begrip van die munisipale bestuurs — en administratiewe reëlings van 'n gemeenskap te verkry, kan daar dus nie slegs op 'n vertolking van statutêre voorskrifte vertrou word nie. Daardie voorskrifte verkry wesenlike betekenis en kan na waarde geskat word slegs indien hulle oorweeg word na aanleiding van die omstandighede waaruit hulle ontstaan het en waarop hulle betrekking het. Om die vroegste plaaslike bestuursreëlings van Pretoria na behore te begryp moet daar dus deurgaans gelet word op die toestand waarin die gemeenskapslewe destyds verkeer het.

2. PRIVATE DORPSGEBIED.

NADAT M. W. Pretorius die twee plase Elandspoort en Daspoort in 1853 van Prinsloo en Van der Walt vir die aanleg van 'n sentrale hoofstad vir Transvaal aangekoop het, moes hy tot 16 November 1855 vir amptelike goedkeuring van die dorpstigting wag. Pretorius moes egter redelik seker van sy saak gewees het, want hy het, nieteenstaande die

verwerping van sy voorstelle deur die Volksraad, met die aanleg van die dorp op die genoemde twee plase voortgegaan. Hy het dan ook in die begin van 1853 reeds met Louis Devereux en sy broer oor die opmeting van die dorp ooreengekom. 'n Dorpsplan is na die opmeting in die huis van Pretorius op sy plaas Kalkheuvel opgestel.¹⁾

Dit is nie bekend of hierdie eerste kaart van Pretoria nog bestaan nie — dit kon in elk geval tot dusver nie opgespoor word nie. Daar is dus weinig oor hierdie eerste opmeting bekend. Blykbaar is 'n kerk- en markplein wel uitgemeet op die plek wat deur M. W. Pretorius self aangewys is, maar dit is nie bekend in watter mate erwe en strate ook uitgemeet of aangewys is nie. Etlke gesinne het hulle egter in die voorgestelde dorpsgebied gevestig voordat A. F. du Toit in 1857 met sy opmeting van die dorpsgebied 'n aanvang gemaak het. Daar moes vóór daardie jaar dus duidelikheid oor woonpersele en strate bestaan het.

Van belang vir die doeleindes van hierdie bespreking is die feit dat daar in 1853 dus 'n private dorpsgebied op die plase Elandspoor en Daspoort aangelê is. Soos dit dan ook vandag nog die geval is, moes M. W. Pretorius, as die eienaar van die betrokke grond, toe vir die verskaffing van die noodsaaklike gemeenskapsdienste sorg. Omdat die aantal bewoners van die grond aanvanklik maar gering en die klimaat van die omgewing besonder gunstig was, was die behoeftes aan sodanige dienste egter baie beperk. Die mense was ook nog gewoon aan 'n landelike lewenswyse waar elkeen in sy eie behoeftes voorsien het. Die enigste diens wat waarskynlik onder hierdie omstandighede aangevra kon word, was die verskaffing van water vir huishoudelike doeleindes en om die tuine te besproei. Mettertyd sou dit miskien nodig geword het om aandag aan die strate te bestee en dan moet in gedagte gehou word dat ossewaens en perderuiters nie juis behoefte aan gladde strate gehad het nie.

Daar is dan ook alle aanduidings dat M. W. Pretorius hoegenaamd nie sy plig teenoor die dorpsbewoners versuim het nie. Reeds in 1853 het hy grond vir 'n kerk- en markplein afgestaan. Dan het hy ook vir die aanbou van 'n dorpsdam en watervoor gesorg.²⁾ Dit alles het gebeur voordat die dorpstigting amptelik goedgekeur is.

Hierdie eerste dienslewering het blykbaar veel te wense oorgelaat. A. F. du Toit het spoedig na sy aankoms in Pretoria dan ook baie klagtes oor die watertoevoer en die strate gehad.³⁾ Hierdie toedrag van sake was onvermydelik want daar was blykbaar niemand om voortdurend toesig oor die dorpsaangeleenthede te hou nie. Pretorius, wat nie op Pretoria woonagtig was nie, moes telkens persone huur om vir hom die noodsaaklike plaaslike werk te doen. Gelukkig dus dat die behoeftes maar so beperk was.

Miskien mag daar in hierdie stadium verwys word na die rol wat die sentrale owerheid ten opsigte van die nuwe dorpsgebied gespeel het. Die omgewing langs die Apiesrivier het destyds deel uitgemaak van 'n veldkornetswyk onder die beheer van die landdros van Rustenburg. Die

veldkornet het egter weinig bevoegdheede oor munisipale aangeleenthede gehad, want daar het geen spesifieke wetgewing of instruksies in daardie verband bestaan nie. Die plaaslike bekleër van die betrekking het dan ook blykbaar vir Pretorius noodsaaklike werk verrig slegs indien hy daarvoor spesiaal gehuur is.

3. LANDDROSBESTUUR.

TOE die stigting van Pretoria op 16 November 1855 deur die Volksraad goedgekeur is, het daar geen skielike verandering in die plaaslike toestande plaasgevind nie. Trouens, Pretorius het maar soos voorheen voortgegaan met private reëlings vir die verskaffing van die noodsaaklike munisipale dienste, t.w. watervoorsiening en die instandhouding van die strate. Die dienslewering het ook onbevredigend gebly. Die toestand in hierdie verband is pas na sy aankoms in Pretoria baie goed deur A. F. du Toit beskryf. Op 13 Februarie 1857, het hy byvoorbeeld soos volg aan pretorius geskryf:—⁴⁾

„Wees zoo vriendelyk, my te willen schreiven hoedanig de districts meester voor Pretoria is bepaald wat en waar is de bepaling van de selaris voor zodanige persoon . . . Dan geef my order om de dorp in order te krygen. Het water stroomt overal ront”.

Du Toit was dan ook bereid om „het dorp met straaten en slooten in volle order te brengen, en vraagt UEds. geen prys of belooning er voor, indien UEds. my wilt een lapje gront er voor geeven; ik sal't in dank accepteeen als een gifte . . .”⁵⁾

Die vroeëre opmeting van die dorpsgebied het blykbaar ook moeilikheid veroorsaak. Pretorius het dus vroeg in 1857 met A. F. du Toit oor die nuwe opmeting van die dorp ooreengekom, d.w.s. voordat laasgenoemde op 2 Mei 1857 as die eerste Landdroos van Pretoria aangestel is. Uit die korrespondensie oor hierdie saak blyk dan ook duidelik dat daar voorheen 'n opmeting moes plaasgevind het. Du Toit het byvoorbeeld op 30 Maart 1857 aan Pretorius geskryf dat „ik het reeds 118 erven afgemerkt de groote markt straat was regt en al de rest ver uit de haak gezwaaid door het verschuiwen van de kerk”.⁶⁾

Hierdie onsekerheid oor die verpligtinge van die owerheid en Pretorius, onderskeidelik, ten opsigte van die dorpsgebied het blykbaar ontstaan as gevolg van die onduidelike bepalings waarkragtens die Volksraad tot die dorpstigting ingestem het. Op 16 November 1855 het die Volksraad die voorgestelde dorpsstigting goedgekeur . . .

„en neemt de twee plaatsen aan tot een Dorp, onder benaming van ‚Pretoria’. Verder is overgelaten aan den Comdt. Genl. Pretorius om meerdere erven te verkoopen tot bestrijding der schuld en voor zijn Ed. uit te houden een blok grond ter zijner dispositie”.

Met die aanstelling van 'n landdroos vir die Pretoria-distrik op 2 Mei 1857 en nadat Du Toit in 1859 die opmeting van die dorp voltooi het,

kon daar met 'n groter mate van duidelikheid ten opsigte van munisipale aangeleenthede opgetree word. Op 6 Augustus 1858 is daar ook 'n „Regulatie voor de Dorpen in de Zuid Afrikaansche Republiek” in die *Staats Courant* gepubliseer.

Die onduidelike bepalings van die volksraadsbesluit van 16 November 1855 het nou egter moeilikheid veroorsaak. Die dorpsregulasies van 1858 het onder andere voorgeskryf dat daar op elke erf jaarliks 'n belasting van 4 riksdalders betaal moes word. Die erfeienaars in Pretoria het spoedig egter beswaar aangeteken teen die betaling van belasting op erwe wat hulle van M. W. Pretorius in sy private hoedanigheid aangekoop het.⁷⁾ Waarskynlik as gevolg van hierdie besware het die Volksraad op voorstel van Pretorius op 27 September 1860 soos volg besluit:—⁸⁾

- „1ste: Dat ZHEd. M. W. Pretorius, transport zal verleenen aan het Gouvernement der Z.A. Republiek der plaats Nooitgedacht der halve plaats Daspoort en der halve plaats Elandspoort.
- „2de: Dat het Gouv. der Z. A. Republiek, transport zal verleenen van de lap gronds, makende een deel van het dorp Pretoria, gelegen ten noorden van de Kerkstraat, ten oosten begrensd door de Potgieterstraat tot aan de steenovensloot en met die af tot aan Apiesrivier, en ten noorden door de Apiesrivier, met uitzondering van de gronden van den Wel-Ed. Heer J. J. P. Prinsloo en de overige uitgehouden of verkochte gronden binnen die lijn gelegen, alsmede der Erven No. 348, 349, 350, 351, 378, 379, 380, en 381, en zulks aan den HED. Heer M. W. Pretorius.
- „3de Dat de HED. Heer M. W. Pretorius geene belasting zal betalen voor eenig Erf al eer zulks verkocht of bebouwd is.
- „4de Dat alle vroeger gesloten verkoopen of giften van Erven blijft bestaan als wettig.
- „5de De HED. Heer M. W. Pretorius transporteert in volle eigendom aan het Gouv. het blok Erven gelegen aan de hoek van de Kerk- en Potgieter-straat.
- „6de Dat met dit besluit alle transacties of zaken tusschen den HED. Heer M. W. Pretorius en het Gouv. (de) finitief zijn afgedaan.

Eers met hierdie ooreenkoms het die dorpsgebied van Pretoria die gebruiklike voorkoms van daardie dae aangeneem, t.w. 'n bepaalde aantal woonerwe en uitgestrekte dorpsgronde wat as weiveld vir die diere van die erfeienaars kon dien. Nou kon daar ook duidelikheid oor die onderskeidelike funksies en verpligtinge van die owerheid en M. W. Pretorius bereik word.

Die voorgenoemde ooreenkoms het die probleme van die Landdros ten opsigte van die dorpsbestuur egter nog geensins opgelos nie. Toe

A. F. du Toit op 2 Mei 1857 as landdros ingesweer is, het daar geen wetlike voorskrifte bestaan waarvolgens hy in verband met munisipale aangeleenthede kon optree nie. Du Toit het hom dan ook in die besonder oor hierdie tekortkoming bekommer. Hy het president M. W. Pretorius herhaaldelik versoek om aan hom die nodige reëls en regulasies te stuur. Ook by die Landdros van Rustenburg het Du Toit tevergeefs om reëls en regulasies aangeklop.⁹⁾

Toe die President en die Landdros van Rustenburg aan Du Toit nie die nodige wetlike voorskrifte kon verskaf nie het laasgenoemde besluit om self in die saak op te tree. Waarskynlik op sy inisiatief en onder sy voorsitterskap is op 29 Julie 1857 'n vergadering van die dorpsbewoners belê om „Dorps Regulatien voor het dorp Pretoria-philadelphia daar te stellen”. My hierdie geleentheid is toe inderdaad ook elf regulasies aangeneem om by die plaaslike omstandighede en die behoeftes aan te pas. Regulasies 1 tot 5 was gemoeid met die watervoorsiening. Regulasie 6 gaan oor die uitspanning, terwyl regulasie 7 bepaal dat slegs in „de gemeten straten” gery moet word en dat brandhout nie deur die strate gesleep mag word nie. Regulasie 8 bevat bepalings ten opsigte van die skut en in regulasie 9 is voorskrifte oor diere wat aan longsiekte ly, vervat. By regulasie 10 is bepaal dat „twee commissarissen met meerderheid van stemmen door de inwoners” verkies sou word om toesig te hou oor die inkomste en uitgawe van die dorp waarvoor in die regulasies voorsiening gemaak is. Regulasie 11 het bepalings oor die wysiging en aanpassing van die regulasies bevat.

Nadat Du Toit toe goedkeuring verkry het om regulasies vir Pretoria „naar den aard der zaak” op te stel,¹⁰⁾ het hy die reeds aanvaarde regulasies aan die President vir goedkeuring voorgelê.¹¹⁾ Sover vasgestel kon word is hierdie regulasies egter nooit deur die hoër instansies goedgekeur en in die praktyk toegepas nie.

Intussen is die omvattende Grondwet van die Republiek in Februarie 1858 deur die Volksraad goedgekeur. Daarna is op 6 Augustus 1858 die uitgebreide en bekende Dorpsregulasies vir alle dorpe in Transvaal gepubliseer. Hierdeur het landros Du Toit die nodige wetlike voorskrifte verkry waarop hy voorheen so dikwels aangedring het.

Kragtens die bepalings van die Grondwet en die Dorpsregulasies moes die dorpsadministrasie deur die Landdros waargeneem word totdat daar 'n plaaslike bestuursliggaam ingestel sou word. Behalwe vir 'n kort tydperk in 1864, soos aanstons aangetoon sal word, kon die Pretorianers nie plaaslike selfbestuur bewerkstellig nie en moes die Landdros dus noodgedwonge die dorpsbestuur behartig vir die hele tydperk wat hier breek word.

Die verskaffing van die wetlike voorskrifte het die probleme van die Landdros van Pretoria nie almal opgelos nie. Die amptenaar moes die algemene administrasie van 'n uitgestrekte distrik behartig en daarbenevens het hy ook nog regterlike pligte gehad. Die dorpsaangeleenthede

moes vir hom dus regtig 'n beslommernis gewees het. Geen wonder dus dat landdros Du Toit spoedig gekla het dat hy „jek of all trades” was nie.¹²⁾ Ook ander faktore het die taak van die Landdros aanvanklik bemoeilik. Op die langdurige Trek het die mense verleer om 'n gevestigde lewe te voer. Die gesag en seggenskap van die amptenare is betwis.¹³⁾ Die erfeienaars het geweier om selfs die geringe belastinge te betaal.¹⁴⁾ Daar is aangevoer dat die Dorpsregulasies van 1858 vir Pretoria „nog te groot” is.¹⁵⁾ Moelikheid is ondervind om geskikte persone te verkry om in die plaaslike ampte te dien.¹⁶⁾ Daarbenewens het die land in die begin van die sestiger jare gebuk gegaan onder onenigheid en broedertwis in so 'n mate dat wapengeweld voorgekom het.

Nieteenstaande hierdie moeilikhede het A. F. du Toit en sy opvolgers hulle bes gedoen om in die dorpsadministrasie bestendigheid te verkry. Du Toit het dan ook spoedig gepoog om 'n markmeester, 'n skutmeester en 'n waterfiskaal vir Pretoria aangestel te kry. Met die mark- en die skuthouding is dan inderdaad ook vanaf 12 November 1858 'n begin gemaak.¹⁷⁾

Die reëlings wat wel getref is, wou egter maar nie vlot nie en die dorpsadministrasie het veel te wense oorgelaat. Om verbetering in die onbevredigende toestand te verkry, is in 1863 selfs 'n wykmeester vir Pretoria aangestel.¹⁸⁾ Geen besonderhede oor die spesifieke pligte en verantwoordelikhede van hierdie amptenaar kon nagespoor word nie. Volgens gegewens wat wel verkry kon word, wil dit egter voorkom of die wykmeester 'n algemene dorps toesighouer, waterfiskaal, straat- en dorpsinspekteur was. Hierdie betrekking het blykbaar nie aan verwagtings voldoen nie en is sover vasgestel kon word vroeg in 1864 reeds afgeskakel.

Nadat daar in 1864 die mislukte poging aangewend is om plaaslike selfbestuur te verkry, is die dorpsadministrasie weer ten volle deur die Landdros en sy ondergeskiktes behartig. Vanaf hierdie stadium het die plaaslike amptenare bestaan uit die Landdros, sy klerke, die veldkornet, 'n markmeester, 'n waterfiskaal en 'n skutmeester. Twee of meer van hierdie betrekkings is dikwels deur dieselfde persoon beklee. Die enigste belangrike verandering wat die dorp aanbetref en voor 1877 aangebring is, is dat die skut vanaf 1869 kragtens gewysigde skutregulasies aan 'n private persoon verpag is.

Dit blyk dus dat daar vanaf 1855 tot 1877 geen ingrypende veranderinge in die aard en omvang van die dorpsadministrasie aangebring is nie. Die belangrikste werksaamhede was deurgaans blykbaar die verbetering van die dorpsdam, die watervore en die strate. Vir die verbetering van die dam en die watervore is somtyds met private persone kontrakte aangegaan nadat tenders aangevra is.¹⁹⁾ Die gebruik om die handiete uit die plaaslike tronk aan te wend om die watervore en die strate in orde te hou, het vroeg reeds ook ingeburger geraak.²⁰⁾

Namate die dorp uitgebrei het, het die stelsel van landdrosbestuur vir die doeleindes van munisipale administrasie steeds minder doeltreffend

geword. Die gevolg was dat die dorp gedurende die sewentiger jare vele tekens van verwaarloosing gewys het. Die swak toestand van die strate en die vuil watervore het voortdurend tot klagtes aanleiding gegee. Die gebrek aan sanitêre dienste, soos vuilgoed en nagvuilverwydering, het die gesondheid van die dorpsbewoners ernstig bedreig.²¹⁾ Die behoefte aan 'n eie munisipale bestuursliggaam is dus sterk aan gevoel.

4. POGINGS VOOR 1877 OM SELFBESTUUR TE VERKRY.

(i) Die Dorpsregulasies van 1857.

SOOS reeds vermeld, is daar op 29 Julie 1857 op 'n openbare vergadering onder voorsitterskap van A. F. du Toit elf dorpsregulasies vir Pretoria goedgekeur. By artikel 10 van hierdie regulasies is bepaal dat „twee commissarissen met meerderheid van stemmen door de inwoners” verkies sou word om toesig te hou oor die inkomste en uitgawe van die dorp waarvoor in die regulasies voorsiening gemaak is. Indien hierdie regulasies dan in die praktyk toegepas sou gewees het, sou Pretoria destyds reeds 'n mate van selfbestuur verkry het. Du Toit se ywerige pogings om die kommissarisse verkies te kry en die goedkeuring van die regulasies te verkry, het egter misluk. Daar het dus niks tereggekome van hierdie eerste poging om aan die ingesetenes seggenskap in die dorpsadministrasie te verleen nie.

(ii) Die munisipaliteit van 1864.

In 1863 het die Volksraad in besonderhede die instelling van munisipale selfbestuur vir Potchefstroom goedgekeur.²²⁾ Die publikasie van hierdie besonderhede het die Pretorianers blykbaar laat besluit om ook in daardie rigting op te tree, want op 28 Maart 1864 is 'n openbare vergadering in Pretoria gehou met die doelstelling om 'n munisipaliteit vir die dorp te verkry. Die vergadering het dan besluit om goedkeuring vir die instelling van 'n „Municipaliteit” aan te vra en die nodige regulasies daarvoor is ook aangeneem.²³⁾ Die versoek sowel as die voorgestelde regulasies is sonder versuim deur die Uitvoerende Raad goedgekeur.⁴²⁾

Alle pogings om die voorgenoemde regulasies op te spoor, het tot dusver misluk en daar kan dus nie besonderhede oor die samestelling, funksies en bevoegdhede van hierdie eerste „Municipaliteit” vir Pretoria verstrekkend word nie. Die munisipale raad het nietemin op 2 Mei 1864 'n aanvang met sy werksaamhede gemaak en die bestuursliggaam het die benaming „Directie der Municipaliteit” aangeneem.²⁵⁾ Die Landdros van Pretoria het egter by geleentheid die titel „Commissie van den Municipaliteit” gebesig.²⁶⁾ Die instellingsproklamasie het slegs bepaal dat „een Municipaliteit of Stadsbestuur” vir Pretoria goedgekeur is. Selfs oor die benaming van die plaaslike bestuursliggaam bestaan daar dus 'n mate van onduidelikheid.

Die korrespondensielêers van hierdie eerste plaaslike bestuursliggaam

is ongelukkig ook nie beskikbaar nie. Daarom kan daar nie besonderhede oor die werksaamhede van dié liggaam verstrek word nie. Uit die amptelike stukke wat in die Transvaalse Argief opgeberg is, blyk dit egter dat die munisipaliteit inderdaad vanaf 2 Mei 1864 die volle verantwoordelikheid vir die dorpsadministrasie van die Landdros oorgeneem het.

Die eerste tydperk van selfbestuur was egter van korte duur. Reeds op 1 September 1864 het die „directie” die Uitvoerende Raad meegedeel dat „de inkomsten van dit dorp . . . niet toereikend zyn, om een behoorlyk bestuur zoosls sy gaarne wenschen . . . daar te stellen.” Die Uitvoerende Raad is gevolglik versoek om indien moontlik aan die munisipaliteit „alle inkomsten in dit dorp van de ingezetenen en eigenaars van Erven in dit dorp geheven, zoosls licentien enz. toe te kennen.” Verder is aangevoer dat „met de zoosls thans bestaende inkomsten zyn, de directie het niet op zich durft nemen, het dorpsbestuur te aanvaarden”.²⁷⁾

Die Uitvoerende Raad kon nie aan die voorgenoemde versoek van die munisipaliteit om verdere inkomstebronne voldoen nie. Gevolglik het die bestuursliggaam op 20 September 1864 besluit om die sentrale regering, met leedwese, te vra om die dorpsbestuur oor te neem.²⁸⁾ Die Uitvoerende Raad het 7 Oktober 1864 dan ook besluit dat die dorpsbestuur deur die Landdros oorgeneem moes word.²⁹⁾ Daarmee het die eerste poging om selfbestuur vir Pretoria te verkry ten einde geloop.

Gebrek aan inkomste was beslis die oorsaak van die ondergang van hierdie eerste munisipale liggaam van Pretoria. Nadat die Direksie met veel moeite vasgestel het aan wie die erwe in Pretoria behoort het, het daar ’n ontnugtering op die liggaam gewag. Daar is naamlik gevind dat byna die helfte van die erwe van die geringe erfbelasting vrygestel is. ’n Groot aantal erwe het nog aan M. W. Pretorius behoort, en hy sou, kragtens die ooreenkoms van 1860, op sy erwe geen belasting betaal voordat hulle aan ander eienaars verkoop of voordat daarop gebou is nie. Van die oorblywende erwe het ’n aansienlike aantal aan die Staat behoort en was dus ook van belasting vrygestel. Hoe gering die inkomste van die munisipale liggaam was, blyk uit die bevindings van die Landdros dat daar selfs in 1868 slegs 391 belasbare erwe was.³⁰⁾ Op elke erf was toe slegs 4/6 per jaar betaalbaar, d.w.s. ’n totale bedrag van £87.19.6.

(iii) Die pogings van 1872 – 1877.

Toe T. F. Burgers in 1872 as Staatspresident in Transval aan bewind gekom het, het die regeringsetel al heelwat uitbreiding ondergaan. Onder die veranderde omstandighede kon daar nou weer verwikkelinge op die munisipale terrein verwag word. Inderdaad is dan ook op 23 Desember 1872 op ’n openbare vergadering van „ingezetenen” besluit dat landdros W. Skinner, John Robert Lys, Maurits de Vries en J. C. Preller ondersoek moes instel na „welke middelen aangewend moeten worden, ter verkryging van eene Municipaliteit of Dorpsbestuur te Pretoria.”³¹⁾ Nadat

hierdie persone die dokumente van die munisipaliteit van 1864 bestudeer het, het hulle tot die gevolgtrekking geraak dat daardie poging weens die gebrek aan inkomste misluk het. Volgens hulle mening het die toestand intussen egter sodanig verander dat hulle die Uitvoerende Raad kon versoek om „de Municipaliteit in haar vorige kracht te herstellen vanaf 1 January 1873”.³²⁾

Die voorgenoemde versoek is geredelik deur die Uitvoerende Raad goedgekeur, maar met die volgende voorwaardes:—³³⁾

(i) „dat by de municipale Regulaties voor het dorp Pretoria een artikel zal gevoegd worden: waarby alle veranderingen in de Regulatiën eerst aan de goed — of afkeuring der Regering zullen onderworpen worden eer zy van kracht zullen zyn”; en

(ii) „dat de Regering het stuk grond op het plan van het dorp genaamd ‚de drooge Klipbult’ alsmede de drie blokken erven A, B en C te zamen met het regt om **daarop** zoodanige veranderingen in het plan van het dorp te maken als noodig zullen geoordeeld worden, als ook het regt om zoodanige concessies te kunnen verleenen aan Spoorweg-Companiën enz., als waartoe de Regering reeds verbonden is of als zy in vervolg noodig mag oordeelen.”

Die ingesetenes het egter hierdie voorwaardes verwerp en daarmee ook die herinstelling van die vorige munisipaliteit laat misluk. Daar is veral heftig teen die tweede van die genoemde voorwaardes beswaar aangeteken.³⁴⁾

Die saak is toe op die lang baan geskuif totdat staatspresident Burgers die Landdros in Desember 1873 opgedra het om „een byeenkomst der burgers van Pretoria by een te roepen om te besluiten over het wenschelyke eener Municipaliteit alhier, de tyd den 15de of 16de December aanstaande”.³⁵⁾ ’n Vergadering is inderdaad eers op 8 Januarie 1874 gehou en is tot 15 Januarie 1874 verdaag om die komitee van 1872 geleentheid te gee om verslag te doen.³⁶⁾ Sake het egter nie volgens plan verloop nie en eers nadat J. R. Lys persoonlik met die vooraanstaande stadsburgers onderhandel het, is ’n verdere vergadering op 21 Desember 1874 gehou. Alhoewel die sprekers by hierdie vergadering dit eens was dat die instelling van ’n munisipaliteit vir Pretoria onontbeerlik geword het, het hulle nietemin die vergadering versoek om weereens die voorwaardes wat in 1872 deur die Uitvoerende Raad gestel is, te verwerp. Die vergadering het egter met meerderheidstem besluit om vir 14 dae te verdaag sodat die komitee wat in 1872 aangewys is, kon gaan verneem of die Regering nog in die vorige voorwaardes volhard het.³⁷⁾

Die komitee het die Regering dan ook dadelik om ’n onderhoud genader. Die Waarnemende Staatspresident³⁸⁾ het egter geantwoord dat die komitee mettertyd in kennis gestel sal word van die datum waarop die onderhoud kon plaasvind. Die onderhoud het egter eers op 15 Oktober 1875 plaasgevind, maar daar kon geen besonderhede oor die uitslag daarvan nagespoor word nie.

Intussen is daar op 5 Julie 1875 weer 'n openbare vergadering onder voorsitterskap van landdros Skinner gehou, om die publiek oor die verloop van sake in te lig. Na langdurige bespreking het die vergadering met 11 teen 4 stemme besluit „om over eene maand Commissarissen te doen kiezen en daarvan aan de Regering kennis te geven”.³⁹⁾ Die meerderheid van die klein aantal persone wat die vergadering bygewoon het, was uiteindelik dus daarvan oortuig dat die munisipale regulasies van 1864 nog van krag was en dat dit dus nie nodig was om op verdere goedkeuring van die Regering vir die instelling van 'n munisipaliteit te wag nie. Daar kon egter geen aanduiding gevind word dat enige stappe gedoen is om hierdie laaste besluit uit te voer nie.

By 'n vergadering van „De Transvaalsche Vereniging voor het bevorderen van Politieken Vooruitgang” op 20 September 1875, het die instelling van 'n munisipaliteit vir Pretoria toe weer te berde gekom. John Robert Lys het hom by hierdie geleentheid weer sterk teen die verkoop van erwe deur die Regering uitgespreek. Hierdie optrede van die Regering het Lys beweer „Zou, wanneer wy een municipaliteit kregen, de hulpbronnen der stad grootelyks benadeelen”. Gevolglik is ooreengekome dat 'n openbare vergadering op 24 September 1875 belê moes word om die saak te behandel.⁴⁰⁾

Die beoogde vergadering is wel deur Lys gereël, maar slegs „acht of tien ingezetenen” het opgedaag en die byeenkoms het dus nie plaasgevind nie. Die gevolgtrekking van die verslaggewer van *De Volksstem* was dan ook: „Wanneer zal Pretoria ontwaken tot een besef van deszelfs wezenlyke behoeften?”⁴¹⁾ Waar aangevoer kon word dat die vorige pogings sedert 1872 om 'n munisipaliteit te verkry, misluk het vanweë die „onbillike” voorwaardes wat deur die Regering gestel is, het die publiek nou belang verloor. Die voorstanders van munisipale bestuur was dus magteloos. Dit was dan blykbaar ook algemeen bekend dat volksraadslid John Robert Lys, 'n vurige voorstander van die beoogde munisipaliteit, erg onthuts oor hierdie verloop van sake was. In *De Volksstem* van 15 Januarie 1876 het dan ook die volgende gediggie onder die opskrif „A Pretoria Reverie” verskyn:—

„Of municipal rule we stand sorely in need,
en daarom wordt Lys dan zoo kwaad,
And if the Executive will not take heed,
He'll brand hulle op in die Raad.”

Blykbaar moes die komitee, wat by die openbare vergadering van 23 Desember 1872 aangestel is en by die daaropvolgende vergaderings steeds nuwe opdragte gegee is, uiteindelik tog konsepregulasies vir 'n munisipaliteit aan die Regering voorgelê het. Moontlik is dit gedoen toe die komitee op 15 Oktober 1875 voor die Uitvoerende Raad verskyn het. Hoe dit ook al sy, die Uitvoerende Raad het op 21 Januarie 1876 „Regulatiën voor de Municipaliteit van Pretoria” oorweeg, maar onaanneemlik gevind.

Die Waarnemende Staatspresident en die Staatssekretaris is nietemin opdrag gegee „Om commissarissen te doen kiezen om de voorgestelde regulatiën voor de municipaliteit te herzien en te wyzigen en als dan de Uitv. Raad ter bekrachtiging voor te leggen”.⁴²⁾ Daar kon egter geen aanduiding gevind word dat aan hierdie besluit uitvoering gegee is voordat Shepstone op 12 April 1877 die bewind in Transvaal oorgeneem het nie.

Die gesukkel met die instelling van munisipale selfbestuur gedurende die sewentiger jare moet egter nie bloot as pligsversuim van die Pretorianers beskou word nie. Tot op groot hoogte moet die sentrale owerheid ook daarvoor verantwoordelik gehou word. Die Volksraad het in gebreke gebly om behoorlike wetgewing oor munisipale aangeleenthede aan te neem. Die Regering, d.w.s. die Staatspresident en die Uitvoerende Raad, het daarbenewens versuim om leiding aan die dorpsbewoners te verskaf.

5. GEVOLGTREKKING.

IN INTERESSANTE gevolgtrekking na aanleiding van die voorgaande gegewens is dat daar in geen stadium voor 1877 besondere stappe gedoen is om Pretoria as die regeringsetel van die Zuid Afrikaansche Republiek op munisipale gebied te ontwikkel nie. Vanaf 1 Mei 1860 was Pretoria in die praktyk immers daadwerklik die hoofstad van die land alhoewel aan Potchefstroom kragtens die bepalinge van die Grondwet verkeerdlik nog daardie ereplek toegeken is. Dit strek die Pretorianers en die sentrale regering van daardie dae geensins tot eer dat hulle die dorp op munisipale gebied so skandelik verwaarloos het nie.

¹⁾ R.1875/82 (by R.546c/90) : Registrateur van Aktes J. J. Meintjies aan die Staatssekretaris, d.d. 7.6.1882. Vgl. ook R.558/75: A. F. du Toit aan Staatssekretaris, d.d. 6.3.1875. (1854 as stigtingsdatum van die kerkplaas Elandspoor sou nader aan die waarheid wees as 1853; vgl. in hierdie verband, Rex, H.M.: Pretoria—Van Kerkplaas tot Regeringsetel, 1854 — 1860, H.A.U.M., Pretoria, 1960.—Red.)

²⁾ R.800/55: A. van der Walt aan M. W. Pretorius, d.d. 16.4.1855.

³⁾ R.1326/57: A. F. du Toit aan M. W. Pretorius, d.d. 13.2.1857.

⁴⁾ R.1326/57.

⁵⁾ R.1360/57: A. F. du Toit aan M. W. Pretorius, d.d. 25.2.1857.

⁶⁾ R.1431/57.

⁷⁾ R.3828/60: Memorie deur J. G. C. van Leenhof, dr. Arnoldi en 15 andere aan die Goewermentsekretaris, d.d. 25.6.1860.

⁸⁾ Art. 144.

⁹⁾ Vgl. (a) R.1619/57: Landdros A. F. du Toit en heemrade P. J. Smit, D. G. Botha en J. J. Fourie aan die President, d.d. 30.6.1857.

(b) Pa. 30: Landdros, Pretoria, aan die President en die Landdros, Rustenburg, d.d. 30.6.1857 en 22.9.1857, onderskeidelik.

¹⁰⁾ R.1834/57: Goewermentsekretaris aan Landdros, Pretoria, d.d. 13.10.1857.

¹¹⁾ R.1992/58: A. F. du Toit aan die President, d.d. 7.4.1858.

¹²⁾ Pa. 30 (i) : A. F. du Toit aan die President, d.d. 5.5.1858.

¹³⁾ Vgl. R.2715/59 en R.2893/59.

¹⁴⁾ Vgl. R.2997/59.

¹⁵⁾ R.3761/60.

¹⁶⁾ R.4050/60.

¹⁷⁾ R.2418/58: Landdros Du Toit aan die Goewermentsekretaris, d.d. 11.11.1858.

DIE AANDEEL VAN WILLIAM SKINNER IN DIE ONTWIKKELING VAN PRETORIA

AS 'n mens deur die talle geskrifte wat oor Ou-Pretoria handel blaaï, dan sien jy telkens die naam van William Skinner. Soms is dit net sy naam wat saam met ander lede van een of ander kommissie of afvaardiging verskyn. Ander kere weer word daar terloops na hom verwys as die bouer van een of ander gebou — geboue waarvan die meeste reeds lank gelede gesloop is, of daar word melding gemaak van Skinner in sy

¹⁸⁾ U.R.B.: Artk 3, d.d. 5.3.1863.

¹⁹⁾ Vgl. (a) Pa. 1: Kontrak tussen die „Goevernement der Zuid Afrikaansche Republiek” aan die een kant en J. F. Schutte en A. v.d. Walt aan die anderkant, d.d. 4.6.1860. (b) Pa. 30 (ii): Landdros, Pretoria aan E. Tezel, d.d. 31.10.1862.

²⁰⁾ Vgl. Pa. 32: Landdros Skinner aan die Staatsekretaris, d.d. 17.9.1874.

²¹⁾ Vgl. bv. *De Volksstem* van 8.8.1877 en 12.9.1877. In die uitgawe van 8.8.1877 word bv. geskryf:—

“The homesteads in Pretoria,
How fearfully they smell,
There's fever in the furrow,
There's sewage in the well.”

²²⁾ V.R.B.: Art. 102, d.d. 21—22.10.1863.

²³⁾ *Staats Courant* van 19.4.1864: „Proclamatie door zyn Hoog Ed. den President en leden van den Uitvoerenden Raad der Z.A. Republiek,” d.d. 18.4.1864.

²⁴⁾ *Ibid.*

²⁵⁾ R.249/64: J. H. M. Struben en J. G. C. van Leenhof onderskeidelik Voorsitter en Sekretaris van die „Directie der Municipaliteit”, aan die Uitvoerende Raad, d.d. 5.5.1864.

²⁶⁾ Pa. 31: Landdros, Pretoria, aan die Goewermentsekretaris, d.d. 8.6.1864.

²⁷⁾ R.699/64: J. H. M. Struben, Voorsitter, en J. G. C. van Leenhof, Sekretaris, aan die President en Lede van die Uitvoerende Raad, d.d. 1.9.1864.

²⁸⁾ R.829/64.

²⁹⁾ U.R.B.: Art. 6, d.d. 7.10.1864.

³⁰⁾ R.1111/68: Landdros aan Staatsekretaris, d.d. 30.9.1868.

³¹⁾ R.1736/72: J. R. Lys, M. de Vries en J. C. Preller aan die Staatspresident en Lede van die Uitvoerende Raad, d.d. 23.12.1872.

³²⁾ *Ibid.*

³³⁾ U.R.B.: Art. 37, d.d. 31.12.1872.

³⁴⁾ *De Volksstem* van 10.1.1874.

³⁵⁾ Pa. 2: Staatsekretaris aan die Landdros, d.d. 1.12.1873.

³⁶⁾ *De Volksstem* van 10.1.1874.

³⁷⁾ *De Volksstem* van 26.12.1874.

³⁸⁾ Burgers was destyds in Europa.

³⁹⁾ *De Volksstem* van 10.7.1875.

⁴⁰⁾ *De Volksstem* van 25.9.1875. H. W. Struben was Voorsitter en J. R. Lys was Ondervoorsitter van hierdie Vereniging.

⁴¹⁾ *Ibid.*

⁴²⁾ U.R.B.: Art. 83, d.d. 21.1.1876. Die konsepregulasies kon nie nagespoor word nie.

J. J. N. CLOETE.



WILLIAM SKINNER.

*Gebore 10/2/1828 in Canterbury. Kom in 1852 na Grootplaats, die woon-
plaas van komdt.-genl. Andries Pretorius saam met Louis en Lionel
Devereux. Vanaf 1854 op die Kerkplaas Elandspoor (Pretoria) woonagtig;
oorlede op 15 Junie 1885.*


hoedanigheid as Landdros van Pretoria. Wanneer daar egter nader ondersoek ingestel word na die lewe en werk van hierdie persoon, vind 'n mens dat hy 'n ervolle en merkwaardige rol in byna elke fase van Pretoria se ontwikkeling gespeel het.

William Skinner is op 10 Februarie 1828 in Canterbury, Engeland, gebore. Van sy kinderjare in daardie land is min bekend, behalwe dat hy as jongman opgelei is as vakman in die boubedryf en dat hy oor 'n mate van kennis van die argitektuur en landmeting beskik het.

Op 22-jarige leeftyd het hy in die geselskap van Louis en Lionel Devereux, twee broers, na Natal gekom waar hulle werk as boukontrakteurs onderneem het. Behalwe boukontrakteurswerk het hy ook verskillende jagtogte in die binneland onderneem en ook transport gery saam met 'n sekere Oliff. In Mei 1852 het hy vir kommandant-generaal Andries Pretorius ontmoet toe lg. in Pietermaritzburg vertoef het op sy besoekreis in Natal. Pretorius het by dié geleentheid vir Skinner en die Devereux-broers oorreed om na die Transvaal te kom om eers vir hom 'n nuwe huis op Grootplaas te bou en dan daarna hulle vakkundige kennis ook in diens van die ander Transvalers te stel.

In 1852 het Skinner hom vervolgens in die Transvaal kom vestig waar hy sy vernuf en ondernemingsgees gebruik het om die landstreek te help ontwikkel. Sy teenwoordigheid sowel as die van die Devereux broers was vir M. W. Pretorius 'n baie gelukkige uitkoms op die regte tyd, want hulle kon, en het inderdaad ook, hulle vaardigheid en vakkundige kennis gebruik vir die oprigting van die eerste kerk op die kerkplein asook vir die oorspronklike opmeting van die Plein met die erwe en strate daaromheen, die bou van openbare- en besigheidsgeboue en woonhuise. Dat Skinner, die Devereux-broers en ook Jan Visagie die sekretaris van kommandant-generaal M. W. Pretorius, wel die oorspronklike opmeters van die Plein is, en nie A. F. du Toit soos algemeen aanvaar word nie, is ongetwyfeld waar. Mnr. H. M. Rex, in sy verhandeling, „Die geskiedenis van die Eerste Ou Goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria”, bl. 60, voer volkome grondige bewyse daarvoor aan. Daar bestaan egter min dokumentêre bewys dat hulle wel die bouers van die eerste kerkie op die kerkplein was. 'n Beriggie in 'n ou koerant bevestig dit egter — „Het oude kerkgebou . . . werd gebouwd door de gebroeders Devereux en Skinner. Op een der gevels prijkte dan ook in duidelijke letters de initialen der bouwlieden: D. D. & S. met het jaartal 1855 eronder.”

Skinner was ook verantwoordelik vir die oprigting van talle ander openbare geboue soos die eerste skool waaraan begin bou is op 13 Desember 1859 en wat hy waarskynlik ook ontwerp het, die tweede Pretoriase tronk op die hoek van Visagie- en Bosmanstraat (met die bou hiervan is sy taak deur die Volksraad verlig deur die beskikbaarstelling van bandiete), talle goewermentskantore, waaronder ook die Eerste Ou Goewermentsgebou wat gestaan het op die perseel waar tans die Tweede



Ou Goewermentsgebou staan. Interessant is dit, dat toe die Volksraad hom £680 moes betaal vir die bou van dié gebou hulle dit nie gehad het nie en dit derhalwe geleen het van C. Moll, die destydse staatsdrukker. Met verloop van tyd het Skinner steeds 'n belangriker rol gespeel op alle terreine van die stadslewe. Na die be-eindiging van die „burgeroorlog” van 1864 dien hy op die skoolkommissie, waar hy, ds. Begeman en nog twee ander lede eksamens in die openbaar afneem. In 1867 dien hy op 'n komitee wat by die regering aansoek doen om 'n stuk grond vir 'n algemene begraaftplaas. Die komitee slaag daarin en die Ou Kerkhof, langs Kerkstraat, waar soveel belangrike persone ter ruste gelê is, word uitgemeet. Die Uitvoerende Raad het die uitsluitlike bestuur van die begraaftplaas opgedra aan die komitee van 8 here waarvan W. Skinner een was. Hy volg C. Moll op as Landdros in 1867 en beklee hierdie pos tot 1878 toe hy dit tydens die Shepstone-bewind neergelê het.

Daar kan nie met sekerheid vasgestel word hoekom hy as Landdros bedank het nie; dit kan wees omdat hy ontevrede was met Shepstone se bewind, of ook dat hy eerder al sy tyd aan munisipale sake wou wy. Na sy aftrede word hy weer verskeie kere tydelik die pos as Landdros opgedra.

Op 'n vergadering van 23 Desember 1872 word Skinner saam met J. R. Lys, M. de Vries en J. C. Preller aangewys „om te ondersoeken welke middelen aangewend moeten worden ter verkryging van eene municipaliteit of Dorpsbestuur te Pretoria. Dit het nie so voor die wind gegaan nie, Skinner het egter, omdat hy so uiters belang gestel het in die stadsbestuur, hom onvermoeid be-ywer en verskeie vergaderings belê waar die publiek ingelig is oor die stappe wat reeds gedoen is deur die komitee wat in 1872 aangewys is ter verkryging van 'n stadsraad. Eers in 1880 toe Pretoria onder Engelse bestuur was, is 'n wet aangeneem (Wet Nr. 16 van 1880) wat voorsiening maak vir — „Municipal Corporations in the Transvaal Province”. Op 15 Desember 1880 is daar toe ingeolge hierdie wet 'n munisipale verkiesing in Pretoria gehou en is W. Skinner verkies om saam met R. C. Green wyk 2 in die stadsraad te verteenwoordig.

SKINNER SE PRIVATE LEWE.

NOG voor hy na S.A. gekom het is Skinner getroud met 'n nooi Filmer. Sy is egter in 1857 oorlede ten gevolge van 'n wa-ongeluk naby die teenswoordige Hartbeespoortdam. (Dit is aan my vertel deur tant Maud Pretorius een van Skinner se dogters uit 'n tweede huwelik. Sy sê dat sy



Die kerk op die Kerkplein soos dit in die sestiger jare tydens die dienstyl van ds. A. J. Begemann deur William Skinner, die latere landdros, en Lewis Edward Devereux herbou is. Dit het diens gedoen tot September 1882 toe dit afgebrand het.

en haar man baie jare na die treurspel die graf gaan opsoek het en dit gekry het onder 'n boom naby die dam — presies waar kon sy nie meer onthou nie. Tant Maud sou baie belangrike gegewens kon verskaf met die opstel van hierdie artikel — sy is egter verlede jaar in die ouderdom van 84 jaar oorlede).

Skinner is weer getroud en wel met Debora Landman, kleindogter van Piet Retief. As eggenoot en vader het hy ook sy deeltjie bygedra tot nasiebou, hy het sewentien kinders gehad wat hy opgevoed het om ware burgers van die land te word. Sy seuns het in altwee die Vryheidsoorloë die wapen teen die Britse veroweraar opgeneem.

Sy Pretoriase woning was in Paul Krugerstraat (toe nog Marktstraat) geleë tussen Schoeman- en Skinnerstraat (na hom vernoem) en dit het „The Bungalow” geheet. Regter Kotze skryf in sy herinneringe oor die indruk wat hierdie plek met die pragtige tuin op hom gemaak het toe hy in Marktstraat tydens sy aankoms in die stad in 1877 afgery het. Hy het toe al besluit dat dit sy woonhuis moet word. 'n Paar jaar later het hy dit dan ook gekoop en Skinner het verhuis na sy plasie ten weste van die stad. Hierdie eiendom is genoem „Skinners Court” en was 30 akker groot. Hy het die grond gekry van oud-president M. W. Pretorius as blyk van waardering omdat M. W. Pretorius as President geruime tyd by Skinner ingewoon het.

William Skinner was as persoon uiters gewild by alle bevolkingsgroepe in die land. „The man had no enemy in the country, though ultimately for years the Landdrost of Pretoria, and thus, ex-officio, the Administrator of Pretoria's civic affairs. He was an outstanding and sterling character and married into one of the best Boer families in the country. In office he enjoyed the loyal support and full trust of both Boer en Briton, and the unswerving loyalty of the whole native element.” Toe hy nog in die middestad gewoon het, het president M. W. Pretorius wat sy woning in Potchefstroom gehad het baie keer by hom tuisgegaan ten tye van die Volksraadsittings in Pretoria. Die latere pres. Burgers was ook huisvriende van die Skinners. Daar word vertel dat sy oudste dogter Debora, toenertyd 13 jaar oud, eenkeer die stoel onder pres. Burgers getrek het terwyl hy oor die tafel geleun het om iets by te kom, (soos vertel deur Debora aan har dogter, nou mev. P. M. van der Westhuizen woonagtig op die plaas Ennis, oor Brits).

Ongelukkig vir Pretoria en Suid-Afrika is William Skinner op die ouderdom 57 jaar in 1885 aan longontsteking oorlede. Hy is begrawe in die ou kerkhof. In dieselfde graf is ook begrawe Louis Devereux sy swaar en lewenslange vriend wat 'n paar dae na hom, volgens die grafskrif, aan 'n „broken heart” oorlede is.

Dat W. Skinner gerespekteer was deur die volk en die Volksraad blyk duidelik uit 'n artikel wat in 1885 ten tye van sy oorlye in die Volksstem verskyn het. Hier volg enkele uittreksels: „Verleden Maandag,

15 Junie in den vroegeen morgen overleed alhier de Heer William Skinner, een der oudste ingezetenen dezer stad.

Algemeen en innig leedwezen word gevoeld by het vernomen dezer tyding. Dadelik zag men de verschillende vlaggen zonder onderscheid halfstok hyzen als uitdrukking van de deelneming en smart in het sterwe van die heer Skinner. Onverwacht treft dit sterven want ene ziekte van nauweliks een week maakte een einde aan een nuttig en werkzaam leven. Velen waren onwetend met het gevaar der ziekte en nog Zondag waren de betrekkingen vol hoop op herstelling en men meende een gunstig verskynsel in die toestand van den kranke waar te nemen.

Daarop volgden den anderen morgen onze vriend is gestorven. Met weemoed gedenken wy zyne harteliken omgang en beproefde vriendskap. Een vriendelyke sonneskyn kwam overal met hem mede, en door de warmte van zyn goed hart heeft hy menigeen verkwikt. In menig huis en hart zal de gedachtenis van de brave onverzwakt voortduren. Het goede door hem gewild en gedaan keere in zegeningen op zyne treurende betrekkingen terug. . . . Zelden zagen wy zulk een meer talryken lykstoet, nooit een meer talryker, het lyk van den beminden man en vriend naar de begraafplaats volgen op Dinsdag namiddag. Als een betoning van hoogagting verdaag de zitting houdende Volksraad . . . De meerderheid van den achtbare volksraadsleden kon men onder de stoet opmerken die aldus de laatste eer aan de gestorven bewezen."

S. G. ROOS.

CHARLES JOHN BEANES,

born in Middlesex, 1877. Arrived in South Africa in February 1900 on the troopship "Canada".


Joined the Transvaal Post Office on 1st October, 1902.

Retired on pension 21st November 1932. He draws great pleasure from the fact that he has drawn a pension for 28 years, and feels that if many civil servants did this the Government would have to revise its pension arrangements.

As he nears his 83rd birthday he continues to play bowls three times a week, and can lay crazy paving in concrete with the best of them.

His only vice is an inordinate love of Pretoria.

Mrs. R. E. KUIPER.



CHURCH SQUARE

ACCORDING to Dr. Gustav Preller, the first official move to bring Pretoria into existence took place at Potchefstroom on 9th August 1853 when the two Commandants-General, M. W. Pretorius and Piet Potgieter, appeared before the Kommissie and Krygsraad and asked that body "to define the place of session for the Volksraad at a centrally situated place in the country."

The matter was referred to the Volksraad which met at Lydenburg in September 1853. In addition to the previous proposal there was a letter from M. W. Pretorius requesting the Volksraad to purchase portions of two farms from J. J. P. Prinsloo and Andries van der Walt on which a town would be laid out and named after his father, A. W. J. Pretorius, the hero of "Bloed" River. Both proposals were rejected by the Volksraad. Shortly afterwards, apparently to prevent the farms from falling into other hands, Commandant-General M. W. Pretorius purchased, subject to the approval of the Volksraad, portions of the two farms for £600, and another from the widow Bronkhorst for £225.0.0.

At a further session of the Volksraad at Potchefstroom in November 1853 the subject of a new town was again discussed and again rejected. Thus frustrated by the Volksraad, M. W. Pretorius and his supporters applied to a session of the Volksraad held at Rustenburg in June 1854 "for the establishment of a Church Council on the farm Elandspoort" which had been purchased by M. W. Pretorius as the site for a new town, knowing full well that where a church was built and a congregation established a town would almost certainly follow. The Volksraad authorised the establishment of a Church Council and during August in the same year the building of a church was commenced on what is now Church Square. The existence of a Church Council, a church and a fairly large congregation had to be followed by a town and at a session of the Volksraad at Potchefstroom on the 16th November 1855 the laying out of a town to be named Pretoria was authorised. Thus the creation of the town was sanctioned seventeen months after the Church Council had been established and the original plan of the "Kerkplaas Elandspoort" had been made by Louis and Lionel Devereux.

When Mr. A. F. du Toit was about to lay out the town taking cognisance of the original plan of the "Kerkplaas Elandspoort" by the Devereux brothers he was instructed by M. W. Pretorius to make the Church the centre of the town, the result being that the centre of the Church became the centre of the intersection of the north-south and the east-west streets. Ground equal to two erven in extent was left vacant at each of the four corners of these two streets to provide for the area known today as Church Square. Although the name "Kerkplein" was

used on the deed of transfer of the ground from M. W. Pretorius to the Nederduitsch Hervormde Gemeente in 1867, the name "Market Square" persisted until the 1890's.

The Concession to build a market hall on the corner of Church and van der Walt Streets and control the morning market was granted in about 1889. Sales of produce on Church Square came to an end in the early nineties although sales of property took place under "The Oaks" at the south western corner of the Square until "The Oaks" (which was one tree) and the building known as "The Coffin" were removed in about 1917.

In Jeppe's Directory for 1881, dated November 1880, two or three addresses are shown as near "New Market Square," which indicates that plans had already been made to remove the market from its old site.

The obvious reason for leaving a large open space around the Church was for the parking of wagons and the erection of tents by farmers who travelled to Pretoria by ox-wagon for *Nachtmaal*, and there can be no doubt that the obstruction so caused was one of the reasons for the purchase by the Government of the Church and ground. An account of the negotiations between the Government and the Church Council on the subject should provide interesting reading.

Church Square could originally be entered only from Church or Market (Paul Kruger) Streets, but today five other streets enter the Square, viz. Parliament Street, Bank Lane, Bureau Lane, Mutual and Palace Streets. Mutual Street, part of Erf No. 278, was opened up only in 1903-1, when Mutual Building was erected. An account by Miss J. H. Davies of the origin of Palace Street (part of Erf No. 275) appeared in the first issue of "Pretoriana" in September 1951. Permission for the opening of the street was granted by the Executive Council of the Volksraad in April 1885 and the street became known as Court Street. It was officially named Palace Street by the Municipality in 1907.

These are the only two streets for which I can give the dates of origin. The Registrar of Deeds writes to say that he cannot give the dates of origin of the other three streets.

Parliament Street (part of Erf No. 411) so named officially in 1907 was formerly known as Theatre Lane, and in Jeppe's Directory for 1881 two bars are shown hereabout as being in "Cheapside". Bank Lane occupies parts of Erven Nos. 414 and 415, and Bureau Lane parts of parts of Erven Nos. 368, 369 and 370. Bureau Lane was at one time occupied largely by members of the legal profession and was colloqually referred to as Sharks' Alley and Aasvogelslaan, and it was by no means uncommon for letters to be sent through the post so addressed.

Photographs show that Bank Lane and Bureau Lane were in existence before 1877.



CHURCH SQUARE ± 1904

Today we might wish that the church had been placed in a "square" similar to Market Square and bounded by four streets. The conditions prevailing one hundred years ago however made it necessary occasionally to use the church as a fort and place of refuge. A fort in the centre of Market Square would have been much more vulnerable than the church on Church Square.

At the time the church was built the ground belonged to M. W. Pretorius and he no doubt indicated to the Church Council the site of the church. A most peculiar thing about the matter is that it was built on ground to which the Church Council had no legal title for thirteen years, for it was not until 18th April, 1867 that M. W. Pretorius transferred to the Nederduitsch Hervormde Gemeente what was simply described as "Stuk grond in het midden van het dorp Pretoria gelegen, bekend by den naam Kerkplein". No dimensions were stated.

This uncertainty of what was church property and what was public property no doubt caused the Government some concern. Was there any legal objection to the church authority building new premises right up against the front windows of the premises surrounding the Square?

In 1895 Surveyor Servaas de Kock surveyed Church Square and for the first time the dimensions are stated. The area is given as 3 morgen 171 square rods 69 square feet. The dimensions being 519 Cape feet in the N.S. direction and 547 Cape feet in the E.W. direction. The land described includes a right of way presently comprising the streets around the Square in favour of the general public, 79 Cape feet wide along all boundaries. On the 6th July 1899 Kerk Plein was transferred by the Nederduitsch Hervormde Gemeente to the Government of the Zuid-Afrikaansche Republiek. To the deed of transfer was attached a diagram framed from the survey by S. de Kock in 1895. In 1905 the land was transferred to the Pretoria Municipality by Crown Grant. I have to thank the Surveyor-General for the information about the ownership and dimensions of Church Square.

Today all Pretorians should be thankful for the foresight of the Government of the South African Republic in purchasing the land from the Church authorities, otherwise there would have been no obstacle, other than public outcry, to the church authority, if that body so desired, erecting buildings all round the Square leaving the 79 feet roadway only if they agreed to that boundary.

The Church built during 1854 - 1857 was a simple structure but contained seating accomodation for 700 - 800 people. It was enlarged and rebuilt during the 1860's and burned down during 1882 and replaced by a large cruciform church with a tower surmounted by a steeple at the east end, and to preserve the original church-fort complex a door faced each of the north, south, east and west streets. The church continued to be used until 1904 when the congregation moved to the new church at the

corner of Bosman and Vermeulen Streets. Most of the church fittings had been moved to the new church when news came that President Kruger had died in Switzerland and was to be buried in Pretoria.

It was arranged that the body should lie in state in the old church for a few days before the funeral and an edifice was erected on the south side of the church, facing the Old Government Buildings, from which valedictory speeches were to be delivered on the day of the funeral. All was ready for the arrival of the body when an official of the Public Works Department reported that the steeple was in danger of falling down. To prevent this happening during the service it was at once decided to remove the steeple.

The orations were to be made at the west end of the church and that is where the mourners would accordingly be, while the steeple was at the east end. However, a steel cable was placed round the top of the steeple and the two ends fixed to a traction engine (which in those days was the most powerful vehicle on the road in Pretoria). When all was ready the engine made a rush in the direction of Bureau Lane, but before it got so far the vehicle stopped, the cable became taut, and for a moment the front wheels of the traction engine were off the ground and down came, not the steeple, but the weather vane and the small piece of zink sealing the top of the steeple. The applause by the delighted onlookers was great.

Telephone rentals in those days was £17 a year for an unlimited number of calls, so it is easy to understand why so few private residences had one, and this makes it difficult to explain how the residents living beyond the central area got to know that something worth seeing was taking place on Church Square — but the crowd soon arrived.

While the cable was again — and yet again — being passed round the steeple the question was asked: “What is wrong with the steeple? It has been up for less than twenty years.” But all that happened when the cable became taut was that the engine stopped with its front wheels off the ground — the steeple keeping its head erect all the time. Every effort was well applauded. It is not possible to say whether the official who reported that the steeple was unsafe, had a good night’s sleep or not, but the operation was continued the following day with two traction engines, but every time the cable became taut it left the steeple and the front wheels of the engine in the air. It was a real fete day, nothing to pay, and the gleeful onlookers enjoying it to the utmost. The output of work in shops and offices must have been well below normal judging by the number of onlookers.

The few people who did not enjoy the fun were the members of the Public Works Department, and obviously they were troubled. When the steeple finally came down and the rubble cleared away the officer responsible for the original report was no doubt called upon for an explanation which would have made interesting reading had it been made

public. The failure of the two traction engines to pull down the "dangerous" steeple caused operations to be suspended while a man went up and removed a few bricks from the lower courses. The cable was again placed in position and the traction engines rushed forward for the last time, and as the cable tightened a small part of the steeple fell into the roadway, but the bulk, pushed westward, smashed the roof of the church, fell into the nave and smashed the organ which at once made the building unsuitable for the lying-in-state.


This unexpected climax brought consternation to everybody and an embarrassed Government at once offered the Volksraad Chamber for the lying-in-state, but the officiating body chose the newly completed Suzanna Hall for the purpose, and on the day of the funeral the body was brought from Vermeulen Street to Church Square for the valedictory service.

The demolition of the church was completed early in the new year and the pedestal for the Kruger Statue, which stood a little beyond the western end of the church, was also removed and re-erected in Prince's Park. When the rubble had been cleared away the Square was bare except for the poles supporting the telegraph and telephone wires.

For a year or so the Square was used occasionally for ceremonial military parades, torch-light tatoes etc. On these occasions the Municipality erected wooden staging on the pavement round the Square, leaving openings for entrances to the buildings. The same staging was used several times and as the seats were free they were filled by thankful Pretorians and visitors.

In the meantime, Messrs. Lewis and Marks who, ten years earlier, had donated the Kruger Monument, presented a fountain for the centre of the Square. This fountain is now in the Zoological Gardens, but when on the Square it stood upon two or three broad granite steps which gave it a more dignified appearance than it has today. The fountain, however, was never regarded as anything more than a stop-gap while some scheme for a new lay-out for the whole Square could be worked out.

The opportunity came a few years later when it was decided to replace the horse-drawn trams by an electrical system. The extended system included a line east and west of the Square and south to the Railway Station. That was accepted, but when the proposal was made that the line to the Zoological Gardens should go along Market (now Paul Kruger) Street, the town was in an uproar. The utilitarians wanted the Square to be crossed by tram lines from east to west and north to south, with four small plots which would be laid out as gardens -- each about the size of a pocket handkerchief. The opponents wanted the line to the Zoo to travel along St. Andries Street and the east-west line to go round the south side of the Square. That party won the day but then the question arose as to how the central part of the Square was to be finished off, and it seemed as if it were to be laid out horticulturally.



Just when it appeared that everybody was satisfied a letter appeared in the Press signed by two Pretorians with foresight and taste — Dr. Engelenburg, editor of *DIE VOLKSTEM*, and Mr. W. J. de Zwaan, architect, who pointed out that Church Square had about the same dimensions and slope as Trafalgar Square, and suggesting that Church Square should also be laid out architecturally. Argument broke out afresh, the main question being: Who is going to pay? Pretoria, it was generally felt, could not afford such a costly plan. Fortunately the idea was ultimately accepted by most of the town councillors, and by Mr. Walton Jameson the Town Engineer and many influential Pretorians. Models showing what the Square should look like soon appeared. Ultimately, the Council asked architects to submit designs for the lay-out, and that submitted by Mr. V. Rees-Poole (who is still in practice in Pretoria) won the One hundred guinea prize.

All disagreement on the subject did not cease when the design was accepted. The cost troubled many councillors, especially as they were divided on the important matter of the material to be used. The Town Engineer, supported by some of the councillors, wanted the work carried out in granite, but the majority — because of the cost — voted for freestone. The Town Engineer was instructed to call for tenders for the work to be done in freestone. He had perforce to comply, but he asked all tenderers to submit an alternative price for granite.

During the period between calling for prices and the opening of the tenders, the advocates of granite must have done a lot of lobbying. The Town Engineer's main argument was that granite would last for a thousand years and the upkeep would be negligible, whereas freestone was quite unsuitable for use in Pretoria where the iron pyrites in the soil affected it adversely. He was able to point to the Union Buildings, then not completed, where the lower courses were at that stage already discoloured.

After the opening of the tenders, the Council agreed to the use of granite, for which they are entitled to the thanks of Pretorians for many generations to come. The white population at that time was about 40,000, and the estimated cost of the project was £36,000, which figure was certainly exceeded. Has any other town in the Union spent £1 per head of its white population on a work of adornment for its town?

Mr. Jacob Epstein (now Sir) contracted to come to Pretoria to carve two lions in granite which were to be placed, one on either side of the lower steps at the southern entrance to the Square. If one stands on the landing between the two flights of steps the bases for the two lions will be seen, one on each side. People probably wonder why those two blocks of



The Marks Fountain, Church Square, Pretoria.

Ceremony of turning on the water.

This fountain is now in the Zoological Gardens.

granite were left with rough tops. The reply is simple — that the sculptor never arrived to carve the lions.

The Town Council decided to have the centre of the Square adorned with statues of eight prominent South Africans, although this was not part of the original design. On the outer edge of the circle around the Kruger monument a bronze lamp stands on each side of the four paths that converge there. The lamps stand on the granite bases at ground level that were put down for the statues. Subsequently a wise Town Council decided that agreement on the prominent South Africans could never be reached, and the eight bronze lampposts were erected instead of the statues.

It has been stated in certain brochures on the town that the eight statues were to be erected on top of each of the eight pylons at the entrances to the Square. Six of the pylons have tops that are neither flat nor large enough for a small statue and at the same time they are much too high for such a purpose.

A few years ago the architect, Mr. Rees-Poole, told me that a few people suggested that statues of Generals Botha and Smuts should surmount the two large pylons at the southern entrance, but the idea did not fit in with his views on the subject.

While in London some years ago I attended a lecture on building stones at the Geological Museum, and a slide was shown of a granite surround to a bank entrance in London, and the lecturer remarked that he knew of no instance where granite had been used more decoratively. To my way of thinking, it was very plain, so I obtained photographs of the two pylons at the southern end of the Square on which the coats of arms of the Union and Pretoria have been carved. The lecturer was surprised that granite could be so finely worked. He asked for the negatives so that slides could be made and when the negatives were returned he wrote to say that the slides would be used at future lectures. These two pylons are well worth inspection. On each pylon has been carved the Pretoria coat of arms and the Union coat of arms, one in front and the other at the back, the order being reversed on one of the pylons so that both coats of arms face north and south.

In addition to these two pylons there is another pair or ornaments which can be classed as architectural gems. They are the fountains, one on each side of the central steps and midway along the retaining walls. A walk across the lawn to one of the fishponds will show, recessed in the retaining wall, a semi-domed fountain with a projecting carved head emitting a stream of water into the pool below. The projecting surround to the recess is carried up to intercept the balustrade which is recessed for a seat on the reverse side above pavement level. In the many brochures that have been issued by the City Council and the Pretoria Publicity Association I have no recollection of ever having seen photographs of either the pylons

or the fountains. Is it possible that they have remained unnoticed for nearly half a century?

These items should not be overlooked when visitors are shown the grandeur of Church Square.

In the erection of the Kruger Monument on Church Square a grave error was made, many Pretorians feel, in using a garish granite for the base which clashes harshly with the grey granite of the main features of the Square. The general effect of the grouping of the figures is also at fault in that one's attention is attracted to the subordinate figures, (which however should not be overlooked) rather than to the principal statue. Furthermore, the despondent, humped back of the statue faces that side of the Square where public gatherings are held. On the original pedestal the front of the statue was to face the Raadsaal and it is a pity that it is now facing in the opposite direction.

The grey granite used for the pylons, walls and balustrade on the Southern half of the Square came from Halfway House, while on the northern half Bon Accord granite or norite was used for the small posts supporting the bronze chains.

There might be other views, but many of us feel that the beauty of the Square has been enhanced by the horticultural efforts of the present Director of Parks, Mr. Bruinslich.

When showing your visitors Church Square you are doing an injustice simply by walking round or through it. Stop, look at the pylons, the fountains, the wall and the balustrade. Look, and be grateful to those who made this work of adornment possible. An old friend of mine once remarked that the beauty of Cape Town and Durban was there before the arrival of man, but the beauty of Pretoria was created by its citizens.

The number of Scottish residents in the early days of Pretoria was no doubt responsible for the large gatherings of Pretorians of all ages in Church Square to welcome in the New Year. From 10.00 p.m. onwards Church Street was packed with Pretorians on "pantoffel parade", as the Dutch called it. Cafes were crowded but as the old year drew to its end people gravitated to the Square where they formed a huge circle. As the clock struck midnight hands were crossed and joined and Auld Lang Syne would be sung with deep feeling.

Although many carried a bottle of the Spirit of Scotland (6/6 a bottle in those days!) which was handed round to friends and strangers alike, there was no drunkenness or disorder. It was a huge family gathering, the like of which is unknown in Pretoria today. There were no water pistols or paper tassels with wooden handles pushed into one's face to cause annoyance and even injury. It was the arrival of those "aids to enjoyment" that caused families to remain at home instead of assembling on the Square.

C. J. BEANES.

BURGERSPARK

ONTSTAAN VAN DIE OU BOTANIESE TUIN.

BURGERSPARK is Pretoria se oudste park. Op 2 Augustus 1961 sal dit presies 'n honderd jaar wees dat C. A. Preller in 'n brief aan die destydse regering van die Suid-Afrikaanse Republiek die gedagte uitgespreek het dat in die dorp Pretoria — wat sopas in die vorige jaar die regeringsetel van die Suid-Afrikaanse Republiek geword het, behalwe vir die aanlê van een of meer parke, daar ook voorsiening gemaak moes word vir 'n *Botanische Tuin*. Daar is egter geen onmiddellike uitvoering aan Preller se wenk gegee nie.

Eers in 1874 het president T. F. Burgers aan die saak daadwerklike aandag geskenk toe hy in de Volksraad 'n voorstel ingedien het waarin die wenslikheid van die aanlê van 'n „Botanische Tuin” in Pretoria bepleit is. Die Volksraad was die voorstel van die President goedgesind en op 8 Oktober van daardie selfde jaar het die Raad besluit om 18 erwe in Pretoria vir die aanlê van 'n „Botanische Tuin” te skenk. Benewens die skenking van die waardevolle erwe (wat destyds besig was om uitgemeet te word) het die Volksraad ook £100 per jaar vir drie jaar bewillig vir die aanlê en instandhouding van die Tuin wat direk onder toesig van die Regering gestaan het. Hierdie 18 erwe was geleë tussen (Jacob) Maré-, Van der Walt- en St. Andriesstraat (soos die straat destyds genoem was). Burgersparklaan, die teenswoordige noordelike grens van die park, het eers mettertyd tot stand gekom.

PROBLEME IN VERBAND MET DIE INSTANDHOUDING VAN DIE BOTANIESE TUIN.

OP 7 Desember 1874 is daar 'n ooreenkoms aangegaan tussen staatssekretaris N. J. R. Swart en John Hunter McLea (voorheen kurator van die botaniese tuin op Graaff Reinet) waarvolgens McLea teen 'n jaarlikse besoldiging van £300 as eerste kurator van die Tuin aangestel is. Op 6 Maart 1875 het McLea 'n afskrif van 'n „huishoudelike” reglement vir die tuin aan die Staatssekretaris voorgelê.¹⁾

Teen die einde van 1874 is verskeie vry gifte van allerlei soorte boom-, blom- en struiksade ontvang o.a. van McGibbon van die Kaapse Botaniese Tuin, van J. C. Preller van Pretoria en van die heer Brink by die Fonteine.²⁾

Die Volksraad het op 25 Mei 1875 die £100, wat voorheen belowe is, toegestaan maar het geweier om die voorgenoemde kontrak met McLea te bekragtig. Ook die naturelle-arbeiders is uit die Tuin teruggetrek.³⁾ Die Staatspresident en Staatssekretaris was gedurende hierdie tyd in die buiteland.

In Junie 1875 is 'n goed-bygewoonde openbare vergadering in die Volksraadsaal gehou, van burgers wat belanggestel het in die welvaart van hulle dorp en vriende van die Staatspresident, onder voorsitterskap van J. R. Lys. Hier is 'n komitee bestaande uit S. J. Meintjies, H. van Breda, J. C. Preller, J. Brooks, met D. M. Kisch as voorsitter en eerw. George Sharley as sekretaris, aangestel om hulle vir die voortsetting van die werk vir die Botaniese Tuin te beywer. Die Komitee het opdrag gekry om geldelike bydraes, in die vorm van gereelde subskripsie, vir die werk van die publiek te probeer verkry.⁴⁾ Tydens een vergadering aan die huis van D. M. Kisch is £57. 11s. gekollekteer.⁵⁾

Aan die einde van 1875 het McLea bedank en O. Lincke is in sy plek aangestel.⁶⁾ Lincke se salaris was £200 per jaar.

President Burgers het na sy terugkeer dit betreur dat sy opdragte in verband met die Botaniese Tuin in sy afwesigheid verontagsaam is. President Burgers het baie belang in die Tuin gestel, en hy het selfs beloof om die salaris van die kurator uit eie sak te betaal as dit nie anders kon nie. Die doel van die Tuin was ook om landboubelange te bevorder. Verskillende sade en plante is uit die buiteland bestel en reeds op 5 Januarie 1876 kon die Staatsekretaris in die Staats Courant bekend maak dat die publiek daar verskillende soorte eucalyptusbome, dennebome, akasias en sipresse, asook struike, blombolle en aarbeiplante kon kry.⁷⁾

POGINGS OM DIE GROND VIR ANDER DOELEINDES TE GEBRUIK.

IN 1877 was daar 'n verdere interessante ontwikkeling toe besluit is om 'n nuwe tuin op *Knoppiesfontein* ('n naam wat blykbaar heeltemal in die vergetelheid geraak het), twee myl buite Pretoria in 'n westelike rigting, aan te lê. Die gedagte was dan om op die beskikbare 175 akkers grond 'n modelboerdery aan die gang te sit onder bestuur van G. Baikie. Die nuwe tuin buite die dorp sou in die plek van die oue kom en laasgenoemde sou dan tot niet gemaak word. N. J. R. Swart, die eertydse Staatsekretaris van President Burgers, maar destyds in Engelse diens, het in Junie 1877 dit as sy mening uitgespreek dat die ligging van die Ou Botaniese Tuin swak gekies was en daarby was die grond nog boonop rotsagtig. Vir daardie rede het Swart aan die Engelse Tussenregering voorgestel dat die Ou Botaniese Tuin liewer verkoop en 'n nuwe een in 'n ander geskikter omgewing aangêlê moes word.

Gedurende hierdie tyd was Transvaal deur Engeland geannekseer. Shepstone se doel was om 'n proefplaas te skep waar uitheemse bome en plante geakklimatiseer kon word en wat ook as 'n opvoedkundige inrigting kon dien.

Die Tussenregering was ten gunste van die oorpasing en mettertyd is die Botaniese Tuin na sy nuwe omgewing oorgeplaas en het die Ou



Botaniese Tuin in volslae verwaarlosing geraak. Die grond is egter nie verkoop nie.

Hier kan terloops vermeld word dat die gedagte in 1890 ontstaan het om 'n Kranksinnige Gestig in die Nuwe Botaniese Tuin op te rig wat dan ook mettertyd gebeur het.

In 1885 vind ons die volgende beskrywing van die ou botaniese tuin in 'n brief geskryf deur mev. (dr.) Leyds:

„Voor ons huisje is een vierkante ruimte met gras en onkruid begroeid. Daar was vroeger de botaniese tuin door Burgers aangelegd. De Engelschen hebben echter de planten er uit gehaald en naar een andere plaats gebracht, waar ze nu staan en verrotten. Nu wordt die ruimte voor ons huis gebruikte voor cricket en lawn tennis”.⁸⁾


In 1887 wou die heer Mears 30 erwe in Sunnyside in ruil gee vir die Ou Botaniese Tuin. In dieselfde jaar het die Ned. Hervormde Gemeente van Pretoria, by monde van ouderling Prinsloo, 'n gedeelte van die Ou Botaniese Tuin aangevra vir kerkboudoeleindes. Hierdie aansoek om erwe het gekom na die destydse Kerkvereniging toe 'n gedeelte van die lidmate van die Ned. Herv. Kerk nie met die vereniging wou akkoord gaan nie en toe in 1887 nie oor 'n eie kerkgebou beskik het nie en pogings moes aanwend om grond in die hande te kry vir die bou van 'n nuwe kerk. In 1888 was daar egter sterk protes teen die afstaan van erwe in die Ou Botaniese Tuin. Soos verwag was, het die Volksraad die aansoek geweier nadat verskillende sprekers, waaronder ook president Kruger, die hele ontstaan en ontwikkeling van die Ou Botaniese Tuin verduidelik het.

Die jaar daarna wou die regering egter daartoe oorgaan om die Ou Botaniese Tuin aan dr. Ameshoff, 'n advokaat van Pretoria, te verhuur. Hy wou 'n hotel van £15,000 oprig wat later deur die Staat as museum oorgeneem kon word. Die Volksraad het die kontrak goedgekeur maar voordat die kontrak aangegaan is, het die publiek egter deur middel van 'n memorie veroorsaak dat die Ou Botaniese Tuin as „publieke recreatie grond voor Pretoria en distrikt” behou word. Die memorialiste het ook onderneem om die terrein behoorlik te laat omhein, met sierbome te laat beplant, en „het verder in behoorlijke orde te bewaren voor Publiek gebruik en vrij van alle koste.” Blykbaar as gevolg van hierdie besware is Ameshoff se skema laat vaar.⁹⁾

Die N. H. of G. Gemeente van Pretoria het in dieselfde jaar vertoë tot die regering gerig het om 'n gedeelte van die Tuin aan hulle af te staan vir die bou van 'n kerkgebou. Die regering het egter die aansoek van die



BURGERSPARK. Die foto is vanuit 'n suidwestelike rigting geneem; hoek van Andries- en Jacob Maréstraat links op die voorgrond; Van der Waltstraat regs en Burgersparklaan op die agtergrond.



STANDBEELD VAN PRESIDENT THOMAS FRANCOIS BURGERS.

Vanaf 1872 tot 1877 President van die Z.A.R.

hand gewys en wel op dieselfde gronde waarop die weiering van die versoek van die Ned. Herv. Gemeente van Pretoria gebaseer was. Op 2 November 1889 het die Uitvoerende Raad as volg besluit — „Aan gezegde Eerw. Kerkraad te antwoorden dat het buiten de macht ligt over gezegde Botanischen Tuin zoodanig te beskikken”

OPKNAPPING EN VOORTBESTAAN VAN DIE OU BOTANIESE TUIN AS BURGERSPARK.

IN 1890 was daar sprake dat die Ou Botaniese Tuin in 'n gewone park verander sou word. Die heer Sytze Wierda, die destydse Goewermments Ingenieur en Argitek, het dan ook die opdrag ontvang om 'n geskikte ontwerp vir 'n *Lustuin* te maak, of soos dit ook later genoem is: 'n *Ry- en Wandelpark*. Die tender van Heys vir 'n bedrag van £7,775. 10s. is aangeneem om die Tuin op te knap. Onder andere sou daar ook vier tennisbane, sowel as 'n sportterrein aangelê word. Verder sou 'n klipdam in die middel van die park gebou word, „waar”, soos ‚De Volksstem’ berig het, „het frissche nat het oog kan verkwikken”.

In April 1894 is die 24 regulasies m.b.t. die Ry- en Wandelpark in die koerante afgekondig.

In die vier-en-twintig voorgenoemde „Regulaties voor het Rij- en Wandelpark gelegen tusschen St. Andries-, Maré, Van der Walt- en Parkstraten” is onder andere bepaal dat: —

- (i) die Park „Burgerspark’ ’sal heet;
- (ii) die Park onder toesig van die Landdros sal staan, „ter zijde gestaan door een door hem te benoemen honoraire commissie van 5 leden”;
- (iii) 'n lid van die kommissie in die plek van die Landdros sal optree wanneer laasgenoemde afwesig is;
- (iv) die Landdros daartoe geregtig is om van die dienste van bandiete, karre en waens gebruik te maak om die Park skoon te hou, gruis en ander benodighede aan te ry, en ander werksaamhede, wat in verband met die instandhouding van die Park nodig mag wees, te verrig;
- (v) die Park daaglik van 6 vm. tot 9 nm. sonder betaling vir die publiek oop sal wees, maar dat dit hoogstens 4 Woensdag- of Saterdagmiddae na 12 middag vir sportbyeenkomste deur die Landdros gesluit kon word — in hierdie gevalle sou toegangsgeld gehef kon word van hoogstens 1/- per volwasse persoon en 6d. per kind onder 16 jaar met die voorbehoud dat kinders onder 6 jaar geen toegangsgeld sou betaal nie mits hulle onder toesig was;
- (vi) kleurlinge nie in die Park toegelaat word nie behalwe as kinderoppassers en mits deur hulle werkgewers vergesel;
- (vii) fietsryers alleen die groot suidelike hek sal gebruik en in die Park slegs op die aangewese „grootte ronde baan” toegelaat word om te ry en dan nie meer as twee langs mekaar nie, behalwe soos anders

- deur die Landdros bepaal en dit wanneer die Park vir die publiek gesluit is;
- (viii) fietsryers verantwoordelik gehou word vir alle skade deur hulle veroorsaak;
 - (ix) voertuie, wat met goedere belaa is, en slagkarre nie deur die Park mag ry nie;
 - (x) die „speelreinen” slegs met die goedkeuring van die Landdros gebruik sal word en dan alleen vir „spelen” wat volgens sy mening „voor het publiek en het plantsoen geen gevaar opleveren”;
 - (xi) die Landdros op die speelterrein „getimmer” kan laat oprig;
 - (xii) dit verbode is om op die grasperke te loop, te sit of te lê en om blomme te pluk;
 - (xiii) geen vergaderings in die Park gehou mag word nie en op Sondag geen „spelen” nie;
 - (xiv) handelaars slegs met die toestemming van die Landdros in die Park goedere mag verkoop;
 - (xv) een-derde van alle toegangsgeld aan die Landdros oorbetaal en in die staatskas gestort word uitsluitlik vir die instandhouding van die Park;
 - (xvi) honde slegs aan ’n band in die Park toegelaat word en dat oortredings in hierdie verband met ’n boete van 1/- strafbaar is;
 - (xvii) die Opsigter en sy personeel direk onder die Landdros staan en by herhaalde nalatigheid kon die Landdros die werknemers ontslaan;
 - (xviii) oortredings van die Regulasies volgens die landswette strafbaar is; en
 - (xix) afskrifte van die Regulasies op sigbare plekke in die Park aangebring moet word.¹⁰⁾

Terselfdertyd is berig dat die Ry- en Wandelpark in die toekoms as *Burgerspark* bekend sou staan, ter ere van president Burgers wat in 1874 daadwerklike pogings in die werk gestel het om die Botaniese Tuin aan die gang te kry. Vanaf 1894 kry ons dan ook gereeld verwysings na Burgerspark, terwyl die naam Heyspark ook af en toe gebesig is.

Aangesien die inkomste van die Park, ingevolge die bepalinge van die Regulasies hopeloos onvoldoende was, moes die Park noodwendig met staatsfondse onderhou word. Daarbenewens is die volgende werke byvoorbeeld ook op staatskoste verrig: —

- (i) ’n kiosk of musiekkoepeel is teen ’n koste van £272 opgerig; en
- (ii) verbeterde omheining van ystertraliewerk is teen ’n koste van £977. 10s. aangebring.¹¹⁾

Ter geleentheid van die kroning van Koningin Wilhelmina van Nederland is daar teen die einde van Augustus en aan die begin van September 1898 op ’n lusterryke wyse feesgevier in die ou Transvaalse Hoofstad. Die „Wilhelminaboorn” wat by daardie geleentheid in die suidwestelike hoek

van die Burgerspark geplant is, is nog steeds 'n lewende herinnering aan daardie gebeurtenis.



*Die Koningin Wilhelmina-boom".
In 1898 in die suidwestelike hoek
van Burgerspark geplant by geleent-
heid van die kroning van Wilhelmina
tot Koningin van Nederland.*

OPRICHTING VAN STANDBEELDE.

IN 1902 was daar 'n voorstel in die Stadsraad van Pretoria dat die Krugerstandbeeld in Burgerspark, in plaas van Prinspark, opgerig moes word. Die voorstel is egter deur die meerderheid van die raadslede verwerp op grond van die oorweging dat Burgerspark te klein sou wees vir die oprigting van die standbeeld! Agterna beskou was dit maar goed so dat die kleinlikheid van die destydse raadslede geseëvier het, want nou staan die beeld van president Kruger uiteindelik op sy regmatige plek in die hart van Pretoria, en op 'n sentrale plek in die park waarvan hy die stigter was, pryk uiteindelik die sierlike standbeeld van die eens miskende president Thomas Francois Burgers, wat in 1955 onthul is.

¹⁾ CLOETE, J. J. N.: Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Munisipale Bestuur en Administrasie van Pretoria tot 1910; (D. Phil-proefskrif — Universiteit van Pretoria — Augustus 1957) p.90.

²⁾ PIETERSE, J. J.: Die Geskiedenis van Pretoria tot 1877; (M.A.-verhandeling— Universiteit van Pretoria — Januarie 1942) p. 43.

³⁾ CLOETE, J. J. N.: a.w. p.90.

⁴⁾ CLOETE, J. J. N.: a.w. p.91.

⁵⁾ PIETERSE, J. J.: a.w. p.44.

⁶⁾ Geskiedenis van die stad Pretoria. Uitgegee in die Eeufeesjaar 1955 deur die Stadsraad van Pretoria; p.24.

⁷⁾ Geskiedenis van die stad Pretoria; a.w. p.24.

⁸⁾ Geskiedenis van die Stad Pretoria; a.w. p. 24.

⁹⁾ CLOETE, J. J. N.: a.w. p.96.

¹⁰⁾ CLOETE, J. J. N.: a.w. p.97.

¹¹⁾ CLOETE, J. J. N.: a.w. p.99.

J. P. ENGELBRECHT.

JOHN HUNTER McLEA —

Pretoria se Eerste „Direkteur van Parke”

IN die werk „Die Rand en Sy Goud” deur J. L. P. Erasmus wat in 1944 by J. L. van Schaik die lig gesien het, verskyn daar ’n kort lewensbeskrywing van John Hunter McLea, die persoon wat verantwoordelik was vir die uitleg van Burgerspark (destyds bekend as die Ou Botaniese Tuin).

J. H. McLea is gebore op 24 Mei 1836 in Edinburgh, Skotland. Sy vrou, Margaret Haddow Hunter, wat hy in Graaff-Reinet ontmoet het en daar met haar getroud is, was uit Ayrshire, Skotland, afkomstig.

McLea het na Suid-Afrika as ’n opgeleide plant- en tuinboukundige geëmigreer en het jarelank op Graaff-Reinet gewoon, waar hy ook op 16 Desember 1878 oorlede is. Op Graaff-Reinet het hy die Botaniese Tuine uitgelê, waarop later voortgebou is. Ook het hy daar ’n boomkwekery aangelê, waar jong boompies wat hyself gekweek het, en ook ander plante, gekoop kon word — alles glo van die beste soorte wat hier te lande en van oorsee te kry was.

Op uitnodiging van president Burgers, met wie McLea goed bevriend was, het die hele familie Graaff-Reinet in Februarie 1873 op pad na Transvaal verlaat. De trekgeselskap het bestaan uit die ouers, drie seuns, twee dogters en twee Kaapse volk, wat as touleier en drywer in diens geneem was. Hulle rytuig was ’n groot veerwa met twee tente wat aan weerskante van die wa vir slaapdoeleindes ingerig was. Die wa is getrek deur tien uitgesoekte osse, die sg. Hendrik Albertyn-transporttrekvee. Hulle het oor Middelburg en Colesberg gereis en vandaar na Roos se Pont op die Oranjerivier. Aangesien dit destyds baie gereën het en die Oranjerivier vol en onbegaanbaar was, moes hulle sewe dae by die vol rivier oorstaan voordat hulle kon deurkom. Vandaar is hulle oor Philippolis en Jacobsdal na Kimberley. Van Kimberley is hulle na Christiana, waar hulle met Blignaut se Pont oor die Vaalrivier is (oorspronklik in 1856 gebou deur A. F. du Toit wat toe op pad was na Pretoria om hom daar te vestig en later Pretoria se eerste landdros te word), en vandaar is hulle oor Bloemhof en Klerksdorp na Potchefstroom, waar die McLeas vir ’n paar dae by vriende vertoef het. Van Potchefstroom het hulle in die rigting van die Olifantsnek op pad na Rustenburg gereis. In Rustenburg het hulle gekuier by die Van der Merwe’s met wie hulle vroeër op Graaff-Reinet bevriend was.

Toe hulle van Rustenburg verder gereis het op pad na Pretoria en mnr. McLea langs die pad besig was om struik en plante te ondersoek, het hy

toevallig vir Paul Kruger, die latere Staatspresident, raakgeloop. Toe hy by sy wa terugkom, vertel hy dat hy 'n sterk persoonlikheid en 'n pure leier in die persoon van kommandant Paul Kruger ontmoet het. Hy verseker sy mense verder dat Kruger die sterkste en interessantste persoonlikheid het wat hy nog ooit ontmoet het. In 1873 het die Krugers nog op Waterkloof, 'n paar myl buite Rustenburg, op die pad na Pretoria gewoon, en dit is waarskynlik dat mnr. McLea vir kommandant-generaal Kruger êrens op sy plaas teengekom het. Die volgende jaar het die Krugers na Boekenhoutfontein, ongeveer 13 myl noord van Rustenburg, verhuis.

Op Pretoria het die McLeas vriende van hulle, die Glynns, ontmoet en hulle is vandaar saam na die Oos-Transvaalse goudvelde waar die delwers besig was om na alluwiale goud in Pelgrimsrust se wêreld te soek.

Mnr. McLea was egter meer geïnteresseerd in sy botaniese werk en mettertyd is hulle oor Sabie terug na Lydenburg en vandaar na Pretoria waar die McLea-gesin teen die einde van 1873 aangekom en hulle gevestig het.

In Pretoria het mnr. McLea weer opnuut kennis gemaak met president Burgers, nadat hulle mekaar in Graaff-Reinet leer ken het. McLea het sy wa langs die geelkleurige huis van die President op die suidoostelike hoek van Kerk- en Prinsloostraat, aan die oostekant van die markplein, uitgespan en daar tent opgeslaan. Die President was bly dat sy ou vriend hom nou ook in Pretoria kom vestig het, en volgens Erasmus in bg. werk, het die President vir McLea tot „Staatsbotanis” benoem. McLea het mettertyd ook die opdrag ontvang om die teenswoordige Burgerspark uit te lê.

Hier aan die suidekant van die park het McLea 'n huis gehuur en sodoende 'n buurman geword van ds. Begemann, mev. MacCorkindale, die Van Boeschotens en ander. Die heer Van Boeschoten het 'n aandskool geopen en John Hunter McLea jr. het saam met die seuns van die Van Boeschotens, die Jutas, die Stiemense, die Bergmanns, en ander, die skool bygewoon. Dan was daar ook nog die Jeppes, die Lovedays, die familie Lys en ander vooraanstaande ingesetenes.

In dié tyd het mnr. McLea 'n stuk grond, 'n gedeelte van Sunnyside aan die oostekant van die Apiesrivier, vir £200 met vrye weiregte oor die plaas, gekoop. Daarop het hy 'n huis gebou waarin die McLeas gewoon het gedurende hulle verdere verblyf in Pretoria.

In 1875 kon mnr. McLea nie langer in Pretoria bly woon nie. Hy het toe alles uitverkoop en met sy gesin is hy in 'n bokwa en 'n span van 16 osse terug na Graaff-Reinet waar hy bly woon het tot met sy dood in Desember 1878.

H. M. REX.

Ds. S. J. du Toit, Superintendent van Onderwys in die Z.A.R., het deur sy wetgewing 'n staatskool vir hoër onderwys (d.w.s. alle onderwys bo St. VI) in die lewe geroep, wat in 1883 onder die naam van „Opleidingskool” in Pretoria geopen is. Om 'n voldoende toevoer van leerlinge te verseker, is 'n jaar later 'n Voorbereidingskool, wat onderwys tot St. VI gegee het, aan hierdie inrigting verbind. In 1887 is die twee afdelings geamalgameer en kort daarna het dit as die „Gymnasium” onder leiding van mnr. Wessel Louis, voorheen van Potchefstroom, een van die belangrikste skole in Pretoria geword. Onderwysers en amptenare is daar vir hulle werk voorberei en 'n klein aantal het na Nederland vir verdere studie gegaan. Beurse vir verdere studie in Nederland is deur die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging toegeken en ook die Regering van die Z.A.R. het fondse vir vier studiebeurse bewillig. Mettertyd, onder leiding van dr. N. Mansvelt, het die Staatsmodellskool en die Staatsgymnasium tot stand gekom en het mnr. Louis se skool opgehou om te bestaan, terwyl mnr. Louis 'n dosent aan die Nuwe Gymnasium geword het.

Van daardie belangrike skool, waarvan 'n deel van die geboue vandag nog in Prinsloostraat staan en Indiërwinkels huisves, vertel een van die weinige oorlewende oudleerlinge, nl. die alombekende mnr. S. J. („Oom Fanie”) Bezuidenhout die een en ander oor . . .

„Meester” Wessel Louis se Skool in Pretoria

ONS teenswoordige geslag het so min kennis van sekere aspekte van die roemryke geskiedenis van ons volk, dat ek op versoek iets wil bydra — hoe eenvoudig dit ook al mag wees — om die verlede waarvan ons persoonlike herinnering het, 'n bietjie bekend te stel.

Op 2 Julie 1890 het ek as 12-jarige seun van Potchefstroom in Pretoria aangekom om ingeskryf te word as 'n leerling van die Ou Gymnasium wat geleë was op die suidoostelike hoek van Kerk- en Prinsloostraat, regoor die markplein. Die hoof van die skool was mnr. Wessel Louis, 'n Hollander.

Dit was Julievakansie toe ek hier aangekom het. Moet nou nie vir my lag nie want ek het nie geweet wat die woord „vakansie” beteken nie! Ons het altyd gehoor dit is „holiday” in die dorp en dan werk die mense nie. Eers later het ek uitgevind dat vakansie „holiday” beteken!

Nouja, daar was darem seuns by die skool wat nie kon huistoe gaan nie omdat hulle ouerhuise te ver weg van Pretoria was en vervoergeriewe destyds nog nie soos vandag was nie.

Van die seuns het my toe na my kamer geneem wat 'n entjie weg van



*Hierdie foto is geneem vanaf die huis van dr. W. J. Leyds op die suid-wes-
westelike hoek van Van der Walt- en Pretoriusstraat (teenswoordige terrein
van die Culemborg-hotel). Van links na regs verskyn op die foto: Mark-
geboutjie op die Markplein; grasdakwoning van mnr. Wessel Louis (die
eertydse presidentswoning van pres. Burgers) op die suidoostelike hoek
van Kerk- en Prinsloostraat en dan die skoolgebou van mnr. Louis. Op die
agtergrond lê Meintjieskop. Die ou historiese gebou bestaan vandag nog
in Prinsloostraat teenoor die Markplein.*

die woonhuis van die hoof was. Tot my verbasing was die kamer 'n p rrestal met krib en al! Aan my is toe ges  om my trommel in die krib te sit en my bed is aangewys. Die katel — soos ons 'n bed genoem het — was heeltemal van yster gemak met so'n vier vinger-bre  staal- of ysterplate as mat en verder die gewone goed.

Aan my is toe vertel dat ons skool voorheen die woonhuis en stal van president Burgers was. Later is dit ook aan ons vertel deur die onderwysers tydens die geskiedenisbehandeling en ook deur die hoof van die skool, mnr. W. Louis.

Die skool was in twee afdelings verdeel, nl. die Opleidingskool en die Gymnasium. Die Opleidingskool se drie klaskamers staan vandag nog met sy voorkant na Prinsloostraat — die gebou huisves tans Indi rwinkels — terwyl die Gymnasiumklas in president Burgers se waenhuis waarin sy kar en wa gehou was, gehuisves was. (Oom Fanie beduie dat hierdie

karhuis, wat ons vandag 'n garage sou noem, agter die gebou van die Opleidingskool gestaan het met nog drie ander vertrekke, o.a. die sg. kafferkamer en perdestalkamer.—Red.) Die tuin het tot omtrent die helfte van die blok ooswaarts gestrek, terwyl die erwe aan die suidekant, aan Pretoriusstraat, onbebou was. Ons Engelse klas — een uur elke dag — was in die kafferkamer soos dit algemeen in daardie dae genoem is, gehou. Die eetkamer was in die woonhuis. Badkamers was daar nie. Ons moes maar in die Apiesrivier gaan swem, winter en somer. In die winter kon ons Saterdag net ons voete was want Pretoria was toe nog klein en dun bewoon. Ons een swemplek was waar vandag Du Toit- in Esselenstraat draai, net 'n bietjie na die suidekant waar al die groot woonstelgeboue nou is. Die ander een was in Walkerspruit, ongeveer waar Johnstonstraat — of Johannstraat, ek het vergeet watter die regte naam is — deur Walkerspruit gaan.


Aan die oostekant van Apiesrivier was toe nog nie huise nie maar net plase. Teen Meintjeskop was Eddie Meintjes se huis, ek glo dit staan vandag nog langs die pad wat opgaan Uniegebou toe. Aan die westekant was die huise ver van die rivier af. Destyds was Pretoria-Wes nog nie daar nie.

Toe ek in daardie ou skool was, was daar o.a. die volgende leerlinge: Piet Grobler (die latere Minister van Naturellesake), Jan Kemp (die latere generaal en Minister van Lande), Helgard Bodenstern (die latere professor en Sekretaris van Buitelandse Sake tydens die bewind van genl. Hertzog), Cornelius Weilbach (later dokter in die regsgeleerdheid, advokaat en prokureur), W. E. Bok, jr. (die latere regter), Tjaart Kruger (seun van die President) en soveel ander dat hulle te veel is om almal hier op te noem. Die meeste van die oudleerlinge van daardie ou skool het 'n sukses van die lewe gemaak.

Ons het nie die matrikulasie-eksamen hier gehad nie, net Bloemfontein (Grey Kollege) en die Kaap. Ons hoogste eksamen was die Eerste Klas Onderwyserseksamen, wat — soos die hoof van die skool ons meegedeel het — hoër was as die matrikulasie-eksamen en gelyk gestaan het aan die Gymnasiumeksamen van Holland. Die enigste persoon wat in my tyd die eksamen gepasseer het — en dit met lof boonop — was genl. Jan Kemp. Ander het ook geprobeer maar gesak. Ons skool was destyds algemeen beskou as die enigste hoërskool in die Transvaal en daar was seuns uit die hele Transvaal: uit Pietersburg, Rustenburg, Waterberg, Lichtenburg, Christiana, Bloemhof, Potchefstroom, Heidelberg, Wakkerstroom, Utrecht, Vryheid, Ermelo, Middelburg, en ander plekke.

Vandag woon daar Indiërs in daardie selfde geboue!

Toe 'n gedeelte van die Hervormde Kerk nie met die kerkvereniging wou voortgaan nie en uitgetree het, het die Hervormde Kerk lank in ons skool kerk gehou. Die drie klaskamers het groot voudeure gehad. Wanneer dit oopgevou of oopgemaak is, het dit een groot lokaal uitgemaak. Die predikant van die Hervormde Kerk was ds. Goddefroy, wat op Pretorius-



Mnr. S. J. („Oom Fanie”) Bezuidenhout. Afstammeling van die Bezuidenhouts van Slagtersnek en Potchefstroom; een van die stigters van Ons Eerste Volksbank; daarna vir baie jare Bestuurder en tans nog een van die Direkteure van hierdie unieke en geseënde Pretoriase instelling.

plein, teenoor die huidige Landbankgebou, gewoon het. Later was ds. Van Belkum die predikant.

Die Staatsmodelskool, waar Churchill gevange gehou is en waaruit hy ontsnap het, en die Nuwe Gymnasium op die hoek van Bosman- (destyds nog Koch-) en Proesstraat, is eers later gebou en toe is die Opleidingskool en die Ou Gymnasium daarheen verplaas.

S. J. (FANIE) BEZUIDENHOUT.

DIE STAATSBIBLIOTEK 1883 – 1900

DEUR bemiddeling van die „Nederlandsch-Zuid-Afrikaanse Vereniging” is in die jaar 1883 ’n aantal boeke ter waarde van £200 deur die „Nederlandsche Maatschappij van Letterkunde” te Leiden aan die Z.A.R. geskenk. Die doel was slegs om die Nederlandse letterkunde sover moontlik aan die volk van die Z.A.R. bekend te stel.

Verreikend sou die gevolge van hierdie klein begin wees. Skaars vier jaar later, in 1887, vind die totstandkoming van ’n staatsingestelde biblioteek plaas. Hiertydens het pres. Kruger self die woord gevoer. Die bestuur van die biblioteek is geplaas in die hande van di. H. S. Bosman en Postma bygestaan deur die destydse Supt. van Onderwys en die heer A. Begemann wat as sekretaris en bibliotekaris opgetree het. Hierdie persone was ook bekend as die kuratore en alle ooreenkomste ten behoeve van die biblioteek moes deur hulle geskied. Die voorsitter van die Bestuur is deur die Regering aangestel, gevolglik is aan die bestuur opgedra om self uit hulle midde ’n vise-voorsitter te kies.

Die huishoudelike reëls van die biblioteek is gedateer „Goewernementskantoor Pretoria 11 Okt. 1887” en dra die titel „Regelen van den Staatsbiblioteek der Z.A.R.”

Tydens die sitting van die Eerste Volksraad in 1887 is ’n jaarlikse som van £500 bewillig waarvan na aftrekking van £150, synde salaris van mnr. A. Begemann, die oorblywende £350 aangewend moes word om tydskrifte en boeke aan te koop.

Naas hierdie staatsondersteunde biblioteek was daar ook nog die sg. „Pretoria Public Library” opgebou uit skenkings ter waarde van £700. Fondse vir die instandhouding van hierdie inrigting was bra karig met die gevolg dat die sluiting daarvan onvermydelik geword het. Hierdeur aangevuur tree twee prominente figure na vore in die persone van Rev. Gray en mnr. Nicholson wat die dorp deurkruis in ’n poging om fondse vir die heropbou in te samel. Die publiek het gunstig gereageer met ’n beloofde bedrag van £700.

Die gedagte van amalgamering wat herhaaldelik met die Regering bespreek is, het eers in 1893 ’n werklikheid geword. Op 10 Sept. 1891 is ’n openbare vergadering onder leiding van biskop Bousfield in die „Temperance Hall” gehou. Behalwe Rev. Gray was ook teenwoordig die here Piet Joubert, Nicholson, Beckett, Loveday en Rev. Caderwood. Die onderwerp van bespreking was die oprigting van ’n biblioteek ten behoeve van die Engelssprekende gemeenskap van Pretoria in amalgamasie met die bestaande Staatsbiblioteek. Uit die besprekings het dit geblyk dat die Regering goedgunstiglik toegestem het tot amalgamasie en bereid was om die bestaende subsidie van £600 per jaar te betaal. Verder is met die Regering ooreengekom dat die donateurs van die biblioteek die reg sou hê om vir die bestuurskommissie ’n aantal lede, gelyk in getal met dié

deur die Regering aangewys, te benoem. 'n Komitee bestaande uit biskop Bousfield, Rev. Gray en mnre. Nicholson, Bourke, Crawford en E. P. A. Meintjes sou die publiek verteenwoordig. Hiertydens is Rev. Gray en mnre. Nicholson aangewys as formele ondertekenaars van die ooreenkoms.


Op 4 April 1893, twee jaar na die samekoms, vind die ondertekening van die ooreenkoms plaas tussen dr. W. J. Leyds namens die Regering en genoemde twee here namens die publiek.

Die ooreenkoms, bekragtig deur Uitvoerende Raadsbesluit, Artikel 174 van 4 April 1893, het uit die volgende punte bestaan:

1. „De instelling zal genoemd blijven de Staatsbibliotheek.
2. Het Bestuur zal bestaan uit acht leden waarvan vier, ingesloten de Voorzitter door de Regeering zullen aangesteld worden. De drie leden thans werkzaam als Bestuur der Staats-bibliotheek zullen bestendig worden in hun ambt, en een vierde lid zal worden aangesteld. De overblijvende vier leden van het Bestuur zullen gekozen worden door de intekenaren.
3. De Voorzitter zal bij staking van stemmen een beslissende stem hebben.
4. Vijf leden, ingesloten de Voorzitter of zijn plaatsvervanger (gekozen op de wijze hierna vermeld) zullen een quorum uitmaken.
5. De tegenwoordige Secretaris en Bibliothecaris, de heer A. Begeman, zal bestendig worden in zijn ambt, tot de Regeering het noodig mocht oordeelen een andere voorziening te maken.
6. De notulen der vergaderingen en de correspondentie zullen in de officieele taal opgesteld worden.
7. De beraadslagingen van het Bestuur zullen zooveel mogelijk in de officieele taal des lands gehouden worden.
8. Het Gouvernement, hoewel zich niet verbindende tot het contribueeren van een vastgestelde som jaarlijks, is bereid aan den E.A. Eersten Volksraad aan te bevelen zulk een som toe te staan.
9. De regulatiën voor het beheer moeten in overeenstemming zijn met de voorgaande stipulaties en door de Regeering goedgekeurd worden.
10. Het Gouvernement zal voorziening maken voor een lokaal en zal voortgaan het salaris van Bibliothecaris te betalen, als tot nu toe, of zooals te eeniger tijd in de toekomst zal worden geplaatst op de Begrooting.”

Die bestuur van die biblioteek het ooreenkomstig die regulasies uit die volgende agt lede bestaan: dr. N. Mansvelt (Supt. van Onderwys) die voorsitter, dr. N. Reinink (rektor van die Staatsgimnasium), dr. Molengraaf (Staatsgeoloog), dr. Engelenburg (onder-voorsitter), dr. Gunning (direkteur van die Staatsmuseum), mnre. J. S. Marais (ouditeur-generaal) en Van Kretschmar van Veen (besturende direkteur van die N.Z.A.S.M.)

Drie persone het die eerste personeel uitgemaak t.w. mnre. Jan F. E. Celliers, hoofbibliotekaris, F. T. Nicholson en E. G. Phillips. Laasgenoemde persoon het voor die uitbreek van die Anglo-Boere Oorlog die



Dr. W. J. Leyds, Staatsekretaris van die Z.A.R. (links) en F. V. Engelenburg, Redakteur van „De Volksstem”. Aan hierdie twee uiters begaafde Nederlanders kan ons, as Afrikaners en Pretorianers, nooit genoeg dank verskuldig wees nie. Eer hulle nagedagtenis!

land verlaat ten tye waarvan toe van die dienste van dr. J. W. Stroud gebruik gemaak is.

Die gebou, gevestig op die noordoostelike hoek van Kerkplein was allermins geskik vir die huisvesting van die boeke veral vanweë die gebrek aan ruimte en lig. Ten tye van die onderhandelings oor amalgamering het president Kruger belowe dat by voltooiing van die Paleis van Justisie, spesiale kamers op die eerste vloer afgesonder sou word vir die museum

en biblioteek. In 1896 het die Regering dit egter goed gevind om 'n gedeelte van die destydse Staatsdrukkery, grensende aan Kerkstraat in te rig as Staatsbiblioteek sodra die drukkery na 'n nuwe lokaal verhuis het.

Tussen twee en drie duisend nuwe boeke is met die beskikbare fondse aangekoop. Uit 'n maandelikse verslag van 1894 blyk dit dat die getal intekenare op 191 te staan gekom het. Verskeie skenkers het mildelike skenkings in die vorm van boeke gedoen waarvan dr. Engelenburg, regter Ameshoff, en die „Sweden Borgian Society of London” die belangrikste was. Die totaal van 12,300 boeke is volgens afdelings ingedeel as letterkundig, godsdienstig, geskiedkundig, reisbeskrywend, biografies, wetenskaplik en ensiklopedies van aard, terwyl daar ook 'n afdeling was vir boeke oor sosiale aangeleenthede en boeke met betrekking op Suid-Afrika.

In die biblioteek is die volgende onderskeidings gemaak:


1. 'n Naslaanbiblioteek toeganklik vir alle lede van die Publiek.
2. 'n Rondgaande biblioteek vir gebruik deur intekenare binne die grense van Pretoria. Boeke kon vir 14 dae in bruikleen geneem word na betaling van £1 ledegeld en 'n deposito van 7/6 as vergoeding vir moontlike verliese.
3. 'n Biblioteek vir plattelandse lede. Boeke kon tot 30 dae in bruikleen geneem word teen verhoogde leningstariewe.
4. 'n Algemene leeskamer waarin tydskrifte en dagblaie wat nie uitgeleen is nie, gehou is vir naslaandoeleindes.

Met die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899 het die Regering begrypenderwys sy finansiële steun onttrek. Die beskikbare kapitaal was op verre na nie genoeg vir die voortgang nie, gevolglik is 'n reorganisasie beplan. In hoofsaak het dit daarop neergekom dat die Regering volle beheer oor die biblioteek moes oorneem met die volgende voorgestelde afdelings:

1. 'n Departement van Staatsargiewe waarin alle boeke en pamflette met betrekking tot die geskiedenis van die land en sy bevolking gehuisves word.
2. 'n Naslaanafdeling toeganklik vir alle navorsers.
3. 'n Leeskamer vir alle lede van die publiek.

Ongelukkig kon hierdie beplande reorganisasie nooit tot sy reg kom nie. In Junie 1900 hys die Britse magte die simbool van Britse Imperialisme op Kerkplein en daarmee eindig dan ook die beheer van die Z.A.R.-regering oor die Staatsbiblioteek. Nuwe hande sou voortaan die leisels vat. Al gou is die ondoeltreffendheid van die gebou ingesien en daadwerklik tot die beplanning van 'n geskikte gebou oorgegaan. Engels sou voortaan die landstaal wees. Gevolglik is by die aankoop voorkeur aan Engelse boeke gegee. Onmiddellik is 'n volledige stel Imperiale Blouboeke tot die boekery gevoeg.

STEPH. J. SCHOEMAN.



DIE STAATSMODELSKOOL. So pas as Historiese Gedenkwaardigheid geproklameer. 'n Spesiale woord van dank teenoor dr. Willem Punt vir sy jarelange en rustelose bemoeiinge in hierdie verband. Mag hy as Direkteur van die Stigting Simon van der Stel daarin slaag om ook nog baie ander histories-belangrike geboue van piëteitlose slopershande vir die nageslag te red. Op die agtergrond (in Visagiestraat) die eertydse „Staatsmeisjesschool” (tans die „Hamilton School”).

DIE „STAATSMODELSKOOI” IS ’N SIERAAD VAN DIE 19e EEUSE ARGITEKTUUR

’N **B**AIE mooi voorbeeld van die skoolargitektuur uit die dae van die voormalige Zuid-Afrikaansche Republiek is die „Staatsmodelskool” digby die middestad in Pretoria.

Argitektonies word dit as ’n sieraad beskou en dit is ’n waardige verteenwoordiger van die laat 19e eeuse Wes-Europese boustyl.

Benewens baksteen is van plaaslike sandsteen gebruik gemaak om ’n harmoniese geheel te skep. Die gebou is baie goed beplan en die lugreëling op die dak is tiperend van daardie dae.

Die opbou en ontwikkeling van die Christelike en Nasionale onderwys in die voormalige republiek was ’n moeisame en langsame proses, ’n ontwikkelingsgang wat deur staatkundige veranderinge meer as een keer onderbreek is, maar in die negentiger jare van die vorige eeu gelukkig weer bespoedig is.

So word die jaar 1896 gekenmerk deur die oprigting van verskillende monumentale skoolgeboue in Pretoria. Die vooruitgang op dié gebied was so opmerklik dat „De Volksstem” in ’n spesiale hoofartikel op 26 Junie 1896 daarop wys dat die owerheid in die laaste paar jare geen middele gespaar het om die volk se behoefte vir opvoeding en onderwys te bevredig nie.

Die koerant het die hoop uitgespreek „*dat Pretoria de vuurhaard zal worden van de intellectuele beweging der Afrikaners, kortom dat de staat eerlang het middelpunt zal wezen van de ontwikkeling en opbloeiing van het genie van het Afrikanerdom.*”

Die „Staatsmodelskool”, geleë in Van der Waltstraat tussen Schoeman- en Skinnerstraat, is opgerig teen ’n koste van ± £14,500 en was ontwerp vir tussen 350 en 400 leerlinge. Dit is ontwerp deur argitekte van die Z.A.R. se „Departement van Publieke Werken”, waarvan Sytze Wierda sedert 1877 die Hoof was.

Afbeeldings uit die tyd van die oprigting van die „Staatsmodelskool” toon dat die gebou uitwendig weinig veranderings ondergaan het sedert dit op 19 Januarie 1897 in gebruik geneem is. Die owerheid het twee ideale in gedagte gehad toe hierdie skool gebou is. Nie alleen moes die gebou vir die opleiding van toekomstige onderwysers dien nie, maar dit sou ook ’n modelskoolgebou word, ’n voorbeeld van wat die regering in verband met die bou van skoolgeboue voor oë gehad het.

Die skool het gebloei en die gehalte van die onderwys was uitstekend. Enkele van die oudleerlinge van hierdie skool lewe vandag nog en die Genootskap Oud-Pretoria sal graag van hulle wil verneem.

Die Tweede Vryheidsoorlog het die onderwys in Pretoria van die begin af ontwig. Sowel die onderwysers as die leerlinge het of kommandodiens

of ander werksaamhede in verband met die veranderde omstandighede begin verrig. Die owerheid het besluit om die skool te sluit.

Dit het toe gedien as tydelike verblyfplek vir 'n aantal Britse krygsgevangenes. Een van die gevangenes was die voormalige Britse premier, sir Winston Churchill, wie se ontsnapping uit die gebou elders in hierdie uitgawe beskrywe word.

Na die Tweede Vryheidsoorlog is die skool heropen en tot betreklik onlangs het die eerbiedwaardige ou gebou nog as skool diens gedoen. Tans huisves dit die biblioteek van die Transvaalse Onderwysdepartement. Die Genootskap Oud-Pretoria beywer hom reeds geruime tyd daarvoor om die „Staatsmodelskool” tot 'n nasionale monument verklaar te kry—'n jarelange ideaal wat binnekort verwesenlik sal word met die aanbring van die gedenkplate teen die mure van die gebou.

F. C. CALITZ.

(Met erkenning aan Die Vaderland, 1/8/59)

Die Staatsmodelskool as Historiese Gedenkwaardigheid geproklameer.

DIE proklamering van die „Staatsmodelskool” as 'n historiese gedenkwaardigheid is op 8 April deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in die Staatskoerant aangekondig.

Hierdie geskiedkundige skoolgebou wat in 1896 voltooi, maar eers in 1897 in volle gebruik geneem is, staan op die hoek van Skinner- en Van der Waltstraat.

Dr. Willem Punt, lid van die Historiese Monumentekommissie, Direkteur van die Stigting Simon van der Stel en bestuurslid van die Genootskap Oud-Pretoria het op 8 April aan „Die Transvaler” verklaar dat die proklamering van die gebou beteken dat geen verandering aan die gebou aangebring kan word nie en dat dit ook nie gesloop kan word nie sonder die amptelike toestemming van die Historiese Monumentekommissie.

'n Geskikte plaat waarop die geskiedenis van die gebou kortliks meegedeel word, asmede die amptelike wapen van die H.M.K. sal nou op die gebou aangebring word.

DIE STAATSMODELSKOOI

1.—DIE TREK NA DIE NOORDE.

Kinders van die Wildernis.

TOE die eerste voortrekkers in 1836 hul van die Kaapkolonie losgeskeur en na die noorde begin trek het, was dit nie 'n ydele gril of aangebore treksug nie, nee, daarvoor was die erfenis van die vaders vir hulle

te kosbaar om op die wyse hul kinders te beroof van wat eendag hul erfenis sou wees. Tog het hulle, want die verblyf in die kolonie onder knegskap en verdrukking het onuithoudbaar geword en daarom het die roepstem ook gekom — liewer die wildernis in waar groter gevare dreig. En so het die trek van die stoutmoedige emigrante die donker gevaarlike toekoms in begin met die Bybel as hul rigsnoer. Die trek was lank en die gevare ontsettender as wat die Trekkers in hul verbeelding ooit kon dink; onbeskryflik was hul lyding onder die woeste barbare; maar God het hul Leidsman gebly.

In die kolonie het menige die skouers medelydend opgehaal en gewonder wat van die swerweling en hul kinders sou word. Sou die arme kinders, so vêr van die beskawing, as wilde barbare groot word? Maar die leiers van die Trekkers was besiel met ideale en vaders en moeders het elk hul verpligtinge teenoor die kinders besef: „Onze kinderen, die eenige schat, die ons op aarde is gelaten, wij zullen ze koesteren, liefhebben als den appel onzer oogen, hen onder tucht houden, opvoeden met alle middelen, die ons ten dienste staan”.¹⁾

Met geringe middele tot hul beskikking is dan ook wonders verrig. Leesboeke, bybels, musiekinstrumente, alles, is gebruik om die kind in die wildernis op te voed; om sy God lief te hê; eerbied aan oues van dae te betoon; gehoorsaamheid en wette na te strew; ens. Die kind is nooit verwaarloos nie, hoe gebrekkig ook die onderwys was. Die seuns het van hul vaders wamakery, smeewerk, saalmakery, timmerwerk, ens geleer, terwyl die meisies aan hul moeders toevertrou is met kleremakery en huishoudelike aangeleenthede. Nooit was hulle ledig nie. Die ouers het besef dat ledigheid die oorkussing van die duiwel is en tereg kan die vraag gestel word: „Het die teenwoordige geslag 'n beter karakter as wat die ‚kinders van die wildernis’ openbaar het”?

„Meesters van swak allooi.”

IN 1852 word Transval onafhanklik en twee jaar later volg die Vrystaat wat eerste tot kalmte en rus kom en sodoende die voortou op die gebied van onderwys neem. In die Transvaal, onder president Pretorius, begin op die vernaamste dorpe skoolgeboue verrys en plaasskole word op die afgeleë plekke gestig.

As gevolg van 'n tekort aan opgeleide onderwysers, primitiewe inrigtinge en swak fasiliteite, was die toestand egter betreurenswaardig. Op die afgeleë plaasskole het „meesters dikwyls niet van het beste allooi”²⁾ waargeneem, terwyl in die dorpskole, tydens die bewind van president Burgers en later president Kruger, van ingevoerde onderwysers uit Holland gebruik is. Dit was 'n treurige gesukkel; nogtans moet die peil van onderwys in die Republieke eerder bewonder as afgekeur word, want onder benarde omstandighede het hierdie pioniers hul bes vir die opvoeding van die jeug gedoen.

2.—'N MONUMENT IN ONS VOLKSONDERWYS.

Wet No. 1 van 1882.

DIE opbou en ontwikkeling van die onderwys in die voormalige Suid-Afrikaanse Republieke was 'n langsame en langdurige proses, 'n ontwikkelingsgang wat deur staatkundige veranderings, onrus en aanenskakeling van moeilikhede, meer as eenkeer onderbreek is, maar in die negentiger jare van die vorige eeu bespoedig is. Die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in 1880 het hierdie ontwikkelingsproses verder remmend beïnvloed, maar pas na die einde het die Volksraad sekere nuwere beginsels en verbeteringe in die onderwys goedgekeur en met die eerste sitting van die Volksraad in 1882 het president Kruger die bal aan die rol gesit (eintlik die Departement van Onderwys „aan die rol gesit”) en is „Schoolwet” No. 1 van 1882, gepubliseer.

Hierdie wet is 'n monument in die geskiedenis van ons volksonderwys want hierdeur het die staat sy plig ten opsigte van laer- en middelbare onderwys duidelik gestel. Waar die ouers die inisiatief geneem het in verband met die oprigting van skole, daar was die Regering bereid om so'n skool of dergelyke skole te subsidieer. Die wet het o.a. bepaal dat die toekomstige burgers 'n Christelike opvoeding sal ontvang, die onderwysinrigting toeganklik sou wees vir alle burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek en die medium van onderrig in Hollands sou geskied.

Die „Opleidingskool.”

OFSKOON die Transvaalse landsvaders teen suiwer Staatsonderwys was, het hulle gevoel dat landsomstandighede dit gebiedend gemaak het om van die aanvaarde beleid af te wyk en daarom het die Regering geroepe gevoel tot die stigting van 'n inrigting vir hoër onderwys. Hierdie inrigting sou bestaan uit:

- (i) 'n Departement vir gewone hoër onderwys, waar Grieks, Latyn, Wiskunde, Moderne Tale en Natuurwetenskappe gedoseer moet word, en
- (ii) 'n Opleidingskool met ses afdelings, o.a. 'n pedagogiese afdeling vir die opleiding van onderwysers in eksamenvakke, die opvoedkunde, skoolbestuur, ens.

Die wet is, soos reeds aangetoon, deur die Volksraad bekragtig en het geleë tot die oprigting van die „Opleidingskool”, later die „Staats-modelskool”.

Dit was veral die toenmalige Superintendent van Onderwys, ds. S. J. du Toit, wat die aanvoerwerk vir dié skool gedoen het, en het onder die bekwame leiding van die hoof, mnr. Wessel Louis, gebloei en aanvanklik in die beoogde behoeftes voldoen, behalwe vir die opleiding van onderwysers.

Die „Opleidingskool” was geleë aan Prinsloostraat, regoor die markplein, en het na heelwat lotgevalle verdwyn. In die oorspronklike skool-

gebou is 'n aantal Indiërwinkels later gevestig. Die woning van die toenmalige skoolhoof, mnr. W. Louis, wat op die hoek van Kerk- en Prinsloostraat geleë was en in die sewentiger jare as woonhuis van die staatspresident, T. F. Burgers, gedien het, het aan die „Opleidingschool” gegrens. Die historiese woonhuis het reeds jare gelede onder slopershande verdwyn.

In 1888 is ds. S. J. du Toit deur mnr. Stiemens as Superintendent van Onderwys opgevolg wat na 'n kort tydperk van 3 jaar, as gevolg van 'n gevorderde leeftyd, die tuig neerlê. Dr. Nicolaas Mansvelt word in 1891 Superintendent van Onderwys.

3.—DIE HAND AAN DIE PLOEG.

Die eerste Hoof word aangestel:

EEN van die eerste take van die nuwe Superintendent van Onderwys was om 'n nuwe wetsontwerp oor die onderwys op te stel, wat dan ook gepubliseer is in die Staatskoerant van 1 Junie 1892 as wet No. 8. Die nuwe wet het op dieselfde beginsels berus as dié van 1882, maar was meer breedvoerig en beklemtoon weereens die noodsaaklikheid om onderwysers op te lei en maak voorsiening vir die oprigting van 'n Gymnasium. Onder andere, het die Regering hom as volg oor die „Opleidingschool” uitgelaat:³⁾

„Daar de H.Ed. Regeering uit beginsel teen Staatsscholen was, was er geen grond om de oude Opleidingschool te laten voortbestaan als de eenige Staatschool in het land, daar zij thans in geen opzicht van andere scholen verschilde . . . tenzij zij in den ruimsten zin een Modelschool werd.”

Die wet het gelei tot die oornam van die „Opleidingschool” deur die „Staatsmodelschool” wat andere skole as 'n voorbeeld sou strek en wat ook as opleidingskool sou dien vir die toekomstige onderwysers. Aan die hoof van die „Staatsmodelschool” moes dus 'n bekwame persoon, bygestaan deur 'n knap personeel, wees om die leerlinge tot deeglike Christelike burgers op te voed, hulle goed voor te berei vir die Gymnasium, en flinke onderwysers daar te stel.

Hierdie onderskeiding het mnr. F. W. Wagner, 'n Hollander, te beurt geval wat in Holland deur die Gevolmagtigde Minister van die Suid-Afrikaanse Republiek, mnr. Beelearts, in kennis gestel is van sy aanstelling as die eerste hoof van die „Staatsmodelschool”.

Opening.

OP 1 Augustus 1893 is die „Staatsmodelschool” deur die Superintendent van Onderwys, Dr. N. Mansvelt, namens die regering plegtig geopen in teenwoordigheid van enkele Volksraadslede en kuratore.

Kuratore.

DIE eerste nege kuratore van die „Staatsmodelschool” was die volgende:

Dr. N. Mansvelt	—	Superintendent van Onderwys.
C. E. Schutte	—	Landdros van Pretoria.
G. A. A. Middelberg	—	Direkteur van Z.A.S.M.
M. J. Goddefroy	—	Leraar, Ned. Herv. Kerk.
J. S. S. Smit	—	Kommissaris van Spoorweë.
A. J. Postma	—	Leraar Geref. Kerk.
A. J. Louw	—	Leraar Ned. Herv. of Geref. Kerk.
A. D. W. Wolmarans	—	Lid van die Volksraad.
F. P. J. van N. Kuyper	—	Weesheer.

Personeel.

DIE onderwysers, in teenstelling met die van die gesubsidieerde skole, moes burgers van die Republiek of geneutraliseerd wees en moes ten minste in die tweede klas eksamen geslaag het, andersins sou geen permanente aanstelling verkry kon word nie tensy daar ses maande tot voldoening van die Hoof en die Superintendent onderrig gegee is. Die eerste onderwysers was onder andere:

N. Tromp	—	E. Kalt (vir die doofstom leerlinge).
O. Boersma	—	J. L. Scrutton (Engels).
G. Zonneveld	—	J. W. Fockens (Natuurwetenskappe).

As gevolg van afsterwe en uitbreiding het die volgende persone ook gedurende die periode 1893—1897, of langer, onderwys aan die „Staatsmodelschool” gegee:

A. van Bergen (gewese skoolhoof van Christiana), mej. C. A. Dreyer (assistente aan die Normaalskool), mej. C. S. Roodhuyzen (na een jaar is sy bevorder tot Directrice van die Staatsmeisjesschool”), R. de Wet, mej. J. W. Wagner, F. T. Nicholson, A. F. Harrington, A. B. van Niekerk, P. J. Möller, J. Hondius, J. Lub, J. L. Moerdijk, H. Boneschans, mej. J. F. Susan, H. Hollenbach (Kuns en Handwerk).

’n Kort oorsig — 1893 tot 1896.

1893: Met die opening van die „Staatsmodelschool” is ongeveer 122 leerlinge ingeskryf en as gevolg van ’n gebrek aan ruimte is St. I in een lokaal geplaas; St. II en die helfte van St. III in die tweede lokaal; in die derde lokaal helfte van St. III en die helfte van St. IV; en in die laaste lokaal die ander helfte en St. V. Daar was nog drie buitekamertjies waarin Engels en Natuurwetenskap onderskeidelik gedoseer is, terwyl in die derde kamer die doofstom leerlinge onderrig ontvang het. 45 beurse vir die opleiding van onderwysers en 46 gewone studiebeurse vir die leerlinge, elk van £60, is deur die Regering aan die skool geskenk. Die skoolgeld bedra 5/- tot 10/- per maand.

As gevolg van ’n toename in getalle word die meisies versoek om vrywillig na die „Staatsmeisjesschool” (vandag die „Hamilton School”) oor te gaan, wat almal doen behalwe een wat te verknog was aan haar Alma Mater. ’n Tydjie later word die skool besoek deur mnr. G. A. A. Middelberg as kurator saam met mnr. K. van Veen, sy opvolger as

Direkteur van die Z.A.S.M., en gee hul verbasing te kenne met „er een exemplaar van het vrouwelijk geslacht op nahielden”.⁴⁾ Dit is onnodig om te sê dat die dogter baie gou na die meisieskool verhuis het.

Ruimte is nog 'n groot probleem en twee van die markgeboue in Kerkstraat word gehuur en later die woning van mnr. G. R. Ockerse in Van der Waltstraat, regoor Burgerspark. Dr. Fockens moes met sy instrumente na 'n huisie op Kerkplein, waar die Paleis van Justisie tans staan, trek om daar sy vakke op Saterdag te doseer. Die doofstom-afdeling is later gesluit en die kinders is na Worcester oorgeplaas.

In Desember 1893, vier maande na die opening, vind die eerste inspeksie plaas deur Inspekteur C. de Jonge wat sy tevredenheid uitspreek maar besorg voel dat die klasse so verspreid oor Pretoria gegee moet word. Hy maak melding van die dringende behoefte aan 'n nuwe skoolgebou wat vrug afwerp, want kort hierna is die erf op die hoek van Van der Walt en Skinnerstraat met inbegrip van die „Ebenhaezerskool”, aangekoop. Laasgenoemde skool was een van die oudste skoolgeboue in Pretoria wat 'n paar jaar gelede gesloop is om plek te maak vir die nuwe gebou vir die afdeling Sensus, Statistieke en die Bevolkingsregister. Hierdie skool was in die huis van die hoof, mnr. Collins, gevestig en is later omskep in 'n staatshuis om die leerlinge van die „Staatsmodelskool” en Gymnasium te huisves. Mnr. Collins is as huisvader aangestel.

1894: Gedurende 1894 groei die getal leerlinge aan tot 226 en in die jaarverslag van die Kuratorium word daar weereens melding gemaak van die behoefte aan groter ruimte en waarderling word uitgespreek oor die aangekoopte erf. Die Hoof van Publieke Werke word dringend versoek om die planne vir die nuwe gebou te ontwerp; wat egter deur die hoof, mnr. Wagner, self opgestel is. Besorgdheid word uitgespreek oor die feit dat handarbeid en liggaamsoefeninge nog nie gedoseer word nie. Die Superintendent rapporteer in sy jaarverslag dat daar buiten die hoof en die onderwyser vir Engels, 7 assistente werksaam is, dié sover hy kan oordeel, sonder uitsondering, met ywer en toewyding hul taak verrig en ongetwyfeld die oorsaak is van die vooruitgang van die skool.

1895: In die jaarverslag word vermeld dat die skool behoorlik geïnspekteer is deur die Superintendent en die tekort aan onderwyspersoneel word betreur. Agt aspirante vir die Staatsgymnasium slaag, waarvan twee beurse ontvang. Die getal leerlinge is nou 277.

1896: In Januarie begin 'n nuwe kursus met 297 leerlinge oor 10 klasse versprei. In Maart groei die getal leerlinge aan tot 329 en verder tot 374 in Julie. Die gevolg was dat 'n nuwe gesubsidieerde skool, onder mnr. G. J. Joubert as hoof, gestig is wat die begin van die Wes-Einde-Skool is. Alle leerlinge ten weste van Markstraat (Paul Krugerstraat) word na hierdie skool oorgeplaas en daar bly 274 leerlinge oor in die „Staatsmodelskool”. Die gewone jaarlikse inspeksie is gedurende November deur Inspekteur C. de Jonge gehou, wat dan ook sy laaste inspeksie in die gebou in Prinsloostraat was.

4.—STEEDS VOORWAARTS.

Hoek van Skinner- en Van der Waltstraat.

OP 19 Januarie 1897 breek 'n feesdag vir die onderwysers sowel as die leerlinge aan toe die nuwe doelinggerigte skoolgebou op plegtige wyse geopen is. Dit was 'n groot verandering en teenstelling met die ou gebou in Prinsloostraat, want hier is twaalf ruim lokale, met glaspaneel geskei. Staande kon 'n onderwyser met een oogopslag waarneem wat in drie lokale aangaan. Die eerste lokaal regs, was die eiendom van mnr. J. Lub waar liggaamsoefeninge gedoseer is terwyl die aangrensende lokaal gebruik is vir kuns. Hierdie lokaal het ook gedien as vergadersaal waar elke môre met gebed en sang die dagtaak mee begin is. Sang is begelei met 'n orrel. Regs van die ingang deur was die hoof se kantoor waarin 'n goed toegeruste biblioteek, versameling van handwerkmodelle, handboeke vir onderwysers, ens. in netjiese glaskaste uitgestal was. Vir die Normaalklas is drie aangrensende lokale beskikbaar gestel.

Inspekteur Visser skryf dan ook later die volgende in sy jaarlikse verslag: „Nu alle klassen der Modelschool ruimer en flinker lokalen hebben betrokken, oefent dat een gunstigen invloed uit op de eenheid en den regel der Inrichting. Van een school, zoo goed toegerust, mag men met alle recht iets goeds verwachten”.⁵⁾

Uitwendig het die „Staatsmodelschool” weinig veranderinge ondergaan sedert dit in 1897 in gebruik geneem is. Die argitekture van die Transvaalse Departement van Openbare Werke wat vir die werk verantwoordelik was (na regte die hoof, mnr. F. W. Wagner),⁶⁾ het daarin geslaag om 'n gebou te ontwerp wat argitektonies as 'n sieraad beskou kan word. Dit is 'n waardige verteenwoordiging van die laat negentiende eeuse Wes-Europese boustyl, waarby behalwe van baksteen, van plaaslike sandsteen gebruik gemaak is om 'n harmoniese geheel te skep. Die ideale wat die owerheid in gedagte gehad het met die oprigting van 'n modelskool is hier verwesenlik want nie alleen moes die gebou vir die opleiding van toekomstige onderwysers dien nie, maar dit sou 'n modelskoolgebou word, 'n voorbeeld wat die Regering in verband met die bou van skoolgeboue voor oë gehad het. Dat die skool in hierdie opsig aan sy doel beantwoord het, is duidelik aangesien dit tot enkele jare gelede nog as skool in gebruik was.

Die bestaande gebou van die „Staatsmodelschool” is nog een van die weinige herinneringe aan die uitvoering van die jarelange beoogde planne van die Transvaalse Republikeinse owerheid om, behalwe 'n deel van die onderwysorgaan aan die ouers oor te laat, self die voortou te neem waar en wanneer dit nodig geag is. Hierby kan ook genoem word die verwaarloosde gebou van die voormalige Staatsgymnasium in Proesstraat en die „Staatsmeisjesschool” („Hamilton School”) in Visagiestraat.

'n Kort oorsig — 1897 to 1898.

1897: Met die aanname van die klasse in 1897 was daar 236 leerlinge wat

aangegroei het tot 242 gedurende die jaar. 21 leerlinge lê die toelatings-eksamen tot die Gymnasium met goeie gevolg af en 87 persent word bevorder na hoër klasse. Leerlinge wie meer as twee-derde van die maksimum aantal punte behaal het, ontvang getuigskrifte. Die 19 kandidate was baie trots op hierdie erkenning.

Mnr. J. P. Jurrius verleen tydelike hulp en mnr. R. D. de Wet bedank die onderwys. Mnr. M. de Groot word aangestel as musiek- en sang onderwyser. Mej. J. W. Wagner aanvaar 'n pos aan die „Staatsmeisjesschool”.

1898: Die jaar begin met 249 leerlinge wat aangroei tot 264. 91 persent word bevorder en 45 getuigskrifte is uitgereik.

Mnr. J. Lub aanvaar 'n prinsipaalskap op die goudvelde en mnr. M. Ribbens word in sy plek aangestel. Ander nuwe leerkrigte was o.a. mnr. J. Straatman (liggaamsoefeninge), J. P. Bredell, mej. B. van Breugel, en mnr. M. Vaandrager word aangestel as 3e leerkrig aan die Normaalskool.

„Inblijven.”

SONDERLINGE toestande het soms voorgekom. Een van die onderwyseresse het in haar klas 'n jongman gehad—baie ouer as sy self—wat in die Malabochoorlog 'n arm verloor het maar nogtans 'n opleiding aan die „Staatsmodelschool” verkies het bo 'n aangebode pensioen. Die onderwyseres het later getuig dat sy nooit voorheen so'n ywerige en gewillige leerling gehad het nie.

Daar is die geval van die bebaarde vader wat met sy vrou en drie kinders na Pretoria gekom het om hom as onderwyser te bekwaam. Saam met sy twee kinders is hy in die skool toegelaat om nog twee klasse te voltooi alvorens hy toegelaat kon word tot die Normaalskool. Sodoende is hy by die jong klomp ingeskakel. Op 'n sekere dag ken die klas nie hul les nie en die onderwyser — die hoof, mnr. Wagner — waarsku hulle om dit die volgende dag te ken. Dit het egter nie gehelp nie en die volgende dag kom die bevel, „Inblijven!” Die klas bly gedwee sit en die boeke word weer uitgehaal. Saam met die jongklomp sit die bebaarde vader en leer kliphard aan die les. Kort, kort kyk hy op en hersien die les uit die hoof. Toe hy weer 'n keer opkyk . . . daar staan sy twee kinders buite en wag dat vader moet kom. Mnr. Wagner moes die selfbewuste vader red met, „Jongens, gaat nu maar heen, morgen beter”.?)

5.—SEPTEMBER 1899.

DIE oorlog het die onderwys in Pretoria van die begin af ontwrig en so breek die herfsvakansie van 1899 ook aan met oorlogswolke dreigend op die horison. Met loodsware harte moes onderwysers en kinders afskeid neem van die „Staatsmodelschool” want geen een het geweet wat die toekoms sal bring nie. In die vergadersaal is die toestand deur mnr. Wagner aan die kinders geskets wat alreeds senuweeagtig en

opgewonde gewag het om hul deel op die slagveld by te dra. Na skriflesing en sang sluit die skool vir 'n onbepaalde tyd.

Die volgende is die name van die laaste onderwysers wat onderrig aan die „Staatsmodelschool” gegee het:⁸⁾

F. W. Wagner	Hoof van die „Staatsmodelschool” en Normaaalskool.
O. Boersma	1e onderwyser Normaaalskool.
C. R. Fowein	2e „ „
M. Vaandrager	3e „ „
N. Tromp	1e assistent „Staatsmodelschool”.
P. J. Möller	2e „ „
J. de Bruijn	3e „ „
J. J. v.d. Merwe	4e „ „
B. Veenemans	5e „ „
Vakant	6e „ „
M. Ribbens	7e „ „
J. P. Bredell	8e „ „
T. Joosten	9e „ „
Mej. B. van Breugel	10e „ „
Mej. M. Turkstra	11e „ „
A. F. Harington	Onderwyser vir Engels.
Dr. J. Fockens	„ vir Natuurwetenskap.
J. F. Hondius	„ vir Teken en handewerk.
J. Straatman	„ vir Liggaamsoefeninge.
M. de Groot	„ vir Musiek en Sang.

Die onderwysers en leerlinge word opgeroep om kantoorwerk, polisie-diens, Rooi-Kruisdiens, velddiens en ander werksaamhede in verband met die veranderde omstandighede te verrig, terwyl baie by die kommandos aansluit en hul plig op die slagveld nakom. Mnr. Wagner se seun wat ook aangesluit het, het op die slagveld gesneuwel.

Na die vakansie kom 'n geringe aantal leerlinge terug en die owerheid besluit om die „Staatsmodelschool” te sluit en as tydelike verblyfplek vir 'n aantal Britse krygsgevangenes in te rig. Soos bekend, was Sir Winston Churchill, tans afgetrede Britse Premier, een van die gevangenes wat in die skool aangehou was. Later ontsnap hy in 'n kooltrok van 'n goederetrein wat op pad was na Lourenco Marques.

Aan die verblyf van die Britse krygsgevangenes herinner vandag nog skilderye van die oorlogsterrein. In 'n eertydse klaskamer (tweede kamer vanaf die biblioteek, op linkerhand) is twee groot noukerige kaarte van die oorlogsterrein in Natal, Vrystaat en Transvaal, geteken. Dit is deur die owerheid bewaar deur dit netjies met 'n glaskas te laat omlys. Die stede en dorpe op die kaarte is met vierkantige rooi lappies aangedui, geknip van die omslag van Hofmeyer se leesboek: „Kijkjes in onze Geschiedenis”.

Net eenmaal gedurende die oorlog is die skool weer in gebruik geneem as „High School” vir seuns en dogters en as sodanig die skakel vorm tussen

die huidige „Pretoria Boys' High School” en die „Pretoria Girls' High School”. Op 4 Junie 1900 bedreig die troepemag van Lord Roberts Pretoria en die hoof ontvang kennis om die sleutels van die skool aan die offisiere te oorhandig.

Die einde van die „Staatsmodelschool” was daar en so sien mnr. F. W. Wagner dit: „Een belangrike periode in mijn leven was afgesloten, maar vergeefs gewerkt had ik zeker niet. En al mocht ook al de groei der jonge natie tijdelik belemmering ondervinden, vernietigd was het gebouw van ontwikkeling en beschaving niet, waarvan ik, gedurende een goed deel van mijn leven, mijn beste krachten gewijd had. Anderen zullen komen en zullen voortbouwen op het fundament ons gelegd van arduin, hard en onvermurwbaar als dat van Pretoria's Modelschool”.⁹⁾

6.—DIE T.O.D. BIBLIOTEEKDIENS.

DIE „Staatsmodelschool” het vir etlike jare nog as skoolgebou gefunksioneer. In Julie 1951 neem die Transvaalse Onderwysdepartement Biblioteekdiens die gebou gedeeltelik oor tot Mei 1956 toe die hele skoolgebou tot die Biblioteekdiens se beskikking gestel is.

De biblioteek bestaan uit twee afdelings, naamlik 'n Skoolbiblioteekafdeling en 'n Onderwysbiblioteek. Eersgenoemde word beskou as 'n modelbiblioteek en word ook so ingerig. Waar die „Staatsmodelschool” onder andere moes dien as 'n model vir ander beoogde skole, vind ons dat daar nog steeds, alhoewel in 'n ander hoedanigheid, met daardie doel voortgegaan word. Hierdie Skoolbiblioteek dien as 'n model vir wat beoog word met biblioteke in skole en leerkragte het vrye toegang om sodoende kennis op te doen. Die Onderwysbiblioteek het op 7 Junie 1957 oor 46,287 boeke beskik. Hierdie getal het aangegroei tot ongeveer 50,000 gedurende die afgelope jaar.¹⁰⁾

Waar die „Staatsmodelschool” so'n groot rol in die opvoeding van ons jeug gespeel het, daar vervul die gebou as sodanig nog steeds die funksie as opvoedingsinrigting en as 'n model. Histories beteken die gebou vir ons ook veel en ten slotte mag verwys word na 'n artikel in „The Pretoria News” (die datum is ongelukkig onbekend) waarin, onder die opskrif „More about an old School” deur dr. J. A. Kieser verklaar is: „All in all there is reason enough to have this historical building proclaimed an historical building”.¹¹⁾

¹⁾ Gedenkboek — Vereniging van Onderwyzers, bl. 94.

²⁾ Gedenkboek — bl. 95.

³⁾ Gedenkboek — bl. 97.

⁴⁾ Gedenkboek — bl. 101.

⁵⁾ Gedenkboek — bl. 106.

⁶⁾ Gedenkboek — bl. 104.


⁷⁾ Gedenkboek — bl. 108.

⁸⁾ Gedenkboek — bl. 109.

⁹⁾ Gedenkboek — bl. 112.

¹⁰⁾ Inligting verkry van mej. de Vos — T.O.D. Biblioteek.

¹¹⁾ Artikel in die Eeufeesuitgawe — „Pretoriana”.



*Sestig jaar gelede: WINSTON SPENSER CHURCHILL: Sixty years ago.
Spesiale korrespondent : „Morning Post” : Special correspondent.*

SIR WINSTON CHURCHILL AND PRETORIA : SIXTY YEARS AGO

THE ESCAPE.

AT about a quarter past seven on the evening of the 13th December, 1899, Winston Churchill clambered over the corrugated iron screen that bounded the eastern side of the yard of the State Model School and escaped to freedom. Thus ended the days of his captivity which he called "the most monotonous and the most miserable of my life". The sensational reappearance of the *Morning Post's* special correspondent from within the heart of a hostile country gained him — to use his own happy phraseology — "a public reputation or notoriety which made me well-known henceforth among my countrymen"; he has also recorded that the escape put him in a position to earn money for many years so assuring his independence and means of entering Parliament. The night of the 13th was well-chosen for the escape as the moon rose at about a quarter to eight; full moon fell due on the 17th December. The time of escape is important and luckily the Rev. Adrian Hofmeyr, an Anglophile Cape Colonial and an inmate of the officers' prison has mentioned it as 7.15 p.m. Churchill puts it as half-way through the dinner hour which began at 7 p.m.

THE INQUIRY.

ON the day following the escape Advocate Schagen van Leeuwen and H. W. Zeiler, a judicial commissioner, were appointed to enquire into the circumstances of the get-away. Sworn statements were submitted by the guards, other responsible officials and a few of the officer prisoners. From three sketches with the report of the inquiry committee it seems that there were usually nine guards on duty around the building or in the ground with a few others on call. The afternoon and evening watches were from 4 p.m. to 8 p.m., 8 p.m. tot midnight and midnight to 4 a.m. These

UIT DE OUDE DOOS

In December 1899 liet de regering van Transvaal een bekendmaking aanplakken waarin 25 pond beloning werd uitgelooft voor de opsporing van een krijgsgevangene die was ontsnapt uit de gevangenis van Pretoria. De tekst luidde: *ENGELSMAN, 25 jaar oud, ongeveer 1 meter 75 lang, van normale gestalte, loopt iets gebogen, bleke gelaatskleur, roodachtig-bruin haar, bijna onzichtbaar snorretje, praat enigszins door de neus, slist en kent geen woord Afrikaans.*

De naam van de bedoelde gevangene was Winston Spencer Churchill.

sketches, (henceforth referred to as the "Zeiler plans") show that by some quirk of fate there were only eight guards at the time that Churchill scaled the iron screen at the back of the closets in the yard and there was no guard at the important position at the south-eastern corner of the ground in Skinner Street. After 8 p.m. there was a sentinel at this strategic point, Jan H. Montgomery, Politie No. 94. This guard saw nothing but Churchill states that when he walked out of the garden of the adjoining house into Skinner Street the man was five paces away. Churchill, after climbing the screen lay doggo in the garden next door "for an hour" waiting for his friends, Haldane and Brockie, to join him but they were unable to do so as the guards were on the alert. Churchill was warned verbally by his friends inside the ground that no-one else was able to join him. Another guard, C. F. C. Landman, stated that he saw Lieutenant Grimshawe and two others near the fence at ten minutes to eight and when Grimshawe tried to peer over the fence the guard said "Go back you b - - - -"! In evidence before the committee Captain M. Lonsdale stated that on coming out after dinner between seven and eight he heard Churchill had escaped; he thereupon went to the spot and saw Churchill on the other side. It therefore seems that when Churchill emerged into Skinner Street it was well after 8 p.m. and the guard had been changed in the time that he was crouching in the garden next to the ground of the school.

CHURCHILL'S COMRADES.

CHURCHILL'S friendship with Captain Aylmer Haldane¹⁾ must be recalled as it proves to be a vital pointer to the apartment in which both men were lodged; the friendship was of some standing. Haldane had aided an eager Churchill to accompany one of the military expeditions on India's North West Frontier; it was Haldane who invited Churchill to join the military in the armoured train sally to Chieveley; Haldane who persuaded the Republican officials at Pretoria station that a newspaper correspondent ranked as an officer and should therefore not be sent to the racecourse camp for captive non-commissioned officers and men; it was also Haldane who wrote to the Commandant-General on the 19th November affirming on his honour as an officer that Churchill was a correspondent and a non-combatant. The third member of the trip was Regimental Sergeant-Major Brockie of the Imperial Light Horse; he was taken prisoner by the Boers about the same time as Churchill and Haldane but not in the armoured train affray. A Johannesburg "Uitlander", Brockie knew a little of Dutch and Native languages and was therefore considered a valuable ally in an escape project. Furthermore he had shown initiative in successfully pretending to the Boers that he was an officer rightfully concluding that it would be easier to escape from the officers' camp. A close friend of these men was 2nd Lieutenant T. H. C. Frankland²⁾ also captured in the armoured train affair. Frankland was the artist among the officers at the State Model School and was apparently

responsible for the large campaign maps that are still preserved on the wall of a room there; he also drew some caricatures on one of the partitions of his own room (See Dr. J. Ploeger's article in *Pretoriana*, No. 20, p.p. 4—6). Haldane tells us that Brockie and he first considered the fence climbing method of escape; at this time Churchill hoped to be released as a non-combatant and there was little point in his being an active member of the plot. As time wore on and his representations to the Commandant-General did not bring the desired result, Churchill joined in the plan.

THE APARTMENT IN WHICH SIR WINSTON WAS QUARTERED.

SIR WINSTON has recorded that on their arrival the newcomers i.e. Haldane, Brockie, Frankland and he were lodged in the same dormitory. Frankland has shown clearly that he was in the same room as Churchill. In his affidavit of the 15th December Commandant v/d Wacht R. W. L. Opperman stated "Galway, Franklin (sic), Haldane slapen in kamer by Churchill." Lieutenant Gallwey informed the inquiry committee that he slept in the same room as Churchill but that the latter often had his bed in the passage. One of the guards, J. M. A. Bodenstein said that Churchill often slept on the verandah. (It was the middle of summer and hot weather probably made the rooms uncomfortable). Haldane says that immediately after Churchill's escape five of them were left in the room. Nowhere is there mention of the officers having been moved to another apartment and as the position of the room from which Haldane, Brockie and a later inmate, Le Mesurier, made their escape is known (See illustration) *it can be affirmed with a reasonable degree of certainty that this is the apartment in which Pretoria's most distinguished guest was lodged from the 19th November to the 13th December, 1899.* As Mr. C. J. Beanes mentions in *Pretoriana* (No. 20, 1956. p.a.) this was the centre room of three to the north of the main entrance, the windows of which face Van der Walt Street. (At present this is not a separate room and forms part of a larger one used by the Transvaal Provincial Education Department's Library; the marks of old partition walls are clearly visible on the flooring. A door now without number gives access to this "room" from the lengthwise inner passage.) The escape of Haldane, Brockie and Le Mesurier in Februarie, 1900 is a diverting episode in itself but is only discussed here in so far as it throws light on the exact place of lodgement of Sir Winston. Their excavations beneath the floor of the school took the following sequence:—

- (i) through a trap door under the floor of their own room;
- (ii) they then broke through a cross-wall and got under the next room (north);
- (iii) finally they dug their way through another cross-wall 2 foot thick

to get under the large end room and reached its outer wall opposite the yard of Prospect House then in use as a hospital.

This description tallies perfectly with Haldane's plan and pinpoints the room's position, which he adds, was "towards what I may term the downhill end of the building". When the school was evacuated the officers crept back under their own room and heard the guards laughing at Frankland's caricatures on the walls. It is therefore evident that the caricatures were on the wall of a room occupied by the Chieveley captives and *not* in the same room as the campaign maps which latter had its windows on the rear or eastern side of the building. In a report of the 17th March 1900 on the school Dr. Mansvelt discussed the war maps and mentioned that the caricatures were "in een ander lokaal".


THE CONTROVERSIAL "ZEILER" SKETCH PLANS.

HOFMEYR and Haldane who wrote their accounts in 1900 within a few months of their confinement both say that there were 12 rooms in the main rectangle of the building flanked at either end by two large rooms each of which was divided in the centre by a wall or partition, i.e. a total of 16 apartments. This is in complete accord with S. Wierda's plan for the construction of the school (Transvaal Archives plan S. 2/159) and with the printed specifications. Incidentally the only dividing brick walls between rooms within the building were those in respect of the room to the left of the main entrance and the corresponding room to the right of the main entrance plus a dividing wall through the large end room abutting Skinner Street. The other internal divisions were in the shape of solid wooden partitions; this is quite understandable as the partitions could then be removed to provide for larger classrooms when required. With the inquiry committee's evidence are the three "Zeiler" sketches almost identical in detail, which disclose the following common errors:—

- (i) the lengthwise corridor is shown as dividing the end rooms instead of terminating at them which was never the case. (See reproduction of one of these sketches);
- (ii) twenty different apartments are shown whereas three independent sources indicate that there were sixteen;
- (iii) the supposed room in which Churchill was quartered is marked as being the third from the south-eastern corner i.e. diagonally opposite to the room marked by Captain Haldane.

How does one account for these conflicting particulars? The explanation probably lies in the fact that the sketches were never intended to represent the details of the building accurately but mainly to show how the guards were sited during the various watches. On two of the sketches Zeiler has entered the names of the guards in his own handwriting. The plan shown in *The Pretoria News* of the 22nd October, 1955 is based

PLAN OF STAATS MODEL SCHOOL, PRETORIA



HALDANE'S PLAN OF THE SCHOOL BUILDING.


on the "Zeiler" sketches. As to the room marked as "Kamer van Churchill", one can only conclude that the compiler marked it in by guess-work or with the sketches upside down!

SIR WINSTON CHURCHILL'S RECOLLECTIONS.

ADVOCATE A. A. ROBERTS, one of our staunch "Old Pretoria" members, was a T.U.C. student in 1910 and lived at the hostel at Prospect House next to the Staats Model School. The northern end of the school was assigned to the students and he then understood that Churchill had been confined in the large room across the north end of the building. Forty-two years later, on the 12th January, 1952, as the Union's High Commissioner in Canada, Mr. Roberts met Sir Winston at a luncheon in Ottawa and was able to put several questions to the veteran statesman about his Boer War adventures. Sir Winston was "in great form" and was emphatic in recalling that his room was entered by going up the steps of the main entrance, turning left along the passage and entering the last door in the passage to the left i.e. the third room north-west, from the main entrance. It will be seen that this indication is also totally at odds with the "Zeiler" sketch-plans and is yet extremely close to Haldane's description. If, after half a century and the dynamics of two world upheavals, Sir Winston's recollections err to the extent of the width of one room (which seems to be the case) it is nevertheless a remarkable feat of memory and a valuable aid to our conclusions. Sir Winston could not recall the Cullingworth family from whom the prisoners received news signals but it seems from Haldane's account that this episode was of later date than the time of Churchill's imprisonment.

THE CONTROL OVER THE PRISON CAMP.

THE statements made before the inquiry committee show that an easy-going control system was in force before Churchill's escape. Commandant Opperman who Churchill describes as "an honest and patriotic Boer" had only been in charge for a month. The guards, mainly ex-policemen, were, one presumes, of middle-age and unfit for commando service. Roll-call was never held so that Churchill had been gone for 12 hours before his absence was discovered. The officer prisoners were allowed to wear plain clothes and possess substantial sums of money. No regulation forbade their sleeping on the verandah or walking in the ground until the small hours. Corporal Z. J. Scheepers of the Wacht mentioned that a restive Churchill "liep altyd 's nachts rond tot 3 of 4 's morgens achter in yard." There was another startling disclosure; two private soldier prisoners, Cahill and Bridge, who acted as servants to the officers and were in tents, had earlier in the month escaped via the same route, viz. over the screen behind the lavatories. Although they had been recaptured the guards had thought it inadvisable to report the incident to their superiors!



*SIR ALEXANDER CLUTTERBUCK, MR. A. A. ROBERTS AND SIR WINSTON CHURCHILL,
OTTAWA, 1952.*

(By courtesy of Mr. A. A. Roberts.)

THE QUESTION OF CHURCHILL'S RELEASE.

IN a telegram received in Pretoria on the day before Churchill's escape the Commandant-General vigorously opposed any suggestion that Churchill be included in a proposed exchange of prisoners. Ever since the armoured train affair General Joubert, backed by the redoubtable Commandant Danie Theron, had insisted that Churchill was a dangerous prisoner who should be watched closely. Louis de Souza, Joubert's deputy in Pretoria, told the "Zeiler" committee that after the escape he received a letter from the Commandant-General in which the latter said that Churchill's proffer of parole or to leave Africa for the duration of the war could be accepted. This seems to be a reference to a sarcastic letter that Joubert wrote at Volksrust on the 12th December. This letter shows a rather reluctant change of view on the part of the Commandant-General; he said that he would raise no further objection to the prisoner's "vry relief" — "aldien de Regeering zulks aanneemt en hy zulks doet" i.e. provided the Government was satisfied that Churchill would abide by his offer and that he would tell the truth about his experiences. Joubert added a thrust of disbelief as a postscript — "Zal hy de waarheid gaan vertellen. Hy zal ook wel een aardje naar zijn vader hebben" (Will he tell the truth? He is sure to prove to be his father's son in this respect"). After Churchill's disappearance an angry Joubert insisted that all correspondence be published but F. W. Reitz, the State Secretary wrote "Wachten tot Ch. weer is gevangen" on the papers. Finally Reitz closed the file on the 19th January with "Op last van Z.H.Ed. opbergen". (To be filed by direction of the Government.)

A determined effort was made to recapture Mr. Churchill. Mrs. T. J. Rodda in her *Memories* (Pretoriana No. 20, July, 1956) has described how the police searched her parents' home. Descriptions were posted to all the landdrosts and the wellknown reward notice was issued. Suspicion of complicity fell on several people and some were put over the border, but the guards had not been bribed nor was there any evidence of other outside assistance. Frankland termed the escape project a "primitive" one but the simple and direct plan succeeded where a more devious one might have failed.

OUT OF PRETORIA.

LET us now retrace Sir Winston's steps as he turned his back on the State Model School. He was wearing an old felt hat given him by Hofmeyr and was clad in a civilian brown suit. In his pockets were four slabs of chocolate and £75 in cash. Walking down the centre of Skinner Street in an easterly direction he came to the small stone bridge across the Apies on which he rested. Having crossed the Apies³⁾ he walked southwards "half a mile" towards the railway using the stars as a guide as he had no compass. Where he came on the railway it seemed to turn northwards — probably near Mears Street station. He then followed the



line. "The night was delicious", he tells us feelingly. "A cool breeze fanned on my face and a wild feeling of exhilaration took hold of me." Two hours' walk brought him in sight of a station and at a point 200 yards from the platform he "jumped" the train that took him on the next stage of his adventure. Haldane who memorised the names of all the stations on the Delagoa Boy line and their distances say that Churchill boarded the goods train at Koedoespoort.

REMARKS.

I AM indebted to Advocate Roberts for having put valuable notes at my disposal. This article does not purport to focus notice on all the features of Mr. Churchill's captivity and escape so a brief mention of sources is added:—

(a) PRINTED.

- Churchill, W.S.: *My Early Life*. A Roving Commission (London, 1930).
 Churchill, W.S.: *London to Ladysmith via Pretoria* (London, 1900).
 Churchill, W.S.: *Ian Hamilton's March* (London, 1900). This book also contains extracts from Frankland's diary.
 Haldane, A.: *How We Escaped from Pretoria* (Edinburgh and London, 1900). Originally published in *Blackwood's Magazine*; an enlarged illustrated edition was published in 1901.
 Hofmeyr, A.: *The Story of My Captivity during the Transvaal War* (London, 1900).
 Rosslyn, Earl of: *The Gram*. A Social Magazine founded by British Prisoners of War in Pretoria (Facsimile edition London, 1900).
 Appeared after the prisoners were removed from the State Model School but gives complete list of all the inmates, their ranks and regiments and contains sketches by Frankland and others.

(b) DOCUMENTARY.

- (i) File R. 1681/99 (Vol. 8286) of the *State Secretary*; contains *inter alia* four letters from W. S. Churchill to the "Secretary of State for War" of the S.A. Republic.
 (ii) *Leyds Archives*, Vol. 642, Part I, with the report of the "Zeiler" Committee.
 (iii) Plan S. 2/159 of Wierda and Specification 246, 1895 in Vol. 167, *Publieke Werken*.
 (iv) *Onderwijs Departement*, Vol. O.D. 286; has a copy of Dr. Mansvelt's report on the school.
 (v) *Commandant-General*, Vols. K.G. 346 and 347; various telegrams concerning Churchill's capture and detention.

(All the documents mentioned are in the keeping of the Transvaal Archives.)

¹) General Sir J. Alymer Haldane, G.C.M.G., K.C.B., D.S.O. died on the 19th April, 1950.


²) Colonel Frankland, killed in the Gallipoli operation, 1915.

³) Mr. Churchill did not swim the Apies as Pretoria's ancient legend has it but the idea is not far-fetched when one sees old photographs of the river in impressive spate after heavy rains.

A. M. DAVEY.



The Apies River in impressive spate after the heavy rains during December 1897. Photo was taken by Mr. J. C. Leyer near the confluence of the Apies River and Walker Spruit.



„Zondag 29 November, '96 . . . Om half tien 's ochtends (gisteren) reeds de President met de Regeering, vele Volksraadleden naar de Eerste Fabrieken, het station van dien naam, waar een glasblasery zou ingewyd worden . . . Wat een mooie reeks tipische menschen. De Boerenpresident met zyn Boeren, het sappige, slimme, energieke millioenair Joodje Sammie Marks en memele (= vrou) en roodharig dochtertje. De schoolkinderen kwamen met hun meester een adres aanbieden, waarop de President o.a. antwoordde dat er niets in den weg stond dat ook zy wanneer ze goed oppassen, staatspresident zouden worden. We keken naar het blazen van een paar flesschen en daarna gingen we aan tafel waar de oude Kruger en de energieke Joodje praatte. Wat horisonten! Daar werd gedroomd van toekomstige industrieën (ysterwerken!) en van de noodige beskerming die elke „zuigeling” noodig heeft om niet in de wieg te smooeren.” (Uit: Briewe uit Transvaal van G. A. A. Middelberg (1896—1899), Ingelei en toegelig deur dr. F. J. du T. Spies, Hertzog-Annale, Tweede Jaargang, Eerste Aflewering, Julie 1953, bl. 68—69) — Red.

DIE GLASBLASERY OP EERSTE FABRIEKEN

NA die Eerste Vryheidsoorlog het Eerste Fabrieken, veral danksy die pogings van die firma Lewis en Marks, 'n nywerheidsentrum van betekenis in die Suid-Afrikaanse Republiek geword. Bogenoemde, kapitaal-kragtige firma, het in 'n drietal rigtings die nywerheidsontwikkeling in Transvaal probeer bevorder. Op Eerste Fabrieken was 'n drankstokery, 'n glasblasery en 'n fabriek waar veral konfynt vervaardig is.


Aangaande die glasblasery beskik ons oor 'n aantal gegewens, ontleen aan 'n briewekopieboek, wat op die tydperk September 1898 tot Augustus 1899 betrekking het. In hierdie brieweboek kom gegewens voor met betrekking tot die verkoop, die verbruik van grondstowwe en diverse rekeninge en verantwoordings in verband met afnemers.

Dit blyk dat hierdie boek in die Pretoria-kantoor van die firmante bygehou is. Die meeste briewe is onderteken deur mnr. J. P. H. Faure (sekretaris) of deur sy gemagtigde mnr. J. A. Barbour.

Insiggewend is veral dié gegewens wat deur die kantoor in Pretoria aan die Londense kantoor van die firma Lewis en Marks verstrekk is. In verband met die verkoop van bottels aan die Witwatersrand gee diverse briewe, gerig aan die verteenwoordigers op Johannesburg (F. M. Joseph) 'n beeld van die verkoop van die produkte van die fabriek in daardie deel van die Republiek.

Die produkte van die fabriek het uit limonade- en sodawaterbottels van verskillende groottes asook uit bierbottels bestaan, terwyl vir die drankstokery op Eerste Fabrieken whisky- en jenewerbottels vervaardig is.

Uit die aanwesige gegewens kry die leser die indruk dat die glasblasery tydens die eerste helfte van die jaar teen 'n gemiddelde verlies van £300



EERSTE FABRIEKEN, 6 OKTOBER 1893.

per maand gewerk het. Daarna het 'n gunstige wending gekom. Oor die tydperk van 2.7.1898 tot 1.10.1898 het die inkomste £3,258 en die uitgawes £3,247 bedra en kon 'n wins van £11 geboek word. Tydens hierdie tydperk kon die produksiekoste van 66/- tot 47/- per gros bottels verminder word.

In sy skrywe van 8 Oktober 1898 aan die Londense kantoor het die sekretaris die vertroue uitgespreek dat die aankoms van 'n aantal nuwe werkkragte uit Engeland die uitgawes verder sou verminder. Daar was voldoende bestellings om al die werkkragte voltyds besig te hou. In 'n skrywe van dieselfde datum het die sekretaris daaroor gekla dat die monteur nie vir sy vak opgelei was nie en dat die werkers misbruik daarvan gemaak het deur te sê dat die gereedskap sleg was "when the real reason is that they have either consumed too much beer or have on a fit of laziness".

Terwyl daar in Augustus 1898 28 gros en 6 dosyn bottels verkoop is, het die verkoop in September 1898 tot 243 gros en 4 dosyn gestyg. Onder die afnemers was Weinraub en Abramsohn, die Verbena-mineraalwater-fabriek van S. Sliom en G. W. Shilling, almal van Pretoria.

In dieselfde maand is die volgende hoeveelheid grondstowwe verbruik:

44,000 pond kwarts en sand	£8 5 0
18,000 pond kalk	£33 15 0
11,480 pond sout	£74 12 4
1,008 pond vloeispaat	£7 16 6
616 pond loogsout	£5 0 1
850 pond arseen	£3 10 8

Verder is 250 ton steenkool verbruik wat £256/5/- gekos het.

Aangaande die herkoms van die grondstowwe blyk alleen dat vloeispaat gereeld per skip van Engeland aangevoer is na Delagoabaai en vandaar per trein na Eerste Fabrieken vervoer is.

In Oktober 1898 kon die sekretaris berig dat hy tevrede was met die prestasies van die werkkragte, dat bestellings nog steeds ontvang is en dat die „Natal Breweries”, van Pietermaritzburg, 150 gros bierbottels bestel het.

Op 15 Oktober, 1898 het 9 werkkragte, nl. E. Edwards, H. S. Bennett, F. Taylor, E. Appleyard, Marshall, Capless, Foley, E. Launders en W. H. Pizzy aan boord van die „Dunottar Castle” na Suid-Afrika vertrek nadat hulle deur die Londense kantoor van die firma in diens geneem is.

In November het die monteur A. Dumville op Eerste Fabrieken aangekom. Hy was ’n passasier aan boord van die stoomskip „Mexican”.

In Desember 1898 is 703 gros bottels verkoop, in Januarie 1899 ruim 721 gros, in Maart 1899 ruim 350 gros en in April ruim 332 gros. Van 1 Januarie 1899 tot en met 30 April 1899 is altesame 2,075 gros bottels teen 50/8 per gros verkoop teen ’n wins van 4/7½ per gros. Volgens die sekretaris was dit baie bemoedigend.

Terwyl gegewens in verband met die omset oor Julie 1899 ontbreek is daar ’n lys met betrekking tot die grondstowwe wat gedurende dieselfde maand verwerk is.

Daar is 120,000 pond sand en kwarts (£22/13/4); 33,000 pond kalk (£66); 3,752 pond vloeispaat (£23); 2,600 pond loogsout (£26/15/6); 360 pond arseen (£5/5/4) en 26,404 pond sout (£138/12/5) verwerk. Verder is 330 ton steenkool teen 14/6 per ton (£238/5/-) verbruik.

Die vernaamste afsetgebied van die glasblasery was die Witwatersrand en Pretoria. Slegs een geval is bekend waar bottels na Natal uitgevoer is. ’n Uitvoerpremie sou, aldus die sekretaris in een van sy briewe, die uitvoer bevorder. Onder die afnemers kom voor: F. W. Bell (Brugspruit), A. Langford (Johannesburg), die Castlebrouery (Johannesburg), W. F. Dawes (Rustenburg), Chandler en Kie. (Johannesburg), Effron en Kie. (Germiston), die „East Rand M.W. Co.” (Germiston), Goldberg en Zeffert (Johannesburg), Raleigh Heyman (Waterval-Boven), P. Koeleman (Belfast), Meister en Greveller (Potchefstroom), A. L. Murray en Kie. (Waterval-Boven), N. Manchevsky (Pretoria), S. Sliom (Pretoria), Thomas en Kie (Krugersdorp en Roodepoort), J. Walker (Rustenburg) en die „West Rand M.W. Coy.” (Krugersdorp).

Uit hierdie gegewens blyk dat die produkte van die glasblasery op Eerste Fabriek oor die lengte en breedte van die grondgebied van die Republiek versprei is.

Die volgende twee briewe staan ook in verband met die geskiedenis van die glasblasery op Eerste Fabrieken.

(Uit: briewekopieboek „The Eerste Fabrieken Hatherley Distillery Ltd.“, bl. 199):

20sten November 96.

Aan Zijn Hoog.Ed. Gestreng
den Staatspresident
der Zuid Afrikaansche Republiek.

HoogEdelGestreng,

Aangezien wij nu een aanvang gemaakt hebben met het fabricereen van glas, en ik weet dat U een levendig belang stelt in dergelijke industriën, zoo neem ik de vrijheid UEd. en uwe ambtenaren uit te noodigen de Glasfabriek te komen bezichtigen.

Ik zou mij ten zeerste verplicht gevoelen als UEd. den voorzitter en de leden van den Raad ook wilt uitnoodigen en mij eenige dagen vooruit laten weten, wanneer UEd. van plan is te komen.

Ik heb de eer te zijn
UEd. dienstw. dienaar
J. P. H. Faure,
Sec.(retaris).

(Uit dieselfde kopieboek, bl. 219):

26 November 96.

Aan den WelEd.Heer G. A. A. Middelburg (*moet wees: Middelberg*),
Pretoria.

WelEd.Heer,

De President, leden van den Uitvoerenden Raad, leden van den Volksraad en anderen hebben eene uitnoodiging van de Directeuren der Eerste Fabrieken aangenomen om op Zaterdag a.s. hunne Glas Werken en Fabriek te bezoeken, en hebben den wensch uitgedrukt niet later dan 2.30 van het Station Eerste Fabrieken te vertrekken. Wij zouden U zeer verplicht zijn als U eenige schikking kon maken die hen in de gelegenheid zal stellen op dien tijd te vertrekken.

Ongeveer 60 personen zijn uitgenoodigd.

Hoogachtend,
J. P. H. Faure,
Sec.(retaris).

— J. PLOEGER.

UIT DIE BRIEWE VAN ARNOLD THEILER : V.

(*Vervolg*)

NA sy terugkeer uit die buiteland het Theiler elke dag ver wag om as Republikeinse burger na die oorlogsfront opgeroep te word. Maar voorlopig het dit nie gebeur nie. Gedurende die res van Oktober en die hele November sit hy nog in Pretoria en volg die oorlog uit die verslae. Hy skryf van die eerste groot veldslae, Dundee en Elandslaagte; „die beslissende slag word elke oomblik ver wag”. Sy opinie is dat die oorlog lank sal aanhou. „Vir die Boere is dit ’n heilige oorlog”. In Pretoria het die spanning met die uitbreek van die stryd afgeneem. Behalwe dat daar beheer oor die verkoop van vleis gekom het is daar nie veel verandering in die lewe te sien nie.

Eind November stuur Theiler sy nuwejaarswense aan sy ouers en peins oor sy eie toekoms. „Die noodlot was goed vir my in 1899; wat 1900 vir my inhou weet ek nie. My huis word met vernietiging bedreig deur die magtige Engeland”. Hy is tenslotte opgeroep. „My plig roep my. My eed aan die Republiek is bindend in goeie en slegte tyd. Die regering het my goed behandel en ek is ’n volle burger.”

Die volgende brief kom van die oorlogsterrein. Hy sit op ’n pragtige someroggend voor sy tent agter Bulwana en skryf. Diepgroen is die pragtige landskap, die heuwels van Natal; net hier en daar ’n bergkrans om die sagte glooiing te verbreek; verder is die veld wit gevlek met die tente en waens van die laers. Dié van Krugersdorp is vlakby, dié van Wakkerstroom verderweg. Hy self is in die laer van majoor Wolmarans. Die groen heuwels is oortrek van die vee wat aan die verskillende laers behoort.

Kort-kort word die vreedsame stemming verstoer deur kanongebulder. Daar is ’n Longtom op Bulwana, vlakby, en nog een op Lombaardskop wat Ladysmith reëlmstig bestook. Soms skiet die Engelse skeepskanonne terug maar die laers lê buite hulle bereik.

Hy skryf uitgebreid van sy reis per trein uit Pretoria en die indrukke wat hy onderweg opgedoen het. Daar het treine vol krygsgevangenes by hulle verbygegaan en ook treine vol Vrystaatse burgers wat uit Natal verplaas word om hulle eie staat te gaan verdedig. Al die geskiedkundige plekke word hom aangewys: Sandspruit waar die laers eers gestaan het, Volksrust wat vrywel heeltemal verlate is, Charlestown waar geen woord Engels meer gehoor word nie, Majoeba, Laingsnek, Elandslaagte — „Ons kon die slagveld en die kerkhof op ’n afstand sien”, — Modderspruit, waar die geveg nog vars in die geheue van sy vertellers is en vanwaar hulle die kanonne al kon hoor skiet, en dan eindelijk sy bestemming agter Bulwana. Hier het majoor Wolmarans met hom kom gesels oor sy Europese reis en hier het hy die eerste nag op die harde grond sleg geslaap.

Dagbreek die volgende oggend is hy die kop uit om die Longtom te

sien skiet: rook en 'n ontsettende gebulder en 'n fluitende geluid wat wegsterf. Dan stilte waarin gewag word op die Engelse antwoord. Die bly nie lank uit nie. Op die sein „pasop!” koes al wat leef agter die skanse weg. Dan is dit weer 'n fluitende geluid wat nader kom. Onaangenaam naby, vyftig tree agter hulle slaan die liddietbom in dat die kenmerkende groen wolk opslaan en klipskerwe huilend oor hulle heenfluit.. In 'n oogwink lewe die hele rand soos die burgers opspring en inderhaas skuiling soek. Dit is Theiler se vuurdoop. „Ek was nie bang nie, maar opgewonde en het 'n gevoel van intense hulpeloosheid gehad.”

Vanaf Bulwana kan hy Ladysmith in die holte sien lê met die Engelse forte op die plat randjie daaragter en die tentlaer van vrouens en kinders daar op die vlakke. Skielik verskyn 'n verkennersballon bo die stellings.

So het die beleg van Ladysmith daaruit gesien. Hy self het nie veel te doen gehad nie en die oorlog het hom al gou verveel en „sinnelees” voorgekom. Al opwinding binne die eerste veertien dae was die nagtelike Engelse aanval op een van die Boerekanonne, 'n intense deurmekaarspul in die nag wat hy vlak by aanskou of liever aangehoor het. Hoewel 'n kanon vernietig is het dit die Engelse duur gekos: 56 gesneuweldes en 17 gewondes en 10 gevangenes teenoor vier Boere wat gesneuwel het en sewe wat gewond is.

Die groot oorwinning van 15 Desember 1899, die Slag van Colenso, ook daar het hy geen aandeel aan gehad nie. Hy het nog maar op Bulwana gesit vanwaar hy weliswaar 'n pragtige uitsig gehad het, tot by Colenso self, maar waar die eintlike oorlog hom verbygegaan het. Intussen het die bombardering van Ladysmith met reëlmatige eentonigheid voortgegaan. Die Engelse antwoord nie meer nie behalwe een keer toe Sir George White se huis getref is.

Toe die oorlog ooswaarts verskuif, het ook hy verskuif. Steeds bly hy die toeskouer. By Spioenkop het hy die lyke op die slagveld verstrooid sien lê, 'n paar dae na die slag — 'n toneel om nooit te vergeet nie. Dit beskryf hy in 'n brief van 21 Januarie 1900 aan sy vrou. Sy probeer so goed sy kan die laboratorium aan die gang te hou. Dit het stil geword in Pretoria. Baie regeringskantore is gesluit „aangesien alles wat twee bene het na die front moet gaan”. Sy vertel van die wending wat die oorlog geneem het. Cronjé het oorgegee maar aan die Tugela word nog stand gehou. Hulle het 'n uitsig op die krygsgevangenekamp wat snags helder verlig is. Die gevange offisiere is in Waterval opgesluit, daar waar Theiler een tyd sy proefdiere aangehou het.

Op 7 Maart 1900 is Theiler weer by die huis vir drie weke verlof. Hy skryf 'n uitgebreide verslag, ongeveer in die vorm van 'n dagboek, oor die gebeure in Natal van die vorige twee weke. Aangesien hy gedurig inspektietogte langs die front moes hou, het hy 'n goeie oorsig gehad van wat aangaan juis op die tydstip toe die Boere hulle stelling aan die Tugela begin prysgee het en dit selfs in 'n wilde vlug ontaard het.

Na die veldslae van Pontdrif en Kranskloof het die Engelse die noorde-

like Tugela-oewer weer ontruim en hulle magte van Spioenkop na Chieveley verplaas.

Op Sondag 18 Februarie het hy met sy inspeksietog langs die front begin sonder om te besef dat die groot geveg reeds begin het. Hy en sy gevolg trek hulle vas en gaan toe maar op 'n hoë punt die gevegte sit en dophou maar toe die liddietbomme te na aan hulle val het hulle inderhaas padgegee. Hulle sien 'n tydelike brug oor die Tugela waar 'n groot gedrang van burgers was wat hulle posisies suid van die rivier ontruim. Teen die aand word die kanonne met pontons oorgetrek.

Aangesien hulle die aand nie die hoofkamp kan bereik nie, vind hulle 'n gerieflike plek onder 'n boom om te oornag waar 'n bommeksim geparkeer is. Terwyl 'n ligte reën die nag begin val hoor hulle geluide van perderuiters, kanonne en waens wat verbytrek.

Sonop die volgende dag vind hulle die kanonne in nuwe stelling maar nie 'n skoot word geskiet nie. Onder ontbyt bespreek hulle die geveg „asof ons self die generaals is.” By die hooflaer vind hulle generaal Joubert waar hy voor sy tent sit, kennelik ontstemd oor die gang van sake. Die aand sluit hulle weer by die artillerie aan. Dinsdag ry hulle weer na Colenso om die geveg dop te hou. Dit is duidelik dat die posisie vinnig versleg sodat hulle nie eers meer oor Colenso kon terugkeer nie. Hulle ontmoet genl. Lucas Meyer by sy laer in die sentrum van die Boereposisies. Tenspyte van die toestand het hy nog tyd om die toestand van sy perd met Theiler te bespreek. Hulle ontmoet ook genl. Botha, „vriendelik en opgewek soos altyd.”

Toe hulle 27 Februarie weer 'n uitkykposisie op 'n koppie by Colenso inneem is dit duidelik dat die posisie verder versleg het. Die Boerestelling is nou op die rante noord van die rivier terwyl die Engelse besig was om 'n brug oor die rivier te slaan. Die Engelse artillerie skiet sonder merkbare uitwerking op die Boerestelling. Tweekeer is Theiler getuie van 'n Engelse infanterie-aanval wat deur die mausers neergemaai word. Tog toe hulle die volgende oggend na hulle „grand stand” wou terugkeer vind hulle dit onveilig vanweë die Britse bomme. So het die slag voortgegaan en gaandeweg het die Boere hulle houvas oor die situasie heeltemal verloor.

Wat Theiler die dag van die 27ste Februarie nie besef het nie, was dat hy 'n deel van die finale slag om die Tugela-front aanskou het. Verder weg, waarskynlik buite sy gesigsveld, het dié dag die deurbraak by Pietersheuwel plaasgevind ten spyte van hardnekkige weerstand van die Krugersdorpse en Standertonse kommando's. Die volgende dag en die dag daarna was daar in sy omgewing nog kanonvuur oor en weer, maar die groot paniek en die groot terugtog van die Republikeinse magte het reeds begin.

'n Dag of wat later is hy self deel daarvan en aanskou hy die sonderlinge skouspel van 'n groot leër wat in byna paniese angste en ordeloosheid wegvlug, en dit feitlik vir niks nie, want die Britse leër het hulle op daardie

oomblik glad nie agtervolg nie. Hy en sy gevolg trek met hulle muilwa saam met die groot stroom. Waar die pad oor 'n nek gaan ontstaan 'n ontsettende verwarring van waens, osse, perde, muile en skreeuende mense, wit en swart, wat almal tegelyk wil wegkom. Na ses uur is hulle eindelijk oor die nek. Geen wonder dat een van hulle makkers, Deschler, hulle die aand om die kampvuur onderhou met 'n wetenskaplike bespreking oor die vrye wil van die mens nie.

Die volgende dag, 3 Maart, trek hulle oor 'n pas van die Biggarsberg. „Dit lyk na 'n groot eksodus. Maar die mense is buite beheer; geen veldkornetskapskap, geen kommando is bymekaar nie. Alleen die Artillerie is onder dissipline.” Dit is 'n verskynsel wat hom interesseer, hierdie ordelose angs wat daar oor 'n origens dapper leër kan kom. Hy skryf dit toe aan die gebrek aan dissipline onder die Boere maar meen tog dat daar iets meer agter sit.

Toe die saak weer onder beheer gekom het en 'n nuwe gevegslinie langs die Biggarsberg beset is onder die opperbevel van generaal Louis Botha, het hy egter verlof gekry om na Pretoria terug te keer. Die verdere verloop van sake in Natal val dus buite sy persoonlike belewenisse.

F. J. DU TOIT SPIES.

Uit die dokumente wat mnr. Nell vir onderstaande artikel geraadpleeg het, blyk dit dat Fritz Wichgraf, 'n „portret- en historieschilder” aan die begin van 1899 in „Upper Page Street, New Doornfontein, Johannesburg” gewoon het. In April 1899 het hy berig dat hy sy huis in Johannesburg sou verhuur en van plan was om op 1 Mei na Pretoria te verhuis met die doel om daar te gaan woon en die skildery te voltooi. Onder andere het hy in sy brief ook meegedeel dat hy van plan was om 'n kunsskool in die Z.A.R. te begin en hom permanent hier te vestig. In Berlyn het hy jarelang 'n kunsskool met die beste resultate bestuur. Die lewe en werk van Wichgraf, hier en oorsee, behoort 'n interessante onderwerp vir 'n deeglike studie te vorm.—Red.)

'N HISTORIESE SKILDERY IN DIE OU MUSEUM

IN een van die lokale van die Ou Museum in Boomstraat, Pretoria, hang daar 'n skildery met 'n merkwaardige geskiedenis soos dit opgeteken staan in R.5937/00 by R.A.1829/00 gevoeg by Koloniale Sekretaris-lêer nr. 12568/07.

Hierdie skildery wat 'n voorstelling gee van president Kruger en die Uitvoerende Raad tydens die ontvangs van 'n afvaardiging, is die produk van 'n skriftelike ooreenkoms wat in 1899 aangegaan is tussen die Duitse skilder, mnr. F. Wichgraf, en die Z.A.R. se Kommissie insake die Paryse Tentoonstelling.

Die ooreenkoms het bepaal dat die skeper van die werk £500 kontant sou ontvang ten einde die aanvanklike koste te dek. By eventuele voltooiing sou hy 'n verdere £1,500 vergoeding ontvang.

As gevolg van die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog in 1899 is die skildery egter nooit aan die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek oorhandig nie, en gevolglik het die skildery in Berlyn gebly.

In 1907 is die kwessie van die skildery weer te berde gebring deur mnr. Wichgraf en sy skoonseun, mnr. Hugh Evans, wat vertoë tot die destydse Koloniale Sekretaris van Transvaal, genl. J. C. Smuts, gerig het waarin versoek is dat die regering die ooreenkoms van 1899 moes nakom. Hiertoe het die regering egter nie sy weg oop gesien nie. Evans het daarop met 'n tweede voorstel gekom, waarvolgens die skildery teen 'n heelwat kleiner bedrag as die beloofde £1,500 aan die regering verkoop sou word. Ook hiervoor het die regering nie kans gesien nie.

In Mei 1909 het dr. Engelenburg, redakteur van *De Volkstem*, na Engeland vertrek ter bywoning van die „Imperial Press Conference”. Voor sy vertrek het dr. Engelenburg, na samespreking met genl. Smuts, magtiging gekry om persoonlik met mnr. Wichgraf te onderhandel oor die aankoop van die skildery, en hom £500 daarvoor aan te bied.

Op 7 Oktober 1909 het die Buitelandse Verteenwoordiger van die Transvaal in Londen, aan die Koloniale Sekretaris laat weet dat die onderhandelings tussen genoemde twee here geslaag het, en dat die skildery vir die gemagtigde bedrag aangekoop is. Verder is bekend gemaak dat mnr. Wichgraf 'n raam sou verskaf teen 'n bykomstige bedrag van £10.

In Januarie 1910 het die skildery in Pretoria aangekom om voorlopig geberg te word in die ou Volkstemgebou. In April van die daaropvolgende jaar is die raam ook ontvang waarna die skildery geraam en in die Ou Museum geplaas is.

Vandag, bykans vyftig jaar na ontvangs, pryk dit nog in olieverf en dien dit nog as herinnering aan vervloë jare en tot gedagtenis aan 'n volksverlede roemryk en vol kragtige dade.

P. J. („OOM PIET”) NELL.



'n Foto van die Wichgraf-skildery in die Ou Museum.

Op 'n plaatjie onderaan die skildery staan die volgende:— „Die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. ontvang 'n Deputasie van vyf welbekende Afrikaners wat die bestraffing van die Johannesburgse Hervormers van 1895 vra. Wichgraf, 1899. A.C. 469”. Die persone wat op die skildery voorkom is van links na regs die volgende:— Die here Botes, A. Venter, H. Botha, genl. Kock (sittende), Pretorius, F. J. Kotzé (blykbaar aan die woord), genl. Cronje, A. D. W. Wolmarans, Schalk Burger, De Cock (met sy rug na die skilder gekeer), genl. Piet Joubert, F. W. Reitz (Staatsekretaris), pres. Cronjé en P. G. W. Grobler.

Foto: J. C. van Heerden, Onderwyskollege, Pretoria.



Voortrekkerhoogte


'N GESKIEDKUNDIGE OORSIG

'N **S**TUDIE van die geskiedkundige agtergrond van die plek wat vandag bekend staan as Voortrekkerhoogte, lewer 'n aantal probleme vir die ondersoeker, vanweë 'n gebrek aan gegewens. Wel is daar periodieke gebeurtenisse en geskiedkundig belangrike voorvalle geboekstaaf, maar veral die aanvanklike periode, toe die tuiste van Britse soldate was en die onmiddellik daaropvolgende tydperk, gaan mank aan genoegsame inligting vir 'n studie van hierdie aard. Destydse amptelike publikasies deur die Britse owerhede is nie meer ter insae nie en voortdurende veranderings in tred met die militaristiese modernisering, het veroorsaak dat baie van die oorspronklike geboue reeds verdwyn het en in kampe en op terreine waar daar moontlik vandag nog spore van die eertydse besettingsmagte sou kon gewees het, het moderne geboue en sportvelde verrys, en is die spore van die geleidelike ontwikkeling van die plek eensklaps uitgewis gedurende Wêreldoorlog II, toe 'n geweldige bouprogram vir administratiewe opleidings- en huisvestingsdoeleindes onderneem is.

'n Groot aantal geboue, wat aan die begin van die huidige eeu deur die Britse owerhede as kwartiere vir getroudes en enkelkwartiere opgerig is, is vandag nog in bruikbare toestand en huisves gesinne van lede van die S.A. Staandemag. Die geboue bestaan uit hout en sink en is in 1900/01 uit Engeland in voorafgefabriiseerde seksies oorgebring en opgerig. Op sommige van die metaaltoebehore van die huise is die jaartal 1895 nog sigbaar. 'n Kenmerk van die materiaal waaruit die geboue bestaan, is die hardheid van die hout en taaiheid van die sink teen roes. Dit moet as enigste rede aangeneem word, waarom die geboue so bestand is teen verrotting en verwering. Gaandeweg egter, word hierdie geboue gesloop, en moet hulle plek maak vir moderne woonhuise.

Soortgelyke geboue is vir die doel van hospitalisasie, deur die Britse owerhede opgerig maar 'n moderne hospitaal het die plek van hierdie ou geboue, wat tans gebruik word vir opbergingsdoeleindes, vervang.

Net na Wêreldoorlog I is die Anglikaanse Kerk en die Verenigde Kerk op Robertshoogte gestig. Die Afrikaanse kerk as 'n afsonderlike militêre gemeente, was aanvanklik deur ds. Murray, bygestaan deur ds. Adler, be-arbeid. Die saal wat as kerkgebou gedien het, was 'n tydelike hout- en sinkstruktuur, en net na die nuwe N.G.-kerk in 1938 gebou en ingewy is, is hierdie ou kerksaal gesloop. In die vroeë dertiger jare is die eerste voltydse veldprediker ds. Coertze aangestel en hy het diens gedoen tot in 1947. Saaam met die bevolking van Robertshoogte het hierdie gemeente gegroei tot die huidige 3,780 sieletal wat deur vier voltydse veldpredikers be-arbeid word. In die vroeë vyftiger jare is Ned. Hervormde en Ned. Gereformeerde gemeentes gestig.



'n Gebou van geskiedkundige waarde wat nog bestaan en in gebruik is, is „District House” wat tot onlangs bestem was as woonkwartier vir die Kommandant-generaal, S.A.V.M. Hierdie selfde gebou was deur sir Neville Lyttelton bewoon in 1902 toe hy Troepebevelvoerder was, en dit word gesê dat lord Roberts ook vir 'n tyd daarin woonagtig was. Die verdedigingspos en uitkyk buite die woonhuis dui aan dat die gebou slegs vir belangrike militêre persoonlikhede bestem was.

DIE EERSTE SOLDATEGEMEENSAP.

TYDENS die Eerste Vryheidsoorlog was die bevolking van Pretoria reeds van 'n gemengde aard. Op 4 Mei 1877 het die eerste afdeling Britse troepe die stad binne marsjeer. Oor 'n groot gebied teen die heuwels ten suide van Pretoria, was daar 'n kamp wat ongeveer 5,000 Britse troepe gehuisves het. Dit word gesê dat die kamp besonder skoon en netjies was in vergelyking met die „vuil dorp Pretoria”. Daar is geen redelike gronde om te aanvaar dat daar op daardie tydstip enige georganiseerde of permanente huisvesting op die huidige Voortrekkerhoogte was nie.

Na die Jameson-inval is daar vier groot forte om Pretoria gebou, nl. Skanskop, Klapperkop, Wonderboom en Westfort, elk teen 'n koste van £45,000 Ten tye van die Tweede Vryheidsoorlog het genl. Louis Botha die kanonne laat verwyder omdat hulle nutteloos was. Hierdie was blykbaar die enigste groot verdedigingstellers om Pretoria op daardie tydstip, die eersgenoemde twee forte is tot nasionale monumente verklaar en bestaan vandag nog. Die ander forte op strategiese punte is net na die Engelse belegging gesloop en oorblyfsels is vandag nog sigbaar.

Op 5 Junie 1900 het lord Roberts Pretoria beset en Britse troepe het die dorpsgebied binnegestroom. Die laaste opdrag van die Z.A.R.-regering was op 29 Mei 1900 aan die Burgemeester van Pretoria oorgedra om die dorp aan lord Roberts te oorhandig. Daar is geen aanduiding dat daar troepe na Robertshoogte gegaan het onmiddellik na die besetting nie. Die hoofkwartiere van die militêre instansies, hoofsaaklik lord Kitchener, was in die omgewing van die terrein van ons huidige Onderwyskollege gevestig. Die Britse troepe was in 'n laer in Pretoria-Wes saamgetrek. Vanweë die groot sterkte het die terrein te klein geword en lord Roberts het begin dink aan 'n groter, hoërliggende en gesonder terrein omdat daar destyds nog malaria in Pretoria was en die ongevallepersentasie taamlik hoog was. Hy het toe besluit om na die hoogliggende terrein vyf myl



Hoeksteen van die eerste permanente gebou wat in 1902 op die destydse Roberts Heights opgerig is. Die hoeksteen van die klubgebou, die sg. „S.A. Garrison Institute” is op 12 Junie 1902 deur lord Kitchener gelê. Vanaf 1920 is die gebou die hoofkwartier van die Militêre Kollege.



LORD KITCHENER.

*Opperbevelhebber van die Britse Magte in S.A., November 1900 —
Junie 1902.*

Suid-Wes van Pretoria te verskuif en so het Robertshoogte gedurende die Tweede Vryheidsoorlog tot stand gekom. Aanvanklik was dit net 'n tentdorp, maar weldra in 1902 is die eerste permanente gebou opgerig, naamlik die Klubgebou, bedoel as ontspanningsentrum vir Britse troepe, en was die „South African Garrison Institute” genoem, wat na die oorlog nog daar gestasioneer was. Alhoemeer kasernes en soldatekwartiere het verrys vir die huisvesting van Britse troepe, namate die huisvestings-



Verdedigingspos en Uitkyk buite „District House”, die woonhuis vir belangrike militêre persoonlikhede.

fasiliteite in Pretoria-Wes minder genoegsaam geword het. 'n Hospitaal is aangebou vir die verpleging van die talle gevalle van malaria en influënsa wat voorgekom het, 'n gimnasium wat vandag nog deur die S.A. Militêre Kollege as sodanig gebruik word, is opgerig, waar sosiale funksies en selfs kerkparades Sondae gehou is, en feitlik op elke gebied is daar voorsiening gemaak vir geboue. Geleidelik is baie van hierdie geboue verkoop aan die S.A.S. & Hawens, S.A. Polisie en die Gevangeniswese, talle ander is gesloop en die bruikbare materiaal gebruik vir die oprigting van geboue vir krygsgevangenes net na Wêreldoorlog I. Ander is gebruik om geboue by die Swartkop-lughawe op te rig. Al die geboue by Kwaggapoort is oorgeplaas na die Department van Publieke Werke, vir verkoping aan die S.A. Polisie. Van daardie geboue is vandag nog in gebruik.


ONTWIKKELING OP MILITÊRE GEBIED.

SOOOS reeds gemeld, was die „S.A. Garrison Institute” die eerste permanente gebou wat in 1902 opgerig was. Lord Kitchener, wie die besluit geneem het om die gebou op te rig, het dan ook die hoeksteen op 12 Junie 1902 gelê. Die fondse vir die gebou het gekom uit winste wat die militêre kantiene gedurende die oorlog gemaak het; een kantiën in Pretoria alleen het in 1902 die bedrag van £20,000 wat uit winste

bestaan het, besit en lord Kitchener het bereken dat, indien hy die globale bedrag tussen sy troepe sou verdeel, elke soldaat $3/4d$. sou kry. Hy het toe besluit om 'n groot stuk grond te koop en die klubgebou in die nabyheid van 'n groot pan, wat gewemel het van wilde eende na die somer-reëns, op te rig. 'n Gedeelte van die gebou was gebruik vir die opberging van voedselvoorrade, en 'n ander vertrek, wat vandag gebruik word as 'n eetsaal, was gebruik as 'n kerk. Hierdie toestande het nog bestaan, toe die Britse troepe in 1914 vertrek het om deel te neem aan Wêreldoorlog I. Gedurende die oorlog was die Roberts Heights-gebied deels gebruik vir die internering van Duitse burgerlikes, en deels vir die opleiding van S.A. troepe wat aan die oorlog sou deelneem. Gedurende hierdie tydperk en selfs later ten tye van die griep epidemie van 1918, was gedeeltes van die gebou gebruik om die oorloop van pasiënte van die militêre hospitaal te huisves.

Gedurende Maart 1920, is die opleidingsinrigtings vanaf Bloemfontein en Potchefstroom in die Roberts Heights-gebied gekonsentreer. Teen hierdie tyd was die gebied reeds aan die Unieregering oorhandig. 'n Interessante staaltjie in verband met die oorhandiging word vandag nog deur sommige van die destydse lede van die Weermag vertel. Die afdeling wat agtergelaat was om die gebied te oorhandig, het bestaan uit drie senior onderoffisiere wat belas was met al die formaliteite, maar hulle het geen opdrag gehad wat betref die koopprijs nie. Alles het voor die wind gegaan met die oorhandigingsproses totdat die kwessie van die koopsom te berde gebring is deur die Unieregering-vertegenwoordiger, mnr. Eddie Rooth, die voormalige militêre regsadviseur vir Pretoria. Ná 'n lang geredekawel is daar besluit dat, volgens Britse regsprosedure, daar wel op 'n koopsom besluit moet word om die Akte van Oorplasing geldig en wettig te maak. Dit word vertel dat een van die onderoffisiere uiteindelik gesê het: „Oh, well, Sir, . . . make it three beers”, en daar is vandag nog baie van die ou militêre persoonlikhede wat glo dat die S.A. Militêre Kolege geruil is vir drie bottels bier, of vir die bedrag van $1/6d$. Feit is egter dat die hele Roberts Heights-gebied, met al die geboue daarop na die Unieregering op 1 April 1921 as 'n gedenk oorgeplaas is. Wet 33/1922 maak voorsiening vir die oorhandiging aan die Departement van Publieke Werke, geboue ter waarde van £543,445 en paaie, omheining, watervoorsiening — en dreineringsinstallasies, voorrade en masjinerie ter waarde van £85,752, 'n totale bedrag van £539,197.

Ná die sentralisasie van die „S.A. Military Schools” in die gebied, het die ontwikkeling vinnig vooruitgegaan. Die S.A. Militêre Kolege word in 1923 gestig, met verskillende militêre takke vir opleiding, soos liggaams-opvoeding, wapenopleiding, en ander rigtings noodsaaklik vir die beroep-soldaat. Binne die kort bestek van 25 jaar het die kaal rotsagtige veld wat bedek was met rooigras, verander, eers in 'n tentdorp, toe barakke vir die Britse garnisoen (1902–1913) daarna 'n opleidingsentrum vir U.V.M.-troepe wat vir Oos-Afrika bestem was, en uiteindelik in 'n



Verdedigingspos en Uitkyk buite „District House”, die woonhuis vir belangrike militêre persoonlikhede.

fasiliteite in Pretoria-Wes minder genoegsaam geword het. 'n Hospitaal is aangebou vir die verpleging van die talle gevalle van malaria en influenza wat voorgekom het, 'n gimnasium wat vandag nog deur die S.A. Militêre Kollege as sodanig gebruik word, is opgerig, waar sosiale funksies en selfs kerkparades Sondae gehou is, en feitlik op elke gebied is daar voorsiening gemaak vir geboue. Geleidelik is baie van hierdie geboue verkoop aan die S.A.S. & Hawens, S.A. Polisie en die Gevangeniswese, talle ander is gesloop en die bruikbare materiaal gebruik vir die oprigting van geboue vir krygsgevangenes net na Wêreldoorlog I. Ander is gebruik om geboue by die Swartkop-lughawe op te rig. Al die geboue by Kwaggapoort is oorgeplaas na die Department van Publieke Werke, vir verkoping aan die S.A. Polisie. Van daardie geboue is vandag nog in gebruik.

ONTWIKKELING OP MILITÊRE GEBIED.

SOOOS reeds gemeld, was die „S.A. Garrison Institute” die eerste permanente gebou wat in 1902 opgerig was. Lord Kitchener, wie die besluit geneem het om die gebou op te rig, het dan ook die hoeksteen op 12 Junie 1902 gelê. Die fondse vir die gebou het gekom uit winste wat die militêre kantiene gedurende die oorlog gemaak het; een kantiën in Pretoria alleen het in 1902 die bedrag van £20,000 wat uit winste

bestaan het, besit en lord Kitchener het bereken dat, indien hy die globale bedrag tussen sy troepe sou verdeel, elke soldaat $3/4d$. sou kry. Hy het toe besluit om 'n groot stuk grond te koop en die klubgebou in die nabylig van 'n groot pan, wat gewemel het van wilde eende na die somer-reëns, op te rig. 'n Gedeelte van die gebou was gebruik vir die opberging van voedselvoorrade, en 'n ander vertrek, wat vandag gebruik word as 'n eetsaal, was gebruik as 'n kerk. Hierdie toestande het nog bestaan, toe die Britse troepe in 1914 vertrek het om deel te neem aan Wêreldoorlog I. Gedurende die oorlog was die Roberts Heights-gebied deels gebruik vir die internering van Duitse burgerlikes, en deels vir die opleiding van S.A. troepe wat aan die oorlog sou deelneem. Gedurende hierdie tydperk en selfs later ten tye van die griep epidemie van 1918, was gedeeltes van die gebou gebruik om die oorloop van pasiënte van die militêre hospitaal te huisves.

Gedurende Maart 1920, is die opleidingsinrigtings vanaf Bloemfontein en Potchefstroom in die Roberts Heights-gebied gekonsentreer. Teen hierdie tyd was die gebied reeds aan die Unieregering oorhandig. 'n Interessante staaltjie in verband met die oorhandiging word vandag nog deur sommige van die destydse lede van die Weermag vertel. Die afdeling wat agtergelaat was om die gebied te oorhandig, het bestaan uit drie senior onderoffisiere wat belas was met al die formaliteite, maar hulle het geen opdrag gehad wat betref die koopprys nie. Alles het voor die wind gegaan met die oorhandigingsproses totdat die kwessie van die koopsom te berde gebring is deur die Unieregering-vertegenwoordiger, mnr. Eddie Rooth, die voormalige militêre regsadviseur vir Pretoria. Ná 'n lang geredekawel is daar besluit dat, volgens Britse regsprosedure, daar wel op 'n koopsom besluit moet word om die Akte van Oorplasing geldig en wettig te maak. Dit word vertel dat een van die onderoffisiere uiteindelik gesê het: „Oh, well, Sir, . . . make it three beers”, en daar is vandag nog baie van die ou militêre persoonlikhede wat glo dat die S.A. Militêre Kolege geruil is vir drie bottels bier, of vir die bedrag van $1/6d$. Feit is egter dat die hele Roberts Heights-gebied, met al die geboue daarop na die Unieregering op 1 April 1921 as 'n gedenk oorgeplaas is. Wet 33/1922 maak voorsiening vir die oorhandiging aan die Departement van Publieke Werke, geboue ter waarde van £543,445 en paaie, omheining, watervoorsiening — en dreineringsinstallasies, voorrade en masjinerie ter waarde van £85,752, 'n totale bedrag van £539,197.

Ná die sentralisasie van die „S.A. Military Schools” in die gebied, het die ontwikkeling vinnig vooruitgegaan. Die S.A. Militêre Kolege word in 1923 gestig, met verskillende militêre takke vir opleiding, soos liggaams-opvoeding, wapenopleiding, en ander rigtings noodsaaklik vir die beroepsoldaat. Binne die kort bestek van 25 jaar het die kaal rotsagtige veld wat bedek was met rooigras, verander, eers in 'n tentdorp, toe barakke vir die Britse garnisoen (1902–1913) daarna 'n opleidingsentrum vir U.V.M.-troepe wat vir Oos-Afrika bestem was, en uiteindelik in 'n

geskiedkundige waarde, moes plek maak vir meer moderne en ruimer geboue om huisvesting aan die soldate te verskaf. As gevolg van hierdie skielike omskepping, het baie rekords en bronne van inligting wat hierdie oorsig sou vergemaklik het, verlore gegaan.

Sedert die oorlog egter, is daar snelle vordering gemaak op die gebied van die wetenskap in militêre opleiding en die tegniek het nie alleen ingrypende veranderings in militêre uitrusting teweeggebring nie, maar ook hervormings op die gebied van oorlogvoering moontlik gemaak, en hiervoor moes fasiliteite geskep word, geboue opgerig word en die algemene vooruitgang wat op Voortrekkerhoogte, veral gedurende die laaste tiental jare in hierdie opsig gemaak is, is in die ooglopend. Soos daar in ander lande wetenskaplike navorsing op groot skaal onderneem word, so sal daar op Voortrekkerhoogte verbeterings en belangrike nuwe toevoegings ongetwyfeld in die toekoms aangebring word.

BRONNE :

Pretoria and its Military Associations — Dr. Curson, Nongquai, September, 1942.
S.A. Militêre Kollege — 1947.

Verslae van die Departement van Verdediging UG 61 — UG 13.

Pretoria (1855–1955 — Artikel deur dr. Spies.
Staatskoerante en Goew. Kennisgewings.

J. C. D. LAMBRECHT.

PRETORIA SE EERSTE UNIEDAG

OP 31 MEI 1910 het die „Unieson” helder oor Pretoria opgekom. Die meeste Pretorianers was reeds vroeg op die been om die eerste dag van die nuwe staat te belewe. Talryke besoekers is deur die treine aangevoer en die hotelle was oorvol. Die strate was versier met vlae en erbeoë; alles het daar feestelik uitgesien.

Die eerste funksie dié oggend was ’n kinderfees by die dieretuin met ’n gekostumeerde kinderoptog en ander items, bygewoon deur die Burge-meester in amptelike hoedanigheid. Daarop volg om elfuur twee kerkdienste, soos ook elders oor die hele land. Dit was immers ’n dag van danksegging.

In die Grootkerk in Bosmanstraat (toe nog Kochstraat) het ds. H. S. Bosman ’n groot gehoor toegesprek, waaronder sewe nuwe ministers: genl. Hertzog, F. S. Malan, A. Fischer, De V. Graaff en ander — asook bekende figure soos genl. Beyers, genl. S. W. Burgers en verskeie diplomate. Die tema van die preek gaan oor die wêreldse gees wat in die politiek en die openbare lewe van die dag ingekom het. Daar word nie meer gevra na die geloof van die kandidaat vir die parlement nie. Die

predikant vind die onderwyswet bedenklik omdat godloënaars ook onderwysers kan word. Hy betreur die feit dat die naam van God nie in die Suid-Afrikawet voorkom nie.

'n Engelse diens is in die katedraal in Schoemanstraat gehou waar die nuwe Goewerneur-generaal, burggraaf Gladstone, met sy lyfwag, kleurvolle husare, asook verskeie ministers en ander hoogwaardigheidsbekleërs aanwesig was.

Daarop volg om twaalfuur die hoofseremonie, die insweringsplegtigheid in die Ou Goewermentsgebou. „Mooie Winterzon glinstert over Pretoria's te ruime Kerkplein. Voor 't Gouvernementsgebou staat sinds elf uur voormiddags 'n roerloos vierkant van roobaatjes, want 't is 31 Mei en om twaalf uur zal de Gouverneur-Generaal worden ingezworen”. Aldus *De Volkstem*.

'n Skitterende prosessie volg die Goewerneur-generaal: die diplomatieke korps, kol. Beves, maj. Fitzgerald, lord Methuen, maj.-genl. Hodfield; daarna die regters: sir Henry de Villiers, sir James Rose Innis, sir William Solomon, sir Johannes Wessels, sir William Smith en regter Bristowe; daarna die Eerste Minister, gnl. Louis Botha, gevolg deur sy kabinet.

Binne in die saal, die Ou Raadsaal van die Republikeinse Volksraad, neem lord Gladstone die stoel van die speaker in. Daarop lees Stanley, sy Privaat Sekretaris, die aanstelling van lord Gladstone as Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika voor, wat deur Fockens, Sekretaris van die Eerste Minister, in Hollands herhaal word.

Hoofregter sir Henry de Villiers neem daarop die plek van die Klerk van die Huis in en beëdig lord Gladstone. Laasgenoemde lê twee ede af; eers sweer hy trou aan die Koning van Engeland en vervolgens getrouheid as Goewerneur-generaal. Hierna oorhandig hy 'n koevert aan genl. Louis Botha wat dit net oopmaak en dan teruggee, en daaruit lees die Goewerneur-generaal toe die name van die nuwe ministers af wat een na die ander die eed aflê. Hulle is: genl. Louis Botha, Eerste Minister; genl. J. C. Smuts, Minister van Binnelandse Sake; J. W. Sauer, Minister van Spoorweë; genl. J. B. M. Hertzog, Minister van Justisie; F. S. Malan, Minister van Onderwys; H. C. Hull, Minister van Finansies; A. Fischer, Minister van Lande; H. Burton, Minister van Naturelle Sake; C. O'Grady Gubbins, Minister sonder Portefeulje; F. R. Moor, Minister van Handel; P. D. de V. Graaff, Minister van Pos- en Telegraafwese en Openbare Werke. Een na die ander kom hulle by die aflees van hulle name na vore en word beëdig.

Hiermee is die plegtigheid afgelopen. Die Unie van Suid-Afrika het nou 'n regering en het daarmee in werklikheid tot stand gekom.

Daardie middag is 'n atletiekbyeenkoms met fietsreisies op die Caledonian-terrein gehou en die aand is die feesdag met vuurwerk afgesluit.

„Zuid-Afrika is verenigd. 't Is nog als 'n droom,” aldus *De Volkstem*.

Oor die algemeen het die pers die dag en die gebeurtenis toegejuig. „Feeling everywhere is one of thoughtfulness and rejoicing for a national foundationstone well and truly laid,” so lui die *Star* se kommentaar. Die Londense *Times* noem dit „a day of high hopes and enobling memories, a day of peace and union, hallowed by the sufferings and sacrifices of the past.”

Allerlei boodskappe en terugblikke word gepubliseer. Genl. Botha se boodskap lui: „Harten zoowel als landen moeten verenigd worden.” Genl. Schalk Burgers voel asof hy op ’n bergpunt staan en die hele vlakte van die verlede kan oorsien, die verlede met al sy swaar, smart en bitterheid wat nou oorwin is. Hy meen dié dag is ’n bewys dat die offers van die verlede nie tevergeefs was nie. Hy wys egter op probleme wat nog onopgelos is: die Protektorate moet nog ingelyf word, ’n uniforme onderwysstelsel is noodsaaklik, die verdeelde hoofstadstelsel sal moet gewysig word, die naturellevraagstuk sal moet opgelos word. Gelukwensings van verskeie state uit die Gemenebes, asook van ander buitelandse offisiële instansies, word gepubliseer. Die laaste boodskap van pres. Kruger word weer eens afgedruk. En dan ’n gedig van Jan F. E. Celliers: „Hier is my hart en hier my hand, neef Brit . . .”

F. J. DU T. SPIES.

DIE UNIEGEBOU

MET die oprigting van die Uniegebou in Pretoria is ’n nuwe mylpaal in die ontwikkeling van die boukuns in ons land bereik. Die gebou is die meesterstuk van sir Herbert Baker wat, hoewel Engelsman van geboorte, deur bemiddeling van Cecil Rhodes lank genoeg in ons land vertoef het om deeglik bekend te raak met ons tradisionele boustyl en met ons besondere klimaats- en maatskaplike omstandighede. Toe hy dus die opdrag kry om die Uniegebou te ontwerp, was dit nie ’n geval van ’n vreemdeling wat van buite ingeroep word om hierdie belangrike werk te doen nie. Om hom daarmee te help, het hy ’n bekwame personeel van jong argitekte opgebou waaronder daar gebore Suid-Afrikaners soos dr. Gordon Leith en mnr. V. S. Rees-Poole was.

Baker was ’n goed-onderlegde student van die Griekse en Romeinse boukuns sowel as ’n baie bekwame argitek, en met die vrye keuse wat aan hom verleen is in die ontwerp van die gebou het hy dan ook iets voortgebring wat as die kroon op sy studie en ervaring beskou kan word. Die ontwerp en beplanning van die gebou is monumentaal en klassiek-Renaissance van karakter met ’n Kaaps-Hollandse geur in die besonder-

hede, veral van deure en sommige vensters. As 'n mens die gebou moet verbind aan wat daar in Europa aan dergelike geboue te sien is, dan sou 'n mens sê dat dit aan die Italiaanse paleise herinner; daar is definitief iets te bespeur van die argitektuur van die Middellandse Seekus, en waar ons klimaat en landskap nogal heelwat ooreenkoms met dié van laasgenoemde besit, was dit dan ook in dié opsig paslik dat die Uniegebou so'n Suid-Europese stempel sou dra.

Mnr. Rees-Poole verstrek 'n paar interessante feite in verband met die Uniegebou. Hy sê dat aan Baker vrye keuse van terrein toegestaan is, en dat hy ernstige oorweging aan twee persele geskenk het. Die een was die Muckleneukheuvel en die ander Meintjeskop. Eersgenoemde sou 'n noordelike en dus sonnige vooraansig aan die gebou gegee het, want die plasing daarvan sou bo-op die heuvel gewees het, met die uitsig oor die stad. Die uitsig vanaf Meintjeskop oor die stad is in suidelike rigting, en as die gebou daar geplaas word, sou die vooraansig daarvan immer in die skaduwee wees. Baker was baie besorg hieroor want hy wou natuurlik baie graag die sonlig op sy gebou se hoofaansig sien val. Die veel meer indrukwekkende ligging van Meintjeskop het egter die deurslag gegee.

Halfpad teen die heuvel was ook 'n natuurlike platform wat byna soos 'n Akropolis oor die stad uitgestaan het, en daarop wou Baker graag sy meesterstuk sien verrys. Die fatsoen van die platform het 'n gebou met sy lengte van oos na wes voorgeskryf in die middel waarvan Baker graag 'n amfiteater wou beplan. Aan weerskante hiervan het hy toe 'n toring geplaas waarmee hy die twee hoofbestanddele van ons volk — Afrikaans- en Engelssprekend — wou simboliseer, met die verdere gedagte om in die middel, en hoër op teen die heuvel, 'n lae, maar fokale, gebou te plaas wat 'n biblioteek of gedenksaal kon wees. Hiermee wou Baker die samekoms van die twee rasse in die Unie van Suid-Afrika uitbeeld. Die fokale gebou is egter nooit opgerig nie, en dit is baie jammer, want nou sien ons vandag die sustertorings aan weerskante van die amfiteater en geen sterk element in die middel waarop die oog kan rus nie.

Daar is nogtans groot krag in die ontwerp van die amfiteater en die torings aan weerskante. Baker se idee om die kolonnade wat agter om die amfiteater loop, op 'n hoër vlak as die vloer van laasgenoemde te plaas, was 'n inspirasie. Dit het meegebring dat 'n halfronde trap en terrasse vanaf die amfiteatervloer moet uitklim na die kolonnadevlak, en skep die indruk van 'n Griekse teater wat ook so in 'n kom langs die hellings van 'n holronde heuvel uitgelê is. Met die plasing van die rostrum in die middel van die amfiteater het Baker in die vooruitsig gestel dat publieke samekomste daar sal plaasvind, soos trouens al dikwels die geval was. Vir hom was dit 'n aantreklike gedagte want in sy breë konsepie van die ontwerp was eerste en hoogste in sy gemoed altyd dat die gebou die volk moet dien en vir hulle die blywende teken van volkswaardigheid en eenheid moet wees. Hy het dus probeer uitvoer wat

Christopher Wren, die ontwerper van die St. Paulus-Katedraal, eenmaal gesê het: „Die boukuns het 'n staatkundige funksie; publieke geboue is die versiering van 'n land, hulle bevestig die bestaan van 'n volk, en trek mense en die nywerheid na daardie land. Hulle skep liefde by die volk vir hulle land, en hieruit word groot daede in die volksgeskiedenis gebore.”

Van ver gesien, is die uitstaande element van die gebou die rooi pannedak wat onafgebroke oor die hele lengte van 900 voet strek. Dit dien as band om die eenheid van die gebou te bewaar, en daaraan 'n horisontale voorkoms te gee. Op hierdie wyse behou Baker verband met die lang heuwel waarop die gebou staan. Sy ontwerp bots dus nie met die natuur nie, trouens dit pas so mooi daarby aan, ook wat die uitleg van terrasse en gebruikmaking van die val in die grond betref, dat hierin miskien die grootste meriete lê.

In hulle waardige eenvoud en krag besit die vier pawiljoene, wat aan die ente van die oos- en wesblokke vooruitstaan, byna 'n Griekse grootsheid. Die binneste twee staan net voor die twee torings waarmee hulle maklik 'n disharmonie kon uitmaak het, maar so kunstig is die hand van Baker dat hy maar al te goed weet hoe om die verskillende elemente in sy ontwerp saam te snoer om 'n eenheid te vorm. Hy vermy betekenislose versiering aan die gebou en verkry sy effek met 'n sorgvuldige gebruikmaking van materiale en die val van sonlig en skaduwee op sy muurvlakke.

Dit kan met waarheid gesê word dat Baker sy hele konsepsie ondergeskik gemaak het aan 'n oorheersende idee, net soos Perikles wat met die beplanning van die Akropolis-heuwel van Athene die tema aan die Griekse volk wou voorhou dat die staat van goddelike oorsprong is en almal se respek en liefde moet verg.

A. L. MEIRING.

(Met erkenning aan: *Pretoria* (1855-1855), en daarin: *Stadsbeplanning en Boukuns in Pretoria: 'n Terugblik.*)

DIE PRETORIASE STADSAAL

DIE Nuwe Stadsaal van Pretoria is geleë tussen Paul Kruger-, Visagie-, Bosman en Minnaarstraat. As 'n mens dan nou van 'n nuwe stadsaal praat, word daar onmiddellik geïmpliseer dat daar ook 'n ou stadsaal moet wees. Hierdie ou stadsaal wat tans deur die Stadsraad van Pretoria gebruik word vir die doel van munisipale kantore, staan in Pretoriusstraat, tussen Andries- en van der Waltstraat. Die Nuwe Stadsaal is nog 'n betreklike jong gebou wat pas in die jaar 1935 in gebruik geneem is. Sedertdien het dit egter 'n onmisbare plek in die kulturele lewe van die



Die Stadsaal van Pretoria op Pretoriusplein.

Administratiewe hoofstad van die Unie van Suid-Afrika geword. Daar word simfoniekonserte uitgevoer, wêreldberoemde sangers tree daar op en ander kulturele samekomste soos volkspele, kunswedstryde, ens., vind daar plaas.

DIE GROND WAAROP DIE STADSAAL OPPERIG IS.

DIE Nuwe Stadsaal is opgerig op die ou Pretoriusplein. Aan die ooste- sowel as aan die westekant van die plein was daar nog vier erwe, met ander woorde, Pretoriusplein het nie aan Paul Kruger- en Bosman- straat gegrens nie. Daar kan net terloops opgemerk word dat Paul Krugerstraat destyds bekend was as Markstraat. Die agt erfnummers is die volgende: 877, 878, 881 en 882, geleë aan Bosmanstraat; en 879, 880, 883 en 884, geleë aan Paul Krugerstraat. Pretoriusplein se nommer is 2537. Erwe 879 en 883 wat aan die oostekant van die plein gegrens het, is later met die plein gekonsolideer ten einde 'n groter oop ruimte te verkry.

Erwe 880 en 884, geleë aan Paul Krugerstraat is op Junie 1887 kragtens 'n besluit van die Volksraad aan die Ned. Herv. Gemeente van Pretoria toegestaan. Die voorwaarde was dat die eienaar 'n jaarlikse „recognitie” van 10/- Sterling aan die Regering moes betaal. Die Akte van Transport is op 3 September 1888 deur die President self onderteken.

Erwe 877, 878, 881 en 882, met ander woorde die vier erwe wat aan die westekant van Pretoriusplein geleë is, is kragtens 'n besluit van die Uitvoerende Raad gedateer 15 Augustus 1888, van die Goewerment aan 'n sekere Christiaan Pieter Pretorius van die distrik Standerton oorgedra. Die jaarlikse „recognitie” van 10/- was ook in hierdie geval betaalbaar en die Akte van Transport is ook deur die President persoonlik onderteken in 1895.

Artikel 436 van bogenoemde besluit wat op hierdie saak betrekking het, is heel interessant. Dit lui soos volg:—

„Aan die orde Minute R.8167/87 inhoudende Uitvoerende Raads Besluit Art. 506 dd. 30 November 1887 re aan-koop halve erf van den Heer Christiaan Pretorius gelegen aan het Kerkplein van Pretoria. De Uitvoerende Raad na alle omstandighede van deze saak in overweging genomen te hebben en gezien het antwoord van de Regering dd. 6.4.88 besluit de handeling van die Regering goed te keuren en met wyziging van het tweede gedeelte van genoemde Uitvoerende Raadsbesluit te bepalen dat die gezegde Christiaan Pretorius by het geven van Transport van gezegde halve erf sal ontvangen een som van £1,500 en 4 erven gelegen boven in het dorp by de aan te leggen plein en den Registrateur van Acten op te dragen Transport te ontvangen van het halve erf en tegeven van het 4 erven en Nos. 877, 878, 881 en 882 en den Ouditeur Generaal op te dragen die rekening te ouditeuren.”

Dit blyk dus uit bogenoemde dat Christiaan Pretorius 'n halwe erf, geleë aan die huidige Kerkplein, besit het. Hierdie halferf het hy aan die Goewerment oorgepra in ruil vir die vier erwe wat hierbo genoem is plus 'n bedrag van £1,500. Dit gee 'n mens ook 'n aanduiding van wat die waarde van grond in daardie jare in die sentrale gedeelte van die destydse Pretoria was. (Die halwe erf aan Kerkplein is destyds deur die regering aangekoop met die oog op die oprigting van die Tweede Ou Goewermentsgebou.—Red.)

Hierdie vier erwe asook die twee wat aan die Ned. Herv. Gemeente van Pretoria behoort het, is later (1909) weer aan die Goewerment van Transvaal oorgepra. Dit het toe die eiendom van die Regering gebly tot in 1917 toe al die erwe deur die Pretoriase plaaslike bestuur van die Regering verkry is, in ruil vir die Gedeelte 28 van die plaas „Pretoria Town and Townlands.” In 1931 is Pretoriusplein ook aan die Stadsraad oorgepra, in welke jaar die hoeksteen van die Nuwe Stadhuis ook gelê is.

DIE STADSAAL.

NA langdurige onderhandelings met die Provinsiale Administrasie ten opsigte van die finansiering van die oprigting van die stadsaal, is die gebou uiteindelik in 1935 teen 'n koste van nagenoeg £300,000 voltooi. Die aanlê van die tuine en andere items het 'n verdere bedrag van £33,000 geveerg. Die offisiële opening het op 6 Desember 1935 plaasgevind en is waargeneem deur sir Johannes Wessels. Die gebou is ontwerp deur 'n Pretoriase argitek, mnr. J. Lockwood Hall. Dit is interessant om te weet dat volgens die oorspronklike planne, voorgelê deur die argitek, die Stadhuis van buite heelwat anders vertoon het as wat dit tans daar uitsien. Daar was onder andere twee torings aan weerskante van die gebou. Daar is egter van die tweetoringgebou afgesien vanweë die ooreenstemming wat so'n ontwerp met dié van die Uniegebou sou gehad het. Derhalwe is daar vandag net een toring op die Stadhuis.

Ander persone wat direk met die oprigting van die gebou gemeoid was, was die volgende: mnre. T. Moore en D. S. Mann, bestekopmakers; mnr. J. J. de Jongh, Klerk van Werke; en mnr. J. A. Tilburg, raadgewende ingenieur. Die firma Campbell en Campbell van Pretoria was die bouaannemers van die fondament en die firma Clark en Downie was verantwoordelik vir die bogenoemde.

Met die ingebruikneming van die Stadsaal, het die Pretoriase Stadsraad uit die volgende persone bestaan: Burgemeester Ivan Solomon, onderburgemeester B. J. Swart, raadslede W. H. Atteridge, M. P. Atteridge (mev.), George H. Brink, J. J. Cooke, H. W. Dely, W. H. Hofmeyr, Frank Hopf, F. Walton Jameson, D. Junor, Theo. Lorentz, J. Patmore, S. Rutowitz, A. B. Sidey, A. Stuart, P. T. van der Walt en P. M. van Leer. Die Stadsklerk en Stadsingenieur was onderskeidelik mnre. M. G. Nicolson en G. Storrar.

Die Stadsaal is omring deur goedversorgde tuine. Aan die voorkant, dit wil sê die oostekant van die gebou, staan die indrukwekkende standbeelde van Andrius en Marthinus Wessel Pretorius, die man na wie die stad vernoem is en die stigter daarvan, onderskeidelik.

Die gebou met sy toring verrys 155 voet bo die grond. Die fondament van grys graniet tot op die dekblad is eenvoudig gebou en die boonste gedeelte is in vry Renaissance-styl. Die dak is van teëls, volgens Italiaanse patroon en in Pretoria vervaardig. Aan die kant van die oostelike vleuel, is 'n wandelpad en dien as die hoofingang. Die ingang is in die boutrant van die Renaissance-tydperk met 'n voorkant van tien soliede granietpylers wat elk 32 voet hoog is. Dit bestaan uit ses segmente met 'n soliede kapiteel bo elkeen, alles met die hand gemaak. Op hierdie struktuur rus 'n massiewe kroonlids en lidswerk waarvan laasgenoemde deur mnr. Coert Steynberg van Pretoria uitgehou is volgens ontwerpe wat die vooruitgang van die stad voorstel sedert die vroegste tye, tot die huidige beskawing van vliegtuie en staalwerke.

Een van die merkwaardigste argitektoniese kenmerke van die gebou is die ontwerp van die toring wat saam met die hoofingang die indrukwekkende voorkant van die gebou vorm. Vanaf die toring, 155 voet hoog, kan 'n pragtige uitsig oor die stad en omliggende dele verkry word. In die kloktoring is die klokkespel en 'n horlosie. Die klokkespel wat uit 32 klokke bestaan, is deur mnr. George Heys, eienaar van Melrose-huis, geskenk. Die hele toring kan verlig word deur besonder sterk en bedekte elektriese ligte.

Die hoofsaal is 103 voet in die vierkant en bykans 50 voet hoog met 'n verhoog van 60 by 40 voet. Die dansvloer is van Lusanga-hout wat uit die Belgiese Kongo verkry is. Die hele saal word verlig deur een groot kandelaar wat $3\frac{1}{2}$ ton weeg, ontwerp deur die argitek. Die lampe en die ligreflektors in die kandelaar is so aangebring dat dit 'n besondere ligverspreiding verskaf. Gekleurde gloeilampe van rooi, blou en groen is in die kandelaar aangebring en deur die hantering van 'n regulator kan byna enige tint verkry word. Wanneer 'n sterk lig verlang word, word gebruik gemaak van reflektors in die kandelaar wat spesiaal vir die doel ontwerp is. Die kandelaar self is van ru brons gemaak ten einde ligweerskaatsing in die sal te voorkom wanneer die filmprojektor in gebruik is. Die verbruik van elektriese stroom vir wit lig is 23.6 K.W. en 45 K.W. as die gekleurde lig daarby gebruik word. (Gewone gloeilamp ongeveer 60—75 W.)

Die groot orrel in die stadsaal word beskou as een van die belangrikste orrels in die wêreld omrede sy grootte, klank en verskeie kenmerke ten opsigte van kontrole.

Aangesien die argitek van die gebou en die orrelontwerper nou saamgewerk het, kan die orrel met reg as een van die besgeplaaste orrels bestempel word. Dit is ontwerp deur mnr. John Connell en vervaardig

deur die W.W. Kimball-maatskappy van Chicago. Daar is goed oor die sestienduisend orrelpepe waarvan party honderd persent tin is. Die instrument bevat meer as 'n honderdduisend elektriese kontakte van verskillende soorte.

Die speeltafel is so ingerig met al sy kunstige geriewe, dat dit die orrel, ondanks sy enorme grootte, geredelik maklik hanteerbaar maak; daar is ongeveer honderd-ses-en-veertig registerknoppe, vier-en-vyftig komposisieknoppe by die klawers en nog agt algemene komposisieknoppe. Elkeen van hierdie meganiese middels op die speeltafel het sy eie doel.

Die firma Cooper Gill en Tomkins (Eiendoms) Beperk het die orrel opgerig. Dit is in ses vertrekke geplaas, waarvan vier bokant die podium-boog geleë is en twee aan weerskante van die verhoog. Die orrelkas en die rooster wat uit hout vervaardig is, is deur mnr. John Harcus gemaak na die ontwerp van die argitek.

Benewens die Stadsaal self en die Pretoriussaal huisves die gebou ook die ontvangkamers van die Burgemeester en Burgemeestersvrou, die raadsaal waarin die Stadsraad vergader, die kantore van die Stadsklerk en sy personeel en die munisipale kunsversameling.

BRONNE :

- (1) Landregister by die Akteskantoor te Pretoria ten opsigte van Erwe Nrs. 877—884 en 1273 geleë in Pretoria.
- (2) Aktes van Transporte Nrs. 4866, 4867, 4868 en 4869 van 1895.
- (3) Kroongrondbrief Nr. G.158/31.
- (4) Die gedrukte program van die verrigtinge tydens die opening van die Stadsaal (6 tot 10 Desember 1935) en 'n brosjure uitgegee tydens dieselfde geleentheid onder die titel „NUWE STADSAAL PRETORIA 1935”.
- (5) LANTERN, Jaargang 5 Nr. 2 (Okt. — Des. 1955).
- (6) „CENTENARY ALBUM, Pretoria's first century in illustration” uitgegee deur die Stadsraad van Pretoria — 1952.

W. J. ERASMUS.

BEKENDE HELDE-AKKER VAN SUID-AFRIKA

TEEN sononder op Saterdag, 30 Augustus 1958, was die aandag van die ganse Suid-Afrika by 'n ope graf onder die ranke sipresse van die Ou Begraafplaas in Pretoria; 'n klein groepie mense binne, 'n magtige skare buite en tienduisende in stilte voor die radio oor ons wye land versprei.

Reeds enkele dae voor die begrafnis van wyle die Eerste Minister was dit bekend dat daar ná baie jare weer een van Suid-Afrika se groot seuns

ter ruste gelê sou word in die historiese dode-akker wat byna so oud is as Pretoria se eie 103 jaar.

Onwillekeurig het die gedagtes teruggegaan na daardie sombere Dingaansdag, vier-en-vyftig jaar gelede toe 'n bedroefde volk die stoflike oorskot van Paul Kruger van Kerkplein na hierdie selfde vredehof gevolg het.

Ook sy laaste trek was van Kaapstad tot hier in die stad waar hy sy lewenswerk lank verrig het. Sy skof was inderdaad nog veel langer: van die sneuspitse van Switserland, na die ou stamland Nederland; van Rotterdam oor die oseaan na die land van sy geboorte wat hy nie in die lewe meer mog sien nie.

„Ontvang de balling die na 't zwerven
Kom rusten in uw moederschoot
Al moest hij vriend en maagschap derven
Hij vind ze weder in den dood.”

So het 'n digter in 1904 Pretoria toegeroep.

MILNER

OR Transvaal het die skamele klee van die armoede nog gelê. Die wonde was nog rou in die oorrumpelde Boererepublieke. Die kille woord van Milner was wet en Boerehande wat Kruger na sy graf gedra het, was nog die hande van vreemdelinge in eie stad en land.

In hierdie kerkhof het Pretoria toe reeds sedert ruim veertig jaar sy dodes begrawe. Nie almal was volksfigure nie, sommige eenvoudige inwoners van die dorp wat ná 1855 aan die Apiesrivier gegroei het. Dit was die dorpsbegraafplaas, hoewel nie die eerste nie. (Die vroegste Voor- trekkergrafte het in Elandspoort gelê waar die spoorweg nou na Delagoabaai wegswaai.)

In 1861 het Carl F. Preller, een van die vroegste ingesetenes, die owerheid genader om 'n kerkhof aan te lê. Eers in 1868 is 'n vergadering van die publiek byeengeroep en 'n komitee gekies wat die Uitvoerende Raad genader het.

REGULASIES

EEN van die lede was S. J. Meintjies (na wie Meintjieskop genoem is omdat dit vroeër sy grond was) en 'n ander was landdroos William Skinner wat vandag in die kerkhof begrawe lê. Die regulasies vir die kerkhof is opgestel en in 1868 bekragtig. Dit sou twee blokke erwe met strate en al beslaan. Elke familie sou teen betaling van £5 'n perseel van 21 voet vierkant kon bekom.

Wie vandag deur die vredege stilte van die ou rusplaas wandel, bevind hom in geselskap van mense van uiteenlopende stand en ras wat deel gehad



Die Krugergrafte in die Ou Kerkhof.

het aan die geskiedenis van Pretoria en van Transvaal. Daar lê Skotte, Iere, Jode, Hollanders, Engelse, Portugese, Swede, Amerikaners en Duitsers. Uit die Eerste Vryheidsoorlog is daar soldate wat tydens die beleg van Pretoria gesterf het, en uit die Tweede Vryheidsoorlog 'n hele graf-akker met Britse soldate (o.w. prins Christian Victor von Schleswig-Holstein, kleinseun van koningin Victoria).

BURGERS

IN 'n ander gedeelte van die kerkhof lê ook die grafte van Transvaalse burgers van wie die meeste by Ladysmith in die Slag van Platrand op 6 Januarie 1900 gesneuwel het. Kronologies is die Ou Begraafplaas blykbaar uit die westekant gevul. Daar lê die oudste grafte: kaptein J. H. M. Struben, 'n Hollandse marine-offisier wat in 1869 in die ouderdom van 63 jaar oorlede is. Hy was een van die heel eerste inwoners van Pretoria en sy seuns Henry en Fred se name is verbonde aan die Randse goudontdekkings.

Vlakby lê Bernhard C. E. Proes, 'n knap jong Hollander uit Doorn wat eens Staatssekretaris was en in 1872 op sonderlinge wyse gesterf het. Sy naam is aan 'n straat in Pretoria gegee. Onder die oudste grafte is dié van John Robert Lys (uitgespreek Lis) eerste Engelsprekende wat lid van die Volksraad in Transvaal onder M. W. Pretorius se presidentskap was, en sy seun Robert, pionier op die Witwatersrand. Hier lê ook Du Preez-grafte, lede van die eerste Voortrekkers wat herbegrawe is uit Elandspoort.

Onderweg ooswaarts (stad se kant toe) is daar Zeederbergs (van poskoetsfaam), George Heys (bekendste van die vroeëre koetsbase). In sy huis is die Vrede van Vereeniging geteken. Hier lê manne wie se name 'n halfeeu gelede elkeen in Pretoria geken het: Leith, Walker, Maxwell, Clarke, Bourke en die alombekende T. W. Beckett.

Ons begin Republikeinse name teenkom: C. J. Bodenstein (eens vise-president van Transvaal; Dirk van Velden (notulehouer saam met ds. J. D. Kestell by Vereeniging); die seun Thomas Francois Roland-Holst Burgers, seun van die laaste president vóór 1877; ds. Goddefroy wat so dikwels die Volksraad met gebed geopen het; genl. Niklaas Smit, held van Ingogo en later vise-president. Sy grafskrif: „Laat nooit het bloed der Vaderen / verbasteren in uw aderen, / Och, dat de latere zonen / Zich hunner waardig toonen.”

Ons stap voort: genl. Jan Kock, gesneuwel te Elandslaagte; Jouwert Turkstra uit Friesland -- wie in Pretoria ken die naam nie?; Franken, die boumeester; J. de V. Roos wat as jong man in 1891 met Eugène Marais die blad „Land en Volk” bestuur het; J. J. (Koo) Meintjes, die kruppel Registrateur van Aktes; C. F. Ziervogel, ryk sakeman; Tielman de Villiers,



aristokraat van Pretoria (oom Tielman van Bellevue); Magnus Forssman, Sweedse landmeter en kaarttekenaer; Louis Devereux, wat ná 1855 die eerste kerk op Kerkplein help bou het; Nellmapius, die Hongaar wat eens die hele Republiek op horings gehad het; W. H. Schröder, briljante kunstenaar en spotprenttekenaer, vroeg gestorwe in 1892 toe hy maar 41 was; Melt Marais, veldkornet en gesiene Pretorianer.

STRIJDOM

RONDOM die plek waar blommekranse die vars graf van J. G. Strijdom aandui, rus baie wie se name ons volk in ere hou. Daar is Jan Celliers („Jan Volkstem”) wat in 1873 sy blad in Pretoria kom oprig het, en sy alombemide digter-seun Jan F. E. Celliers, wat ons „Die Vlakte” geskenk het. Vlak naas hulle rus Eugéne Marais en sy eggenote Lettie wat hom so tragies ontval is in sy jeug. Daar lê regter S. G. Jorissen (seun van die ou regter dr. E. J. P. Jorissen).

Oorkant die paadjie rus die Voortrekkerheld Andries Pretorius, van sy plaas Rust der Ouden in Magaliesberg hier herbegrawe in 1891. By sy graf was Paul Kruger (wat hom as veldkornet geken het) aanwesig. Naas hom staan die grafmonument vir Andries Potgieter (die oorskot rus nog in Soutpansberg). Aan dieselfde kant president Burgers en sy eggenote, dan Henning Pretorius, stoere kommandant van die staatsartillerie, seun van Debora Retief, by hom sy seun Lood, knapste kanonskut van al die Boere-artilleriste, begrawe.

JOPIE

DAAR ginds rus Gert van Niekerk, eerste administrateur en kortstondige „president” van Stellaland se republiek, oorlede as polisie-kommissaris in Pretoria. Daar sien ons ook die graf van Stephanus Schoeman, politieke leier in die dae van burgeroorlog in Transvaal.

Laat ons die wandeling tussen die sipresse afsluit by die swart marmersuil waar Jopie Fourie lê, nie ver van waar Kruger se wit borsbeeld oor sy eie beendere die wag hou nie. Hier is Jopie uit sy onbekende tronkgraf deur sy Afrikanervriende herbegrawe. „Getrou tot die dood — geoffer vir Volk en Vaderland.”

W. J. DE KOCK.

(Met erkenning aan *Die Vaderland*, 10/10/1958.)



'N PRINS LÊ BEGRAWE IN DIE OU KERKHOF/A PRINCE LIES BURIED IN THE OLD CEMETRY: Prins Christian Victor L.E.A. von Schleswig-Holstein, kleinseun van koningin Victoria/Prince Christian Victor L.E.A. von Schleswig-Holstein, grandson of Queen Victoria/Vide: Davey, A.M.: Prince Christian Victor, Pretoriana, Nrs./Nos. 26 & 27, 1958.

By geleentheid van twee Algemene Vergaderings van die Genootskap Oud-Pretoria het een van ons lede, prof. dr. T. H. le Roux, die dringende behoefte aan 'n wandelpark in Pretoria onder die aandag gebring. Wat hier volg is 'n voorlopige memorandum wat deur prof. T. H. le Roux opgestel is en wat moes dien as 'n basis vir bespreking tydens 'n aangevraagde onderhoud met die Stadsraad of een van sy Komitees. Uit 'n skrywe van die Stadsklerk, d.d. 28 Mei 1959, blyk dit dat die Komitee van die Raad aan wie die versoek gerig is, afwysend besluit het.

'n Voorstel vir die Uitleg van 'n Wandelterrein in Pretoria

RUIM wandel­terrein — waar geen voertuie toegelaat word nie — is 'n volstrekte en steeds klemmender wordende vereiste vir 'n groot en groeiende stad soos Pretoria, bowendien die Administratiewe Hoofstad van die Unie van Suid-Afrika. In ons land met sy groot ruimtes en dun bevolking word die noodsaaklikheid van sodanige ontspanningsterrein deur baie nie gevoel of na behore gevoel nie. Baie van ons moet genoeg loop om ons werk te verrig, sodat die behoefte aan 'n ontspanningsterrein nie sterk gevoel word nie. En solank as 'n mens nog nie oud is nie en die nodige gesondheid geniet, het jy aan die een of ander sport genoeg. Ewenwel moet ook gedink word aan die oueres en die minder gesondes en aan die kinders: dis 'n besliste vereiste dat binne behoorlike bereik vir die sodaniges 'n ontspanningsterrein bestaan, waar hulle na hartelus kan wandel sonder enige gevaar van deur 'n vervoermiddel raak- of omgery te word. Trouens, lank nie slegs vir meer gevorderdes in leeftyd, vir siekes en kinders is sodanige ontspanningsterrein 'n volstrekte noodsaaklikheid nie, maar nie minder ook vir jongeres en gesondes nie. Immers, elke gesonde volwassene het behoefte aan sodanige ontspanningsterrein, waar na hartelus gewandel kan word, langs rustige weë en tussen blomme, parke en bome, ongehinder deur vervoermiddele.

Europese stede het lankal voorsiening gemaak vir hierdie groot behoefte. In Londen het 'n mens p.a. die bekende *Hyde Park*, in Paris die *Bois de Boulogne*, in Berlyn die *Grünewald*. Hoe heerlik kan 'n mens op genoemde ontspanningsoorde nie wandel nie, en hoe wemel dit daar nie van groot

en klein, siek en gesond, ryk en arm op 'n Saterdagmiddag of 'n Sondag nie! Dis 'n genot om die mensdom dan daar te sien en waar te neem hoe elkeen, klein en groot, dit geniet en hoe daar ruimte vir elkeen is.

Telkens sien 'n mens hoedat in 'n stad soos Pretoria 'n straat breër gemaak of selfs verdubbel word en eilandjies, en sirkels aangelê word ten einde die verkeer van voertuie te bevorder en gevare te verminder. Uitstekend, maar aan die voetganger moet ook gedink word: dis 'n reg van oud en jonk, siek en gesond, gebreklikes en welgemaaktes dat daar ook vir hulle 'n ontspanningsterrein moet wees waar hulle kan wandel, sit en staan sonder enige gevaar vir 'n verbysnorrende vervoermiddel. En ook die jonges en gesondes het hieraan behoefte: sport en die eie tuin is nie voldoende nie.

'n Groeiende stad soos Pretoria mag volstrek nie uitstel met voorsiening te maak vir sodanige ontspanningsterrein nie, want daagliks word dit moeiliker en veral duurder om hierin te voorsien. As nie op tyd gehandel word nie, moet later geboue, ens. gesloop word om die vereiste terrein te vind. Tans is daar nog onbesette terrein wat die eiendom van die Stad is en baie geskik vir die beoogde doel. Ons dink hier aan die *Fonteine*: op die gelyktes, teen die heuwels en bo-op die heuwels is daar geskikte en ruim terrein, sonder dat huise gesloop hoef te word. En wat voorlopig aan die een kant lê, is binne nie-onafsienbare tyd nie deur die stad omring en dus langsamerhand min of meer sentraal, want 'n ontspanningsterrein soos hier beoog, moet binne behoorlike bereik wees vir arm sowel as ryk. En goed moet besef word dat 'n ontspanningsoord soos hier beoog, nie kan bestaan uit 'n paar blokke soos die omvang van Burgerspark of die park in Arcadia nie; nee, dit moet baie ruimer wees.

Die groeiende Hoofstad Pretoria mag nie uitstel om hierdie groot behoefte onder oë te sien nie. In dié verband is dit besonder opvallend en verblydend wat die Munisipaliteit van die Paarl onlangs op besluit het: by die wording van die dorp Paarl tot stad was een van die eerste besluite dat 'n ruim ontspanningsterrein langs die Bergrivier aangelê moet word: in alle opsigte 'n gelukkige en allesins navolgingswaardige besluit!

Hoërop is gesê wat op die gebied van ontspanningsoorde te sien is in stede soos Berlyn, Londen en Parys. In hierdie verband verdien dit alle aandag om kennis te neem van die feit dat die stad Amsterdam (Nederland) besig is om by die bestaande 'n ontspanningsoord aan te lê wat nie minder as drie miljoen pond (£3,000,000) sal kos nie!

Deur middel van die Stadsraad van Pretoria sal ook die Regering van ons land genader moet word om hierdie onderneming geldelik te steun: immers, dit geld die Administratiewe Hoofstad van ons Land!

T. H. LE ROUX.

Met die oog op die destyds aangevraagde onderhoud met die Stadsraad of een van sy Komitees, het prof. T. H. le Roux versoek dat die bekende Pretoriase argitek, mnr. Franz J. Wepener, ook 'n aanvullende memorandum moet opstel. Wat hier volg is enkele gedagtes wat mnr. Wepener op versoek op skrif gestel het.

'N WANDELTERREIN VIR DIE STAD PRETORIA

DIE meeste van die groot stede van die wêreld het groot parke waarin allerhande aktiwiteite plaasvind, byvoorbeeld waar kinders kan speel, waar piekniek gehou kan word, waar mense kan wandel, en waar opelug-konserte gehou kan word; m.a.w. so 'n park verskaf opelugsamekoms- en -ontspanningplekke vir die inwoners van 'n Stad. So 'n park moet naby die sentrum van 'n stad wees en moet minstens 50 tot 100 akker groot wees. Die nuwe park in Amsterdam is ongeveer 1,000 akker groot. Groot parke in plekke soos Berlyn, Londen ens., is almal veel meer as 1,000 akker groot.

Die „Fonteine” is natuurlik die geskikste plek daarvoor en dit kan nader met Pretoria se sentrum verbind word deur die terrein aan weerskante van die Apiesrivier op so 'n manier te ontwikkel dat 'n mens in die park kan stap vanaf Skinnerstraat tot by die Fonteine.

Die toekomstige Pretoria sal maar baie soos 'n woestyn van teer en baksteen wees as voorsiening nie nou al gemaak word vir die gerief en ontspanning van sy burgers van die toekoms nie. As dit aantreklik uitgelê word sal soveel mense daarvan gebruik maak dat daar geen gevaar van aanranding kan wees nie.

Die groot parke wat in ou Europa gestig was, was oorspronklik die privaat eiendom van konings en ander vorste. In plekke soos Heidelberg, Kassel, Köln, Düsseldorf, Bonn, Berlyn, Parys, Londen en nog veel meer vind mens geweldige groot parke van hierdie aard. Moet ons erken dat 'n jong demokratiese staat soos Suid-Afrika nie in staat is om sy stede, en nog meer, sy hoofstad, te versier en met oop ruimtes vir sy burgers te voorsien nie? *In plaas van ekstra parke te voorsien vir die groeiende bevolking van Pretoria, is die Stadsraad besig om nou selfs van ons oopruimtes te gebruik vir die oprigting van 'n nuwe kunsmuseum in Arcadia.*

So 'n „wandelpark” is eintlik 'n groot gelandskapte park waarin verskillende soorte bome en struik geplant is en waar daar hier en daar groot oop grasperke is. Dan van plek tot plek kan daar stroompies water en dammetjies wees. Dit is onnodig om veel gebruik te maak van blom-

beddings. Wat belangrik is, is die bome, struike, grasperke, kronkelende voetpaadjies, sitbanke, *en die feit dat dit deur 'n groen strook met die stadsentrum verbind is. Dis iets wat nie afsonderlik van die stad gehou moet word nie, maar moet 'n intieme deel daarvan wees.*

Waar daar 'n opelugmuseum beoog word kan die twee aanmekaar geskakel word. Dit moet as 'n groot long dien waar al die ongeorganiseerde ontspanning van 'n stad kan plaasvind, m.a.w. dit sal nie georganiseerde sport behels nie.

Die koste aan so 'n wandelpark verbonde is baie moeilik om vas te stel, maar dit kan seker beraam word teen 'n koste van ongeveer £500 per akker, d.w.s. 'n 100 akker park sal uiteindelik £50,000 kos om aan te lê. Dit hoef natuurlik nie alles met een slag ontwikkel te word nie, maar kan oor 'n tydperk van etlike jare gedoen word.

FRANZ J. WEPENER.

STREET NAMES.

Muckleneuk : John or Jahn Street?

VAN VOOREN'S AND OERDER'S map of Pretoria, 1889, shows the above street, which runs between Walker and Berea Streets, as JOHN ST. On the Surveyor-General's Office maps of 1892 (Von Wielligh), 1899 (Melvill) and 1906 (Gilfillan) it is however shown as JAHN ST. In a later map — 1911 (Gilfillan) — we find that it is again JOHN ST. and by this designation it has been known to this day.

The name JAHN was not merely a misprint on the maps as a Mr. L. Handley, an administrator of estates, wrote to the Town Clerk in October, 1927, and indicated that the name was changed in the time of the First World War "but the O which was painted over the A (on the name-plate) has washed off". The Town Engineer then noted that the registered name on the municipal diagrams was JOHN ST.

It has been established that a certain Wernher Jahn was proprietor of the Transvaal Hotel, Pretoria (1892—1897) and thereafter, until the Anglo-Boer War, manager of the restaurant at Park Station, Johannesburg. Is it possible that he gave his name to the street, and if not, who was JOHN? The Association's honorary archivist (Telephone 2-5543) would be pleased to hear from any Old Pretorians who can help to solve the puzzle.

A. M. DAVEY.

Gelukwensings - Congratulations

aan:

to:

Mnr. J. F. Preller met sy bevordering tot die nuutingestelde pos van Eerste Argivaris in die kantoor van die Hoofargivaris;

Dr. N. A. Coetzee met sy verwerwing van die D.Ed.-graad aan die Universiteit van Pretoria;

Prof. dr. T. H. le Roux met sy Eredoktorsgraad wat hy onlangs van die Universiteit van Pretoria ontvang het;

Dr. W. J. de Kock met sy aanstelling as professor in Geskiedenis aan die Kleurlingkollege van Wes-Kaapland in Belville;

Dr. J. M. H. van Aardt, ons nuwe sekretaris, wat einde 1959 in die huwelik getree het;

Dr. W. H. J. Punt met sy aanstelling as Direkteur van die Stigting Simon van der Stel. Ons beste wense vergesel hom op sy reis na Engeland in belang van die Stigting;

Mr. A. M. Davey on his appointment as Senior Lecturer in History at the University of South Africa.

'n Woord van dank aan:

Die Stadsraad van Pretoria wat bo en behalwe die jaarlikse geldelike toekenning aan die Genootskap Oud-Pretoria, vanjaar ook nog 'n spesiale toekenning van £100 gemaak het met die oog op die publikasie van hierdie feesuitgawe van „Pretoriana”.

Die Victoria Drukkery vir deskundige en flinke versorging van ons blad.



DIE UNIEGEBOU VANAF MEINTJIESKOP. Die Voortrekkermonument regs op die agtergrond. Links is Elandsport met die Fonteine daar agter op die plaas Groenkloof.



Genootskap Oud-Pretoria

(Gestig: 22 Maart 1948)

Association Old Pretoria

(Founded: 22 March, 1948)

Ons doel: Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

Our aim: To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

Ere-President — DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA — *Honorary President.*

THE MAYOR OF PRETORIA.

Voorsitter — D. G. W. EYBERS — *Chairman.*

Ondervoorsitster — Mej./Miss J. H. DAVIES — *Vice-Chairman.*

Sekretaris — Dr. J. M. H. VAN AARDT — *Secretary.*

Penningmeester — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*

Argivaris — Mnr./Mr. A. M. DAVEY — *Archivist.*

Redakteur — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor.*

Sakebestuurder — Mnr./Mr. C. F. HENDRIKZ — *Business Manager.*

Lede — Dr. W. H. J. PUNT — *Members.*

Mnr./Mr. J. PRELLER.

Mnr./Mr. N. A. COETZEE.

Prof. dr. W. J. DE KOCK.

Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:

Dr. J. C. OTTO,

Burgemeester/Mayor.

Bydraes moet asb. gestuur word aan: Die Redakteur, „Pretoriana”, p/a Onderwyskollege van Pretoria, h/v. Walker- en Mearsstraat, Pretoria.

Contributions may be sent to: The Editor, “Pretoriana”, c/o Pretoria College of Education, cr. Walker and Mears Streets, Pretoria.